

TITELBLADSY

DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSELS IN
DIE REPUBLIEK VAN SJINA EN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Johannes Petrus Stephanus du Toit, B.A., Hons. B.A., B.Ed.,
T.H.O.D.

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis in
Vergelykende Opvoedkunde in die Fakulteit Opvoedkunde in die
Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier : Prof. H.J. Steyn

Potchefstroom

1990

AFRIKAANSE TITEL

DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSELS IN
DIE REPUBLIEK VAN SJINA EN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Opsomming

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel of die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel van die Republiek van Sjina (Taiwan) en die vir die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika is. Deur gebruik te maak van die metode van Bereday word die resultate langsmekaar gestel en vergelyk ten einde ooreenkomste en verskille aan te dui.

Deur middel van 'n literatuurstudie en gepaardgaande beredenering is bevind dat die nasionale bewussyn wel 'n determinant van die betrokke onderwysstelsels is. Die wyse waarop elke gemeenskap tyd-ruimtelik uiting aan die nasionale bewussyn gee, is bepalend vir die besondere manier waarop dit neerslag in die onderwysstelsel vind. In die Republiek van Sjina is die kern van die nasionale bewussyn gefundeer in die 'Three principles of the people' en by die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika is dit Christelik-nasionaal. Gevolglik word die onderwysstelsel in die Republiek van Sjina bepaal deur die 'Three principles of the people' en die vir die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika deur Christelik-nasionalisme.

Navorsing dui daarop dat beide die nasionale bewussyn en die onderwysstelsel onderworpe aan die dinamika van verandering is. Daar is hedendaags wêreldwyd veranderende beskouinge oor die aard en wese van die nasionale bewussyn. In die Republiek van Sjina en die Republiek van Suid-Afrika is daar ook duidelike tekens hiervan te bespeur. Voortgesette navorsing behoort aan te dui wat die invloed op die onderskeie onderwysstelsels is.

ENGELSE TITEL

THE NATIONAL CONSCIOUSNESS AS DETERMINANT OF THE EDUCATIONAL SYSTEMS IN THE REPUBLIC OF CHINA AND THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Summary

The aim of this research is to determine whether the national consciousness is a determinant of the educational systems of the Republic of China (Taiwan) and of the Whites in die Republic of South Africa. By making use of the Bereday method results are put alongside each other and compared so as to determine similarities and differences.

By studying the literature and arguing the available facts the national consciousness was found to be a determinant of the relative educational systems. The way in which each community expresses its national consciousness in time and space determines the way in which it is reflected in the educational systems. In the Republic of China the core of national consciousness is to be found in the 'Three principles of the people' and with the Whites of the Republic of South Africa it is Christian nationalism. The educational system of the Republic of China is therefor determined by the 'Three principles of the people' and that of the Whites of the Republic of South Africa by Christian nationalism.

Research shows that both the national consciousness and the educational system are subject to the dynamics of change. The contemporary world has changing views on the being and substance of national consciousness. In both the Republic of China and the Republic of South Africa there are signs of this. Ongoing research should indicate how this will effect the different educational systems.

VOORWOORD

Hiermee wens die outeur opregte dank en waardering uit te spreek teenoor alle persone en instansies wat daartoe bygedra het om hierdie verhandeling moontlik te maak.

Besondere erkenning word verleen aan :

Prof. H.J. Steyn (studieleier) vir sy professionele leiding en volgehoue belangstelling.

My vrou, Fransie, vir baie opoffering onder moeilike omstandighede, asook haar voortdurende motivering en aanmoediging om in die studie te volhard.

Mev. Magda du Preez vir die hoë standaard van tikwerk van die manuskrip.

Dr. C.P. Bisschoff, Mede-direkteur Kommunikasiekunde, van die Technicon Pretoria vir die taalversorging van die manuskrip.

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	2
1.3	DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	5
1.4	METODE VAN ONDERSOEK	6
1.5	TERREINAFBAKENING EN HOOFSTUKINDELING	7
1.5.1	Terreinafbakening	7
1.5.1.1	Geografiese afbakening	7
1.5.1.2	Nasionale bewussyn	8
1.5.1.3	Determinant van 'n onderwysstelsel	9
1.5.1.4	Onderwysstelsel	9
1.5.1.5	Die Republiek van Sjina	9
1.5.1.6	Die Republiek van Suid-Afrika	10
1.5.2	Hoofstukindeling	10
1.6	SAMEVATTING	12
2.	DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSEL	13
2.1	ENKELE BEGRIPSVERKLARINGS	13
2.1.1	Onderwys	13
2.1.2	Indoktrinasië en propaganda	14
2.1.3	Kultuur	17
2.2	DIE VERSKYNSEL : ONDERWYSSTELSEL	17
2.2.1	Definisies van die onderwysstelsel	17
2.3	STRUKTUUR VAN DIE ONDERWYSSTELSEL	19
2.3.1	Onderwysstelselbeleid	19
2.3.2	Onderwysstelseladministrasie	20
2.3.3	Onderwyskundige struktuur	21
2.3.4	Ondersteuningsdienste	22
2.3.5	Slotsom	23

2.4	DIE ONDERWYSSTELSEL AS VERVLEGTINGSTRUKTUUR	24
2.4.1	Van primitiewe samelewing tot geordende gemeenskap	24
2.4.2	Die aard en verband tussen gemeenskapsverbande	25
2.4.3	Die plek van die onderwysstelsel in die vervlegting van samelewingsverbande	28
2.5	DETERMINANTE VAN 'N ONDERWYSSTELSEL	31
2.5.1	Inleiding	31
2.5.2	Interne determinante van die onderwysstelsel	32
2.5.3	Eksterne determinante van die onderwysstelsel	32
2.5.3.1	Die lewens- en wêreldbeskouing van die teikengroep as determinant	33
2.5.3.2	Die kultuur as determinant	34
2.5.3.3	Die samestelling van die onderwysbelanghebbende strukture as determinant	34
2.5.3.4	Demografie en geografiese omgewing van die teikengroep as determinant	35
2.5.4	Die samehang tussen determinante	36
2.6	DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSEL	36
2.6.1	Nasionale bewussyn	36
2.6.2	Verband tussen die nasionale bewussyn en die onderwys- stelsel	39
2.6.3	Evaluering van die nasionale bewussyn as determinant ...	42
2.6.4	Slotsom	44
2.7	SAMEVATTING	45
3.	DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSEL IN DIE REPUBLIEK VAN SJINA (TAIWAN)	46
3.1	HISTORIESE OORSIG : DIE LAND EN SY MENSE	46
3.1.1	Inleiding	46
3.1.2	Taiwan, 'n eiland provinsie van die Republiek van Sjina	47
3.1.2.1	Agtergrond	47
3.1.2.2	Totstandkoming van die Nasionalistiese Republiek in 1911	47
3.1.2.3	Kommunistiese oornome in 1949	49
3.1.2.4	Die Republiek van Sjina in Taiwan	51

3.2 DIE AARD EN ONTWIKKELING VAN SJINESE ONDERWYS EN OPVOEDING TOT 1949	54
3.2.1 Die onderwysfilosofie	54
3.2.2 Die strewe na vernuwing	56
3.2.3 Invloed van die onderwysfilosofie en vernuwingstrewe ...	59
3.2.3.1 Tradisionele onderwysvoorsiening tot 1911	59
3.2.3.1.1 Plaaslike onderwys.....	60
3.2.3.1.2 Distriksvlak van onderwys	61
3.2.3.1.3 Nasionale (imperiale) onderwys	61
3.2.3.2 Vernuwing vanaf 1911 - 1949	62
3.3 DIE AARD EN ONTWIKKELING VAN ONDERWYSVOORSIENING IN TAIWAN VANAF 1950	63
3.3.1 Die beginsel van onderwysvoorsiening	63
3.3.2 Uitbreiding van die onderwyskundige struktuur	65
3.3.3 Redes vir onderwysgroei sedert 1950	67
3.4 DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSEL IN TAIWAN	69
3.4.1 Die nasionale bewussyn is die sleutel tot oorlewing vir Taiwan	69
3.4.2 Die invloed van die nasionale bewussyn op die formele onderwys in Taiwan	71
3.4.3 Die invloed van die nasionale bewussyn op die nie-formele onderwys	73
3.4.4 Bevinding	75
3.5 SAMEVATTING	78
4. DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSEL VIR BLANKES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA	79
4.1 INLEIDING	79
4.2 HISTORIESE OORSIG : DIE LAND EN SY MENSE	79
4.2.1 Inleiding	79
4.2.2 Vanaf die koms van die Blankes in 1652 tot Uniewording in 1910	81

4.2.2.1	Vanaf 1652 tot die Groot Trek ..	81
4.2.2.2	Vanaf die Groot Trek tot Uniewording ..	83
4.2.3	Vanaf Uniewording in 1910 tot Republiekwording in 1961 .	85
4.2.4	Die Republiek van Suid-Afrika in die brandpunt van wêreldpolitiek na 1961	87
4.3	KULTUURHISTORIESE FUNDERING VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR BLANKES	89
4.3.1	Inleiding	89
4.3.2	'n Beskouing van onderwysontwikkeling tot 1984	90
4.3.2.1	Onder Hollandse bestuur	90
4.3.2.2	Onder Britse bestuur	91
4.3.2.3	Christelik-nasionale onderwys	92
4.3.2.4	Vanaf Uniewording tot Republiekwording	92
4.3.2.5	Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet Nr. 39 van 1967	93
4.3.2.6	Die Wet op die Nasionale beleid vir algemene onderwys-sake, 1984 (Wet 76 van 1984)	94
4.4	DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT	95
4.4.1	Inleiding	95
4.4.2	Die Britse nasionale bewussyn	96
4.4.2.1	Manifestering van die Britse nasionale bewussyn	96
4.4.2.2	Raakvlakke tussen die Britse nasionale bewussyn en Holisme	98
4.4.3	Die Britse nasionale bewussyn en Holisme se invloed op die onderwysstelselontwikkeling.....	99
4.4.3.1	Onderwysstelselbeleid	99
4.4.3.2	Onderwysstelseladministrasie	100
4.4.3.3	Onderwyskundige struktuur	101
4.4.4	Afikanernasionalisme	103
4.4.4.1	Inleiding	103
4.4.4.2	Manifestasie van Afikanernasionalisme	104
4.4.5	Die invloed van Afikanernasionalisme op onderwys-ontwikkeling	106
4.4.5.1	Onderwysstelselbeleid	106
4.4.5.2	Onderwysstelseladministrasie	108

4.4.5.3	Onderwyskundige struktuur	108
4.4.5.3.1	Jeugweerbaarheid	111
4.4.5.3.2	Jeugweerbaarheid in Transvaalse sekondêre skole	112
4.4.5.3.3	Nie-formele onderwys : jeugprogramme-en aktiwiteite	115
4.4.6	Die huidige strewe na 'n nuwe Suid-Afikanisme en die invloed daarvan op onderwysontwikkeling	116
4.4.6.1	Inleiding	116
4.4.6.2	Onderwysstelselbeleid	118
4.4.6.3	Onderwysstelseladministrasie	118
4.4.6.4	Onderwyskundige strukture	119
4.4.6.5	Bevinding	120
4.5	SAMEVATTING	121
5.	DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSELS VAN DIE REPUBLIEK VAN SJINA EN DIE VIR BLANKES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA RESPEKTIEWELIK : 'N VERGELYKING	123
5.1	INLEIDING	123
5.2	NAASMEKAARSTELLING EN VERGELYKING VAN DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSELS VAN DIE REPUBLIEK VAN SJINA EN DIE VIR BLANKES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA	123
5.2.1	'Three Principles of the People' : Christelik- nasionaal	123
5.2.2	Hoe kom die nasionale bewussyn tot uiting?	124
5.2.3	Die nasionale bewussyn as determinant van die Onderwysstelsel	126
5.2.3.1	Naasmekaarstelling en vergelyking van die nasionale bewussyn op komponente van die onderwysstelsel	127
5.2.3.2	Evaluering	128
5.3	SAMEVATTING	131

6. SAMEVATTING	132
6.1 NAVORSINGSDOELSTELLING	132
6.2 BEVINDINGE	132
6.3 AANBEVELING	137
6.4 VERDERE NAVORSING	137
BIBLIOGRAFIE	139

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

Die mens het 'n Godgegewe opdrag om die aarde te bewerk en te beheers. Hierdie opdrag vind neerslag in kultuurskeping, wat 'n universele verskynsel is. Om 'n algemeen aanvaarbare definisie vir kultuur te gee, is egter moeilik omdat daar soveel uiteenlopende opvattinge daaromtrent is (Loots, 1985:11). 'n Kernwaarheid is egter die feit dat kultuur alles is wat die mens maak om sy leefwêreld tot sy behoeftes te omvorm, sowel as alles wat hy bedink om rigting aan sy toekomsvisie en -verwagtinge binne sy leefwêreld te gee. "Culture is the man-made part of the environment. Implicit in this is the recognition that man's life is lived in a dual setting, the natural habitat and his social environment" (Herskovits, 1951:17).

Voortdurende ontsluiting van funksies van die samelewing en daarmee gepaardgaande behoeftes, het aanleiding gegee tot die ontstaan van samelewingsverbande soos kerk, staat en skool waarbinne die mens se behoeftes bevredig kan word (Barnard, 1981:56). Elke gemeenskap het egter 'n eie en unieke aard wat hom onderskei van ander gemeenskappe en wat identiteit aan daardie gemeenskap verleen. Van hierdie eienskappe is die taal wat gemeenskaplik gepraat word, die grondgebied wat bewoon word en sekere onderskeidende nasionale simbole soos 'n eie vlag, volkslied, vakansiedae en al die ander elemente wat 'n gemeenskap saambind en wat 'n nasionale bewussyn verteenwoordig. Omdat al die genoemde elemente by alle gemeenskappe voorkom, is dit universeel van aard, dog elke gemeenskap het 'n eie partikuliere wyse waarop hy vergestaltung daaraan gee. "By identifying himself with his natural culture the individual became a link in the spiritual cord which connected the present with the past and the future yet he also belonged to humanity, within which each nation had its unique mission". (Lyon, Rown & Hamerow, 1969:672).

Die gesin is die kernsamelewingsverband wat die begeleiding van die kind tot deelname aan die gemeenskapslewe aanvanklik hanteer. Hiernaas lewer die ander samelewingsverbande, elkeen op sy eie terrein, hulle bydraes om die kind volgens die behoefte van die betrokke gemeenskap verder te vorm tot aktiewe deelname en rolvervulling. In die verband speel die georganiseerde onderwys 'n belangrike rol om die leerder voor te berei vir sy toekomstige posisie in die samelewing. "Die georganiseerde onderwysstelsel moet binne die opvoedingsbenadering van die gemeenskap in wie se diens dit staan gesien word". (Van Zyl, 1973: 326). In alle lande het die betrokke staatsgesag, 'n besondere belang by onderwysvoorsiening omdat die produk van die onderwys die kwaliteit van mense materiaal tot beskikking van die staat se behoeftes bepaal. In 'n demokratiese staat, waarin die staatsgesag met ander nie-staatlike sosiale strukture vervleg is, is die staat die beskermmer van die beskawing en kultuur van sy onderdane. Die staat moet dus opvoeding moontlik maak deur onder andere finansies beskikbaar te stel en onderwyskundige strukture te skep om die gemeenskap se beskawing en kultuur oor te dra (Waugh, 1979:17).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Interpersoonlike en tussenstaatlike aggressie, gemik op wilsoorheersing van die een party teenoor die ander, is so oud soos die mensdom self. In die proses word alle middele, afhange van omstandighede, aangewend om die doel te bereik. Die huidige tydsgewrig word gekenmerk deur 'n ontploffing op die gebied van kommunikasiemiddele en 'n daarmee gepaardgaande versnelling in die verspreiding van idees en ideologieë wat 'n totaal nuwe dimensie aan moderne oorlogvoering verleen. Terwyl Westersgesinde lande nog ingestel is op wapentuig as oorlogsmiddel, het kommunist-

tiese lande hulle gewend na politieke oorlogvoering wat gemik is op die verowering van die gees van die mens (Labin, 1966:45). 'n Voorbeeld van sodanige aggressie tot wilsoorheersing is die meedoënlose aanslag van die kommuniste ¹⁾met die doel om kapitalistiese en demokratiese lande met alle vorme van gesindheidsbeïnvloedende tegnieke te oorrumpel. Baie lande het al voor hierdie aanslag geswig juis omdat dit so doelgerig-bepand en georkestreerd effektief uitgevoer word (Walker, 1978:179).

Om teen hierdie aanslag staande te bly, is dit nodig dat 'n land 'n sterk wil tot weerstand teen die bedreiging moet openbaar deur alle beskikbare kragte en vermoëns doeltreffend uit te bou. Die Republiek van Sjina (ook bekend as Taiwan) en die Republiek van Suid-Afrika is albei teikens van internasionale en kommunisties-geïnspireerde disinformasie en propagandaveldtogte. Hierdie aanslae is daarop

1) Hierdie navorsing is gedoen ten tyde van groot veranderinge ten opsigte van die kommunisme. In lande van die oosblok is daar verzet teen kommunistiese oorheersing en dit gaan gepaard met die totstandkoming van nasionale state. In internasionale verband word kommunisme, as ekonomiese stelsel, vervang met kapitalisme. Dit lei daartoe dat daar huidiglik twee sieninge oor die kommunisme is. Die een siening is dat kommunisme dood is en geen verdere bedreiging inhou nie. Die ander siening, wat deur hierdie skrywer ondersteun word, is dat daar bloot 'n strategiese aanpassing in die kommunistiese hiërargie plaasvind. Deur oënskynlik meer demokrasie en kapitalisme toe te laat, word apatie teengewerk deur groter betrokkenheid by die gewone burgers te kweek om sodoende die sukkelende kommunistiese ekonomie reg te ruk. Dit is egter duidelik dat die nasionale bewussyn 'n kragtige faktor in weerstand teen kommunisme, ook in die onderwysstelsel is.

gemik om isolasie in die hand te werk, die nasionale bewussyn af te kraak en 'n nuwe orde daar te stel wat 'n radikale aantasting van die bestaande lewens- en wêreld-beskouing inhou. Alhoewel die Republiek van Sjina en die Republiek van Suid-Afrika groot verskille in kultuurhistoriese agtergrond openbaar, het hulle gemeenskaplike veiligheids- en oorlewingswerklikhede. Volgens Ku Cheng-kang (1987:3) en Dostal (1986:22) is albei die lande sterk anti-kommunisties in uitkyk. Verhoudinge word verder gekenmerk deur sterk handelsbetrekkinge tussen die twee lande asook deur wetenskaplike en kulturele uitruilskemas. "Heensnydende normatiewe momente bied, te midde van skynbaar onversoenlike uitgangspunte, ooreenstemmende raakmomente wat deur die uitbouing struktuurverwoestende magsvergrype aan bande kan lê." (Barnard, 1978:16). 'n Verdere band tussen die twee lande lê daarin dat daar sedert 1904 'n Sjinese gemeenskap in Suid-Afrika teenwoordig is (Nimocks, 1970:39). Hulle is aanvanklik ingevoer om in die goudmyne van Suid-Afrika te werk, dog het mettertyd ander belange ontwikkel en het 'n welvarende deel van die gemeenskap geword. Tydens 'n herdenking van die Nasionale dag van Taiwan het Ambassadeur H.K. Yang die goeie verhoudinge tussen die twee lande soos volg saamgevat : "We join you in the fight for civilised values to which we have committed ourselves ... swim or sink, the Chinese people and their government are with you" (Anon., 1988a :4). Navorsing dui daarop dat albei lande ook die noodsaaklikheid ingesien het om die onderwys aan te wend as 'n instrument waarmee die nasionale bewussyn beskerm kan en moet word.

Die probleem wat in hierdie navorsing aangepak is, word soos volg saamgevat :

- In watter mate is die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsels van die Republiek van Suid-Afrika en die Republiek van Sjina? Hieruit kan dan die

volgende probleemvrae afgelei word :

- Wat behels die begrip nasionale bewussyn en behoort dit 'n determinant van die onderwysstelsel te wees?
- Is die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel van die Republiek van Sjina?
- Is die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika?
- Hoe vergelyk die nasionale bewussyn as determinant tussen die genoemde twee onderwysstelsels respektiewelik met mekaar?

1.3 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek het ten doel om, deur 'n vergelykende studie, vas te stel hoe die nasionale bewysyn in die Republiek van Sjina en by die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika bepalend is in die onderwysstelsel van elk van die twee lande.

Doelwitte wat uit die doel voortvloei is :

- Om te bepaal wat die begrip nasionale bewysyn behels en of dit 'n determinant van die onderwysstelsel is.
- Om te bepaal of die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel van die Republiek van Sjina is.
- Om te bepaal of die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika is.
- Om die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsels van die Republiek van Sjina en die vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika met mekaar te vergelyk.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Die metode van ondersoek behels 'n literatuurstudie ten einde op die hoogte te kom van vorige navorsing op die gespesifiseerde, sowel as aanverwante terreine, om sodoende riglyne te bepaal vir die navorsingstudie. 'n Sistematiese integrering en interpretering van verkreë feite dien om die reeds neergelegde probleme te ondersoek en om dit te toets aan die geformuleerde doel. Omdat Mandaryns die amptelike taal van die Republiek van Sjina is, word Engelse bronne en/of vertalings vanuit Mandaryns gebruik in die tersaaklike afdelings. Sodanige bronne is veral by die ambassade van die Republiek van Sjina in Suid-Afrika verkry. Die Fu Hsing Kang College te Peiton in Taiwan, die National Taiwan Normal University en die Taiwan Provincial Administration was ook behulpsaam met die beskikbaarstelling van literatuur. Ander tersaaklike primêre sowel as sekondêre bronne is verkry vanaf die Potchefstroomse Universiteit vir CHO (ook via die IBL stelsel) sowel as openbare biblioteke en deur gebruikmaking van die CIJE, ERIC, woordeboeke en ensiklopedieë, bibliografieë, koerante, tydskrifte en staatspublikasies.

Die metode van Bereday, met enkele wysigings, is gebruik om die navorsingsresultate ten opsigte van die twee onderwysstelsels met mekaar te vergelyk. Volgens Stone (1984: 151-152) en Barnard (1981:24-28) is hierdie metode gebaseer op 'n multidimensionele en multidissiplinêre benadering. In die eerste instansie word inligting weergegee oor al die faktore wat verantwoordelik was vir die fundering van die onderwysstelsel van elke land onder bespreking. Dan volg 'n interpretasie van hierdie inligting om die aard en wese van elke onderwysstelsel te begryp. Daarna word die tersaaklike kenmerke van elke onderwysstelsel teenoor mekaar

gestel om sodoende 'n vergelyking van ooreenkomste en verskille te kan tref.

Deur middel van hierdie metode word die nasionale bewussyn as determinant van die twee onderwysstelsels nagespoor en met mekaar vergelyk.

1.5 TERREINAFBAKENING EN HOOFSTUKINDELING

1.5.1 Terreinafbakening

1.5.1.1 Geografiese afbakening

Die populasie van die ondersoek word hoofsaaklik begrens tot die onderwysstelsels van die Republiek van Sjina op die eiland Taiwan en die Blankes van die Republiek van Suid-Afrika. Die hedendaagse bevolking van Taiwan is 'n samestelling van verskeie volksgroepe wat onder die invloed van Maleise inboorlinge, Sjinese, Nederlanders, Japannese en Amerikaners deur die "melting pot syndrome" omvorm is tot 'n redelik homogene gemeenskapslewe, met die Sjinese beskawing en kultuur as dominante faktor (Smith, 1986:6). In 1949 het Chiang Kai-shek en sy volgelinge vanaf hoofland Sjina na Taiwan verhuis en die Nasionalistiese Republiek van Sjina daar tot stand gebring (vergelyk hoofstuk 3). Aanvanklik het baie spanning en botsings tussen die nuwe inkomelinge en die gevestigde bevolking voorgekom. Die dominante invloed van die hooflanders se taal en kultuur, asook ondertrouery tussen die twee groepe, gepaardgaande met 'n hoër lewenstandaard, het groter aanvaarding tot gevolg gehad. "Provincial sentiments do not disappear quickly but ... the 'social

division' observed earlier has appreciably diminished" (Theodore Hsi-en-Chen, 1983:71),

Die Republiek van Suid-Afrika bevat 'n heterogene bevolkingsamestelling bestaande uit die hoofbevolkingsgroepe naamlik Blankes, Kleurlinge, Asiërs en Swartes, elk met uiteenlopende kultuuragtergrond en tradisies. Selfs binne hierdie breë indeling kom daar ook nog onderlinge verskille voor wat die betrokke regering noop om die selfbeskikkingsreg van elke volk te erken (Pistorius, 1982:372). Onderwysvoorsieing in die Republiek van Suid-Afrika moet dus met hierdie verskeidenheidswerklikheid rekening hou. Omdat die Blankes, wat kultuur en godsdiens betref, betreklik homogeen is, (Pistorius, 1982:355) kan hulle as 'n werkbare en vergelykbare entiteit dien teenoor die bevolking van Taiwan in die bereiking van die doel van hierdie ondersoek.

1.5.1.2 Nasionale bewussyn

Die nasionale bewussyn het te make met daardie saambindende eienskappe wat identiteit aan 'n gemeenskap verleen. Van der Stoep (1981:20-21) is van mening dat Pedagogiek-literatuur nog mank gaan aan 'n gebrek oor die kwessie van identiteitsverwerwing. Hy meen egter dat die huidige ideologiekrisis en pluralisme in samelewingsindekse dit vir die Opvoedkunde beide nodig en betekenisvol maak om daaraan aandag te gee. In dié lig gesien voldoen 'n bespreking oor 'n nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel dus aan 'n spesifieke behoefte. In paragraaf 2.4 word die aard van die nasionale bewysyn as determinant van die onderwysstelsel bespreek.

1.5.1.3 Determinant van 'n onderwysstelsel

Volgens Steyn en Malao (1986:1) is 'n determinant van 'n onderwysstelsel daardie faktor wat 'n spesifieke onderwysstelsel die eiesoortige karakter gee wat dit onderskei van ander onderwysstelsels, byvoorbeeld geskiedenis, politiek, ekonomie en tegnologie.

1.5.1.4 Onderwysstelsel

"Die onderwysstelsel kan gedefinieer word as die logistieke raamwerk vir effektiewe onderwys waardeur in die onderwysbehoefte van 'n bepaalde groep mense voorsien word" (Steyn & Steyn, 1988:3). Dit bestaan uit vier komponente, naamlik die onderwysstelselbeleid, onderwysstelseladministrasie, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste.

1.5.1.5 Die Republiek van Sjina

Taiwan is 'n bergagtige gebied wat omtrent so groot is soos die Nasionale Kruger Wildtuin in die Republiek van Suid-Afrika. Die oorspronklike inwoners is saamgestel uit boorlinge van Maleisië en Sjinese immigrante uit die Sjinese provinsies Hakka, Fukien en Kwantung (Goddard, 1966:XIV). Die Nasionale Vergadering is die hoogste politieke gesag in die land en word volgens neergelegde prosedures deur stemgeregtigde burgers verkies (Republic of China, 1984:6).

Die Republiek van Sjina het in 1947 op die vasteland van Sjina tot stand gekom met die Kuomintang as regerende party en met Chiang Kai-shek as president. In 1949 het die Kommuniste 'n magsoorname bewerkstellig en Chiang Kai-shek en sy volgelinge het na die eiland Taiwan uitgewyk. Hier het hulle 'n welvarende land met

'n sterk nasionale gevoel en diepgewortelde Sjinese kultuurlewe uitgebou (Constitution)(Republic of China, 1984:62-63). As gevolg van hierdie ervaring met die kommuniste, is die Republiek van Sjina sterk anti-kommunisties.

1.5.1.6 Die Republiek van Suid-Afrika

Soos reeds gemeld in paragraaf 1.5.1.1 word die Republiek van Suid-Afrika gekenmerk deur 'n heterogene bevolkingsamestelling met verskillende kulture en tradisies. Die betrokke regering het in 1983 'n grondwet aanvaar met 'n driekamerparlement vir Blankes, Kleurlinge en Asiërs, terwyl die ontwikkeling van die Swartes op staatkundige gebied langs ander kanale voorsien is. Die nuwe grondwet maak voorsiening vir algemene sake wat deur al drie huise van die parlement bahartig word en vir eiesake, byvoorbeeld onderwys, waar die Blankes byvoorbeeld alleenseggenkap het oor hulle eie onderwysaangeleenthede. Wette oor Blanke onderwys word volgens hierdie stelsel in die Blanke Volksraad gemaak (Van der Merwe, 1983:2-3).

Die Republiek van Suid-Afrika lê aan die suid-punt van die Afrikakontinent en beslaan 'n landoppervlakte van 1 222 543 vierkante kilometer. Dit is vyf maal groter as Brittanje (State Department of Information, 1974:13).

1.5.2 Hoofstukindeling

Die logiese, ordelike sistematiesing en beredenering ten opsigte van die inhoudelike van hierdie navorsingstudie berus op 'n toepaslike hoofstukindeling. Sodoende word struktuur gegee aan 'n veelheid van samestellende onderafdelings wat afsonderlik en gesamentlik sal lei tot 'n sinvolle onderbou ter bereiking van die gestelde navor-

singsdoel. Die onderhawige hoofstukindeling sal so 'n gestruktureerde benadering vergemaklik.

Hoofstuk 1 : Inleiding en probleemstelling. In die hoofstuk word 'n oorsig gegee van wat met die navorsingstudie beoog word en hoe dit benader word.

Hoofstuk 2 : Die nasionale bewyssyn as determinant van die onderwysstelsel. Hier word omskrywings van begrippe gedoen asook bespreking van elke tersaaklike onderafdeling. Dit lei tot 'n slotsom of die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel is.

Hoofstuk 3 : Die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel van die Republiek van Sjina. Nadat tot 'n slotsom gekom is in hoofstuk 2, word nou nagevors of die nasionale bewussyn in die Republiek van Sjina 'n determinant van die onderwysstelsel aldaar is.

Hoofstuk 4 : Die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika. Net soos by die Republiek van Sjina, word ook hier gelet op die aard en wese van die nasionale bewussyn en hoe dit bepalend is vir die onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika.

Hoofstuk 5 : Die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsels van die Republiek van Sjina en vir die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika respektiewelik : 'n Vergelyking. Die resultate van bevindinge in hoofstukke 3 en 4 word volgens die metode van Bereday met mekaar vergelyk. Ooreenkomste en verskille word aangedui.

Hoofstuk 6 : Samevatting. Ten slotte word 'n beskouing gegee van die struktuur en inhoud van die afgehandelde

navorsingstudie. 'n Finale evaluering word gedoen en riglyne word aangedui vir moontlike toekomstige navorsing op hierdie terrein.

1.6 SAMEVATTING

Deur die reeds genoemde probleemvrae te beredeneer, word daar 'n antwoord op die navorsingsprobleem gegee. Die hantering van die vrae is aksiestappe wat lei tot bereiking van die onderskeie navorsingsdoelstellings en -doelwitte. Wanneer dit voltooi is, is die doel met die navorsing bereik.

2. DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSEL

'n Onderwysstelsel moet sekere eienskappe besit om as onderwysstelsel gekenmerk te word. In hierdie hoofstuk sal daar in die besonder gelet word op die invloed van die nasionale bewussyn in die fundering van die onderwysstelsel van 'n gemeenskap/land.

2.1 ENKELE BEGRIPSVERKLARINGS

Sekere begrippe word dikwels in die verkeerde verband gebruik omdat daar verskillende betekenis aan geheg kan word. Ten einde enige onduidelikhede uit die weg te ruim, word van hierdie begrippe meer volledig bespreek.

2.1.1 Onderwys

Onderwys staan sentraal in samelewingsverband. Om dié rede is daar dikwels uiteenlopende sieninge oor wat onderwys is en watter bydrae dit behoort te lewer in die bereiking van die maatskappy se doelstellings. Daar is selfs gevalle waar die onderwys beskou word as die oplossing vir alle maatskaplike, politieke en ekonomiese probleme. So byvoorbeeld is Myeza (1988:8) se verwagtinge van die onderwys "... that capacity of a human being to transform his experiences into a totality of perception which enables him to make his life and that of his fellow human beings qualitatively better". Hierdie onvoorwaardelike geloof in die opheffingsmoontlikhede van die onderwys word egter deur die De Langeverslag in perspektief gestel deur duidelik aan te dui dat positiewe resultate slegs moontlik is wanneer daar deeglike onderwysbeplanning gedoen word met inagneming van die realiteit van 'n gemeenskap (RGN, 1981:19-20). Effektiewe onderwys staan dus lynreg in verhouding tot die vermoëns van 'n betrokke gemeenskap.

Volgens Steyn (1989:5) is effektiewe onderwys "beplande handelinge om verlangde kundighede, vaardighede en gesindhede by mense tuis te bring." Die aard van die leerinhoude hou verband met die kultuuragtergrond en religieus-gerigtheid van die gemeenskap waarin die onderwys gelewer word. Dit impliseer dat onderwys moet voldoen aan die norme en standaarde van 'n gemeenskap. Die leerder word dus normatief ontsluit ten opsigte van die werklikheid waarin hy hom bevind en dit staan bekend as opvoedende onderwys. "Wie opvoed, doen dit aan die hand van of deur middel van onderwysing of onderrig, en wie onderwys, doen dit ter bereiking van 'n opvoedings- en vormingsdoel" (Van Schalkwyk, 1988:28). Opvoedende onderwys het dus geen ander bedekte agenda nie, as bloot die ontsluiting van die leerder/kind se moontlikhede tot aanvaarding van sy rol as volwassene binne die gemeenskap waarvan hy deel is. As so 'n gemeenskap se leef- en wêreldbeskouing Christelik is, dan sal die onderwys en opvoeding 'n Christelike karakter hê (Van der Walt, 1983:39). Dit is dan ook die taak van ouers en belanghebbendes om daarteen te waak dat leerinhoude nie bots met dit wat strook met die eie leef- en wêreldbeskouing nie.

2.1.2 Indoktrinasie en propaganda

Anders as by opvoeding, wat 'n positiewe konnotasie het, is daar tradisioneel 'n negatiewe belewenis van indoktrinasie en propaganda, veral by Westerse demokratiese lande. Daar word gewoonlik 'n sinistêre, willekeurige en gedwonge betekenis aan die twee begrippe geheg. Daar gaan dan ook dikwels heftige beswaar op teen sekere fasette van die onderwys, veral dié wat te doen het met

gesindheidsvorming by die leerder/kind. Aangesien gesindheid gekoppel is aan emotiewe belewenis, word daar ook dikwels verskillende interpretasies deur verskillende partye aan dieselfde saak geheg. Beskuldigings van indoktrinasie en propaganda word dan gemaak as daar afgewyk word van die eie opvattinge. "If the natural built-in prejudice of any type of education is abused in aid of this dogmatic or uncritical acceptance of what is taught by the educator, it would imply indoctrination in the most negative sense of the word" (Botha, 1975:243).

Anders as by opvoeding, gaan dit dus by indoktrinasie nie oor die ontsluiting van die leerder se moontlikhede en 'n oplossing vir sy vertwyfeling nie, dog oor die oordra van die leermeester se sieninge, gepaardgaande met 'n verwagting dat die leerling dit onvoorwaarderlik sal aanvaar. Marsland (1988: 13) wys in dié verband daarop dat in baie Britse skole en kolleges daar doelbewuste indoktrinasie teenoor leerders plaasvind om standpunt in te neem teen die land se militêre- en veiligheidsbehoefte en dat sogenaamde humanitêre projekte in die plek daarvan gestel word. Hy verwys ook na die ontoegeeflikheid van sulke indoktrinerende onderwyspraktisyns "... increasing numbers of schools and colleges discourage and even refuse access to people and literature representing anything other than unilateralist and pro-communist positions" (Marsland, 1988:14). Eensydigheid, eksklusiwiteit en ongeduld is dus kenmerke van indoktrinasie. Leerlinge wat hieraan onderwerp word se leermoontlikhede word noodwendig verskraal en dit lei tot afstomping omdat hulle volle potensiaal nooit ontgin word nie. Indoktrinasie is egter nie net negatief nie en kan 'n positiewe rol in die onderwysgebeure speel. Dit vind plaas wanneer duidelike en doelgerigte riglyne aan die leerling gegee word met die verwagting dat dit nagevolg sal word en hopelik verinnig sal word teen die tyd dat die leerling

se ontwikkeling sover gevorder het dat hyself waardeoordele kan vorm. "Indoktrinasie in hierdie sin staan in ferme dog liefdevolle gesagsleiding. Dit adem 'n gees van ruimte, openheid, welwillendheid en soepele dog ordelike kommunikasie" (Basson, 1981:53).

Propaganda vorm hedendaags 'n sentrale element van die kommunikasieproses tussen wêrelelande. Veral tydens en na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het propaganda 'n belangrike faktor geword in die skep van gesindhede met die oog op bereiking van nasionale doelwitte. Daar kan met reg gesê word dat die aanwending van propaganda so vër ontwikkel is dat dit 'n vorm van oorlogvoering in eie reg is. "Propaganda is launched by means of letters, works of art and literature to influence the enemy's determination and psychology, change the enemy's thoughts and belief and cause them to follow one's thought and will in order to achieve the objective of subjugating the enemy's force without fighting" (Lee Hsien, PO, 1987: 32). Dit is duidelik dat alle vorme van kommunikasie aangewend word om die propagandis se boodskap oor te dra ten einde die ontvanger van die boodskap na sy kant oor te haal. De la Rey (1980:14-20) vind aansluiting by die uitgangspunt en wys daarop dat daar veral drie vorme van propaganda is, naamlik die absolute leuen wat voorgehou word as die waarheid, die halwe waarheid wat verdraaid aangebied word en die waarheid wat gesubstansieer word met bronne en verwysings. Hy wys ook daarop dat teikenontleding baie belangrik is by propaganda aangesien 'n boodskap aan 'n verkeerde teikengroep, geen invloed sal hê nie. As mense goed ingelig is oor 'n onderwerp en redelik tevrede is met hulle omstandighede, neem die waarde van propaganda af. Ontevrede en oningeligte mense is egter baie vatbaar vir die suggesties van die propagandis en word dus maklik oorgehaal na sy standpunt. Propaganda verdien dus nie staanplek in die nasionale

onderwysstelsel nie. Effektiewe en normatiewe opvoedende onderwys kan egter dien as 'n teenvoeter vir die moontlike aanslag wat propaganda teen die leef- en wêreldbeskouing van leerders kan rig.

2.1.3 Kultuur

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar baie sieninge bestaan oor wat kultuur is. "Kultuur het te doen met die gedrag van die mens en as sodanig is besinning daaroor, hoe subjektief of eenvoudig dit mag wees, so oud soos die mensdom self" (Van der Wateren, 1979:5). In sy wese kom dit egter daarop neer dat kultuur alles is wat die mens doen om sy omgewing by hom aan te pas. Elke mens skeep kultuur en elke volk skeep kultuur volgens sy eie aard. "Soveel volke as wat daar is soveel kulture tref ons aan. Elke kultuur het sy eie godsdiens, taal, geskiedenis, lewensgewoontes, gebruike en tradisies" (Loots, 1983:14).

2.2 DIE VERSKYNSEL : ONDERWYSSTELSEL

2.2.1 Definisies van die onderwysstelsel

Verskillende skrywers definieer die onderwysstelsel op verskillende wyses. Volgens Barnard (1981:38-39) word daar met 'n onderwysstelsel 'n organisatoriese raamwerk bedoel waarin beplanning, onderwyswetgewing en uitvoering van onderwyswetgewing vooropgestel word. Beplanning sluit in sulke aspekte soos navorsing, beraadslaging en beleidsformulering. Onderwyswetgewing is die formele daarstelling van wette, ordonnansies en regulasies deur die staatsgesag om sodoende die amptelike onderwysriglyne te omlin. Uitvoering van die wetgewing word gedoen deur beskikbaarstelling van strukture en mense om die wette in die praktyk ten uitvoer te bring. Die uitgangspunt is om deur die oordra van kennis en vaardighede in die onderwys

situasie instrumenteel te wees in die totale ontsluiting van die onmondige mens, deur 'n mondige begeleier, wat deur opvoedende bemoeienis, normatiewe inhoud aan die onmondige se ontwikkeling tot selfstandige volwasseheid, volgens die eise van die gemeenskap, bied (Barnard, 1981:39).

Aansluitend hierby gee Stone die volgende definisie : "Die nasionale onderwysstelsel, die omvattendste kultuurprodukt van die mens op die gebied van die opvoedende onderwys, is 'n vervlegtingstruktuur waarin sosiale strukture van 'n bepaalde samelewing met die onderwysinrigtings verenig om deur koördinasie van bydraes en deur organisasie die versnelde ontsluiting van die jeug binne 'n bepaalde staatsgebied teweeg te bring in aansluiting by die kulturele en natuurlike eise van tyd en plek" (Stone, 1984:132). 'n Laaste definisie waaraan aandag gegee word, is die van Steyn & Steyn (1988:3) wat meen "Die onderwysstelsel kan gedefinieer word as die logistieke raamwerk vir effektiewe onderwys waardeur in die onderwysbehoefte van 'n bepaalde groep mense voorsien word".

Ten opsigte van die navorsingsdoelstellings van hierdie studie word beklemtoon dat die onderwysstelsel universeel 'n bepaalde struktuur vertoon, dat elke onderwysstelsel op grond van bepaalde determinante individuele eienskappe besit, dat die lewensbeskouing en kultuur belangrike determinante is en dat daar 'n besondere verband tussen die onderwysstelsel in die samelewingsverbande vir wie dié onderwysstelsel bedoel is, bestaan.

2.3 STRUKTUUR VAN DIE ONDERWYSSTELSEL

Die onderwysstelsel as struktuur vertoon vier komponente, naamlik die onderwysstelselbeleid, onderwysstelseladministrasie, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste (Steyn, 1989:17).

2.3.1 Onderwysstelselbeleid

Wat die ontwikkeling van gemeenskapsverbande aanbetref, is daar reeds op gewys dat elke gemeenskapsverband in geïnstitusionele vorm beantwoord aan spesifieke behoeftes van daardie gemeenskap waarin dit voorkom. Van alle gemeenskapsverbande is dit slegs die staatsverband met sy wetgewende, uitvoerende en geregtelike magte wat 'n raamwerk kan bied waarbinne die rolvervulling van al die ander gemeenskapsverbande kan geskied. Dit is die staatsgesag se rol om deur middel van wetgewing rigting te gee aan die wyse waarop die gemeenskap se behoeftes bevredig moet word. Ten einde geformuleerde wette funksioneel te maak, skep die staat ook die raamwerk waarbinne die wette uitgevoer kan word. Om wanpraktyke, roloorskryding en disharmonie in die algemeen teë te werk, is die staat ook beklee met 'n geregtelike gesag waarmee oortredings reggestel word en oortreders gestraf word. Staatsgesag dien as beskerming vir al die samestellende elemente van 'n gemeenskap en waarborg die instandhouding en vooruitgang daarvan. Om dié rede is daar by demokraties ingestelde gemeenskappe 'n vrywillige onderwerping aan die daargestelde riglyne van die staatsgesag. "In ons tyd blyk dit dat die staat in alle lande al hoe meer sy reg ten opsigte van die onderwys uitoefen en minstens die breë trekke van die nasionale

onderwysbeleid self bepaal of toesien dat dit tot sy bevrediging bepaal word" (Rupert, 1977:43). Wat geld vir al die ander gemeenskapsverbande, geld ook vir die onderwys, "... dit is die staat se taak om alle ampte se funksies deur wetgewing, ordonnansies en regulasies juridies te reël en grensoorskryding af te weer" (Van Schalkwyk, 1988:176-177). Waar 'n gemeenskap as sodanig nie 'n onafhanklike staatsgesag het nie, spreek dit vanself dat onderwys die gees sal adem van die vreemde magte wat so 'n gemeenskap domineer. In 'n vrye gemeenskap met sy eie staatsbestel, sal die onderwysbehoefte van daardie gemeenskap deur middel van wetgewing van die staat weerspieël word. Die gemeenskap word dus betrek by die formulering van onderwyswetgewing en die gevolglike produk is die uitkristallisering van onderwyswerklikhede volgens die wil van die gemeenskap. "By die vorming van onderwysbeleid word verskillende stappe onderskei naamlik navorsing, beraadslaging, besluitneming, beleidformulering en beleidsmagtiging in die vorm van wetgewing of een van die ander vorme" (Steyn & Steyn, 1988:5).

2.3.2 Onderwysstelseladministrasie

Nadat beleid vir die onderwys neergelê is, moet dit verkonkretiseer word deur dit uit te voer. In dié proses is daar altyd drie elemente teenwoordig, naamlik mense, middele en handeling. Wat die mense aanbetref, is daar altyd 'n verhouding van beplanners, toesighouers (bestuurders) en uitvoerders (werkers). Middele impliseer al die dinge wat die mense benodig om hulle opdrag (doelwit) uit te voer en handeling is die stappe op elke vlak wat gedoen word om die neergelegde opdrag uit te voer. Die administratiewe funksie in elke onderneming, ook die onderwys, is volgens De Villiers (1973:8) om toe te sien "... dat alles gedoen word volgens die aanvaarde plan,

die gegewe bevele en die neergelegde beginsels". Hy gaan dan ook verder deur daarop te wys dat genoemde proses maksimale effektiwiteit toon indien desentralisasie plaasvind. Desentralisasie in die onderwys vind plaas waar plaaslike gemeenskappe grotendeels die beheer oor die onderwys uitoefen. Die teenpool is waar die sentrale regering feitlik alle sake van die onderwys en opvoeding beheer. Nog 'n neiging is dat daar 'n kombinasie van die twee vorme van beheer voorkom, naamlik dat die sentrale regering die beleid formuleer en dat plaaslike instansies gemoed is met die uitvoering daarvan. Samevattend kan dus gesê word : "Administrasie is die gekoördineerde uitvoering, toepassing of implementering van die vasgestelde beleid deur middel van bepaalde instansies, liggame of amptenare. Organisasie is die belangrikste onderdeel van administrasie, naamlik die uitvoerende aspek daarvan" (Barnard, 1981:92).

2.3.3 Onderwyskundige struktuur

Wanneer daar oor onderwyskundige struktuur gepraat word, word daarmee bedoel die wyse waarop daar uitvoering gegee word aan die gemeenskap se behoefte aan individuele onderrigontvangers (leerders) met verskillende vermoëns en aanleg. Dit impliseer die daarstel van verskillende onderwysinrigtings om leerders te onderrig ten einde die behoeftes van 'n gemeenskap as sodanig tegemoet te kom. Hoe eenvoudiger die ontwikkeling en behoeftes van 'n gemeenskap, hoe eenvoudiger sal die soorte onderwysinrigtings daar uitsien. Meer ontwikkelde en komplekse gemeenskappe sal egter meer ingewikkelde groeperinge van onderwysinrigtings verg. Hierdie struktuur of groeperinge van onderwysinrigtings verwys na die verskillende onderwysmoontlikhede asook die deurstromingsmoontlikhede wat daar in 'n spesifieke onderwyskundige struktuur bestaan. In die praktyk beteken dit dat die onderwyskundige struktuur voorsiening maak vir die beweging

van die leerling deur die onderwysstelsel. Wat in hierdie verband dan onmiddellik na vore tree, is aangeleenthede soos verpligte skooltoetredingsouderdom; die bestaan al dan nie van en die rasionaal vir brugjare; verpligte, vrye en basiese onderwys; meganismes vir horisontale en vertikale deurstroming, waarmee gepaard gaan die openheid of geslotenheid van die stelsel; die afvoermeganismes; differensiasie op bepaalde skoolvlakke en die aangeleentheid van standarde, sertifisering en kanaliseringmeganismes" (RGN, 1981:26). In enige geordende gemeenskap is daar 'n verskeidenheid aspekte wat in gedagte gehou moet word by die beplanning en daarstel van 'n onderwyskundige struktuur. Die rede hiervoor is dat die stelsel van onderwys veel meer is as onderwys wat in erkende onderwysinstitusies soos skole, kolleges en universiteite verskaf word. "Dit sluit alle vorme van onderwys in wat op geordende gemeenskapsbasis aangebied word ten einde bepaalde doelstellings te verwesenlik" (Bondesio & Berkhout, 1987:44).

2.3.4 Ondersteuningsdienste

Die aard en tempo van verandering en vernuwing in ons hedendaagse wêreldsamelewing is verbysterend. "We are simultaneously experiencing a youth revolution, a colonial revolution, an economic revolution and the most rapid and deep-going technological revolution in history" (Toffler, 1971:170). Dit bring mee dat nuwe kennis, metodes, tegnieke en houdings aan die orde van die dag is. Om hierdie vermeerderde en ingewikkelde kennis te absorbeer, te verwerk en oor te dra, verg 'n gesofistikeerde infrastruktuur van hulpmiddele en dienste om enigsins die uitdaging effektief die hoof te bied. Veral op onderwysgebied, waar die sentrale verantwoordelikheid lê by die ontsluiting van die leerling se

vermoëns om sinvol te reageer op die uitdagings van die omgewing waarin hy leef, is 'n omvattende stelsel van ondersteuningsdienste onontbeerlik ten einde te help met die ontsluiting van die totale werklikheid. Die vraag ontstaan nou vir wie die ondersteuningsdienste bedoel is en wat met ondersteuningsdienste bedoel word in onderwysverband. "Ondersteuningsdienste kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik dié aan die leerders en dié aan die opvoeder/onderwyser/dosent" (Van Schalkwyk, 1988:136). Dit impliseer dat die aanbieder van die inhoudelike steun nodig het om sinvol te beplan, oor te dra en te kontroleer. Aan die ander kant word die ontvanger gesteun in die verwerwing, verwerking en weergee van die aangebode inhoud. Voorbeelde van ondersteuningsdienste aan die leerder behels onder andere voorligting, leerprobleemdiagnose- en remediëring, mediese hulp, hulp aan leerders met spesiale onderwysbehoefte, skoolbiblioteek- en skoolreisdienste.

Vir die leerstofaanbieder is daar ondersteuningsdienste soos onderwystegnologiese bystand, navorsingsdienste en kurrikulum- en vakkundige dienste (RGN, 1981:26); Van Schalkwyk, 1988:136). Dit is dus duidelik dat 'n gesofistikeerde onderbou noodsaaklik is indien die eise van 'n moderne onderwysstelsel, veral ten opsigte van die steundienste daaraan verbonde, tot sy reg moet kom. Om dié rede kan daar met reg gesê word dat dit lynreg in verhouding staan tot die vermoëns, veral ten opsigte van beskikbare finansies, van 'n gemeenskap/land.

2.3.5 Slotson

In die voorafgaande bespreking is die samestellende elemente van 'n onderwysstelsel aangedui. Dit moet egter altyd in gedagte gehou word dat die mense is wat stelsels

maak en nie andersom nie. Stelsels is bloot rigtinggewend. Die mens met sy durf, sy motivering, sy innovering en sy geloof bly die belangrikste faktor in enige onderwyskundige, oorlewings- en oorwinningsgebeure. "At a gut level, all of us know that much more goes into the process of keeping a large organization vital and responsive than the policy statements, new strategies, plans, budgets, and organization charts can possibly depict. But all too often we behave as though we don't know it. If we want change, we fiddle with the strategy. Or we change the structure. Perhaps the time has come to change our ways" (Peters & Waterman, 1984:3).

2.4 DIE ONDERWYSSTELSEL AS VERVLEGTINGSTRUKTUUR

2.4.1 Van primitiewe samelewing tot geordende gemeenskap

Primitiewe samelewings word gekenmerk deur eenvoud in behoeftes en ongekompliseerdheid in verhoudinge. In sulke gemeenskappe is daar nog nie 'n duidelike onderskeid tussen die verskillende sosiale strukture nie. Die hoof van die stam/groep is dikwels ook die hoof van die kulturele of kerklike groepering. 'n Verdere kenmerk is die voorkoms van die uitgebreide familie in teenstelling met die voorkoms van afsonderlike gesinne. Omdat die hele gemeenskap dieselfde lewensdoelwitte nastreef, vind daar ook gesamentlike ekonomiese aktiwiteite plaas. In so 'n samelewing is die opvoeding van kinders ook die verantwoordelikheid van alle volwassenes. Daar is met ander woorde 'n afwesigheid van spesialisasie in die sin dat daar nie spesiaal toegeruste lede is wat spesifieke toegewysde take verrig nie. Alle lede van so 'n gemeenskap is afsonderlik en gesamentlik betrokke by alle funksies wat die voortbestaan van die groep verseker en hulle behoeftes bevredig (Rupert, 1977:3). Hierdie

funksies wat verrig word, dui op arbeid op verskillende vlakke wat daarop gemik is om die natuur aan te pas by die mens se behoeftes.

Groter ontsluiting van die mens en sy samelewing se vermoëns, onder leiding van die dominante geestesmag en met inagneming van die voorskrifte van die aspekte van die werklikheid, lei tot al hoe meer behoeftes wat bevredig moet word. "Ontwikkelde gemeenskappe word vandag gekenmerk deur die bestaan van talle sosiale verbande waarvan die belangrikste die gesin, kerk, staat, skool, verenigings, klubs, komitees en rade van allerlei aard is. Elkeen het 'n eiesoortige struktuur, aard en bestaanswyse, want elkeen word tot stand gebring om 'n besondere funksie met die oog op 'n besondere doel in die gemeenskap te verrig "(Van Schalkwyk, 1988:3).

2.4.2 Die verband tussen gemeenskapsverbande

Confucius, die groot Sjinese wysgeer, het in die tydperk 551 v.C. - 479 n.C. gelewe. In hierdie tydperk was die Sjinese samelewing in chaos gedompel. Om die rede het hy sy leringe van deugsamheid en die herstel van ordelike instellinge gesien as middele tot die herstel en uitbou van die samelewing. 'n Kernaspek van sy benadering was die sogenaamde 'rectification of the names' wat in der waarheid neerkom op die herstel en erkenning van sisteme, wat stabiliteit aan die gemeenskap verleen. "Under such circumstances, it is natural for Confucius to advocate a rectification of the names between a ruler and his subjects, hoping this would rehabilitate the disintegrated political and social system" (Kung Te-cheng, 1986:19). Confucius beklemtoon dus dat die harmoniese funksionering van gemeenskapsverbande 'n voorvereiste is

vir die voortbestaan van geordende gemeenskapslewe. Brubacher (1962:55) wys daarop dat sulke sosiale verbande inherent aan die menslike aard is "... man seems everywhere and always to be caught up in an intricate web of social relations. Without them the newborn babe would almost surely perish".

Die gesin is die kerngemeenskapstruktuur waar die kind sy eerste kontak met interpersoonlike verhoudinge maak. Hier leer hy die taal van sy groep asook aanvaarbare wyses van optrede teenoor andere. Saam met die res van sy gesinslede beweeg hy na 'n altyd breërwordende kring van gemeenskapsverbande wat sy behoeftes vervul en sy optrede as lid van 'n gemeenskap reguleer. Bondesio en Berkhout (1987:93-95) wys aan die hand van die Idenburg-model op institusies soos die staat, kerk, ondernemings, kulturele organisasies, beroepsorganisasies en massakommunikasie-middele wat tot stand kom om menslike en gemeenskapsbehoeftes te bevredig. Elkeen van die samelewingsverbande het 'n eie taak om te vervul en moet hom weerhou van oorskryding op die terrein van ander samelewingsverbande. "Die kerk dryf byvoorbeeld nie handel en die sakewêreld reël nie eredienste nie" (Ruperti, 1977:3). Loots (1983:50), onder die invloed van Dooyeweerd, noem hierdie eie aard en eie funksie van elke gemeenskapsverband "soewereiniteit in eie kring". Alhoewel daar dus 'n vervlegting tussen die gemeenskapsverbande bestaan, is daar nie oorskryding nie, of altans behoort daar nie oorskryding van perke te wees nie. As die staat byvoorbeeld sy ondersteuningsrol aan die onderwys sou versaak en in die plek daarvan op funksionele en professionele terrein die onderwys reguleer, dan is daar 'n versteuring van die onderlinge harmonie tussen gemeenskapsverbande. Die onderwys sal dan nie onafhanklik wees nie, dog

ondergeskik aan die staat. Staatsdoelstellinge, in plaas van onderwys- en opvoedkundige doelstellinge, sal dan die hoogste prioriteit geniet.

Die vorming van gemeenskapsverbande hou verband met die geskiedenis en tradisie van 'n bepaalde gemeenskap. Hierdie historisiteit dien dan in 'n sekere mate as waarborg vir die selfstandige voortbestaan daarvan. Die onderwysstelsel, as gemeenskapsverband, het byvoorbeeld sy ontstaan daarin dat dit moes dien as hulp vir die ouers en die gesin om die onvolwasse kind te lei tot aanvaarding van sy rol binne 'n al hoe meer komplekse wordende gemeenskap. "Bewus of onbewus is alle onderwysstelsels besig om die leerling toe te rus vir die volwasse aanvaarding van 'n eie kultuurmandaat" (Stone, 1984:97).

Samelewingsverbande, soos die onderwysstelsel, is dus deel van die werklikheid en daarom vertoon dit, individueel en in samehang, ook die modaliteite van die werklikheid. Die vyftien modaliteite van die werklikheid met hulle sinkern word deur Van Schalkwyk (1988:25) soos volg weergegee :

Geloof = sekerheid, vastigheid, vertrouwe
Etiese = liefde, trou
Juridiese = vergelding
Estetiese = skone harmonie
Ekonomiese = besparing, waarde afweging
Sosiale = omgang en verkeer
Linguistiese = simboliese betekening
Kultuurhistoriese = beheersende vormingsmag
Analitiese = ontledende, logiese
Psigiese = gevoel
Biotiese = lewe

Fisiese = energiewerking
Kinematiese = beweging
Ruimtelike = kontinue uitgebreidheid
Numeriese = kwantiteit/getal

In die mens en sy samelewingsverbande is al vyftien die bestaansmodaliteite teenwoordig. Verskille kom egter voor in die wyse waarop normatiewe waarde daaraan geheg word. 'n Mens kan byvoorbeeld eties of oneties lewe (etiese modaliteit) of 'n gemeenskap kan bestaan uit meer mense as 'n ander gemeenskap (numeriese modaliteit).

2.4.3 Die plek van die onderwysstelsel in die vervlegting van die samelewingsverbande

Die onderwys van 'n gemeenskap, wat die produk is van die daargestelde onderwysstelsel, is midde-in die maatskaplike kragveld op enige gegewe tyd. Die vraag duik egter op in hoe 'n mate hierdie situasie die soewereiniteit van die onderwysstelsel, as gemeenskapsverband, beïnvloed. Vogelaar & Bregman (1984:22) is van mening dat die moderne skool as instituut van onderwysvoorsiening in die sentrum van die maatskaplike kragveld staan. Hulle meen dat die ander gemeenskapsverbande al hoe meer eise aan die onderwys stel. Bondesio & Berkhout (1987:91-92) wys ook op hierdie eksterne beïnvloeding deur maatskaplike kragte op die onderwys en noem dit 'eksplisiete insette'. Aan die ander kant beïnvloed die onderwys die samelewing en dit noem hulle 'n 'implisiete wisselwerking'.

Van die maatskaplike vraagstukke wat byvoorbeeld hedendaags wêreldwyd baie aandag geniet, is 'n soeke na menseregte en die nastreef van wêreldvrede. Baie van die voorstanders van hierdie lofwaardige oortuiginge is eerlik en opreg in hulle motivering en optrede, dog baie is bloot besig met 'n spel van ideologiese versinsel

waarin die onderwys dikwels 'n handige en liggelowige medium is. "... in many schools and colleges children are being regularly fed a diet of dangerous nonsense calculated to prevent them thinking objectively about the condition of the world and about ... defence needs. The core elements in this exercise in anti-democratic propaganda are peace studies and world studies" (Marsland, 1988:13).

In verdere aansluiting by die bespreking oor die gemeenskapsgerigtheid (die eksplisiete en implisiete insette) van die onderwys sê Porter (1975:25) dat die aandrang op groter openheid van die onderwys oor die hantering van sosiale kwessies so sterk is, dat daar daadwerklike oproepe uitgaan vir die daarstel van alternatiewe onderwysstrukture om dit die hoof te bied. "Political socialization occurs, no matter what kind of education a child has. The alternative school movement has a considerable body of research to support the view that traditional schooling has had either little impact, or an unintended impact in this area" (Porter, 1975:34).

Daar is egter ook teenstand teen so 'n pragmatiese en allesomvattende rolvertolking van die onderwys. Tydens die tweejaarlikse algemene vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging op 24 September 1988, het dr. H.J.S. Stone hom onomwonde uitgespreek teen 'n oordrewe politiesmaatskaplike onderwysbetrokkenheid. Hy het die rol van die onderwys gestel as ..." 'n aanvullende instelling tot die huislike opvoeding wat gerig is op die volwassewording van die jeug vir 'n wêreld wat reeds is en kom "(Anon., 1988d.:6). Dit is 'n voorvereiste dat die onderwys van 'n gemeenskap relevant tot die behoeftes van daardie gemeenskap moet wees. Dit is egter net so belangrik dat die onderwysstelsel sy integriteit as 'n soewereine gemeenskapsverband moet handhaaf. As daar

inbreuk op hierdie soewereiniteit gemaak word, is daar identiteitsverlies, vind daar verbrokkeling plaas en gaan die onderwys op in ander gemeenskapsverbande. Hierdie probleem word egter uitgeskakel as die hoofdoel van die onderwysstelsel, naamlik opvoedende onderwys, nie geskaad word nie. "Elke sosiale struktuur is in die onderwysstelsel betrokke ter wille van die onderwys. Die opvoedingsdoel kan nie doeltreffend bereik word sonder die verskeidenheid werksaamhede nie en daarom is die onderwysstelsel die totaliteit van 'n aantal sosiale strukture" (Van Schalkwyk, 1988:177).

Van Schalkwyk (1988:171-198) identifiseer drie groepe sosiale strukture wat ter sprake kom ten opsigte van die vervlegting tussen die onderwysstelsel in ander samelewingsverbande. In die onderwysgekwalfiseerde strukture soos die skool, universiteit en technikon vind georganiseerde onderwys en opleiding plaas.

Onderwysbelanghebbende strukture soos die gesin, die staat, die kerk en die bedryf is nie direk met onderwys in die onderwysstelsel gemoeid nie, dog het belang daarby. Die belange van die onderwysgekwalfiseerde en onderwysbelanghebbende strukture word deur knoopstrukture met mekaar versoen. Daar is byvoorbeeld knoopstrukture tussen die skool en huisgesin en knoopstrukture tussen die skool en die staat. Die onderwysstelsel is dus gerig op bevrediging van die onderwysbehoefte van 'n beplaaide groep mense. "Daarom is die onderwysstelsel nie 'n doel op homself nie, maar bestaan dit om in die onderwysbehoefte van die teikengroep te voorsien, die onderwysstelsel is dus afgestem op die teikengroep." (Steyn, 1989:49).

2.5 DETERMINANTE VAN 'N ONDERWYSSTELSEL

2.5.1 Inleiding

Net soos enige ander verskynsel het 'n onderwysstelsel sekere kenmerke wat verantwoordelik is daarvoor dat so 'n verskynsel is wat dit is en nie iets anders nie. Dieselfde verskynsel kan egter as gevolg van sekere bepalende faktore 'n ander voorkoms aanneem op 'n ander plek en tyd. So byvoorbeeld meen Rädcl & Reynders (1971:127-136) dat die faktore (ook genoem determinante) wat verantwoordelik is vir die vestiging van 'n bedryf op 'n sekere plek, afhang van sulke aangeleenthede soos die afsetmark, grondstowwe, vervoer, arbeid, brandstof en dryfkrag, water, klimaat, kapitaal, munisipale vergunnings, industriële sentra en persoonlike oorwegings. Uit die aard van die saak is daar 'n menigte determinante wat 'n verskynsel, onder andere die onderwysstelsel, kan beïnvloed. In die geval van die onderwysstelsel kan die faktore of determinante in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik die interne determinante en die eksterne determinante (Steyn, 1989:74). |Wat egter wel belangrik is, is dat die determinante wat wel invloed op 'n onderwysstelsel uitoefen, daartoe moet lei dat die daargestelde onderwysvoorsiening "... harmonieer met die werklike en wesenlike behoeftes van die samelewing ..." (RGN, 1981:20). In die literatuur kom daar 'n veelheid van determinante van die onderwysstelsel voor. In die bespreking van die nasionale bewussyn as 'n determinant van die onderwysstelsels in die Republiek van Sjina en die vir die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika, sal dus gewys word op die invloed van 'n nasionale bewussyn op die onderwysstelsels van genoemde twee lande.

2.5.2 Interne determinante van 'n onderwysstelsel

Interne determinante is daardie invloede wat in die onderwysstelsel self geleë is en wat dui op 'n stimulerende of beperkende invloed van een komponent van die onderwysstelsel op 'n ander. "Die interne determinante kan opvoedkundig van aard of histories van aard of wisselwerkend van aard wees "(Steyn, 1989:74). Die opvoedkundige sy is ter sprake as die teikengroep, naamlik die leerders sentraal staan en hulle behoeftes die inhoud en aard van die onderwysstelsel bepaal. Faktore wat hier van belang is, is die aantal leerders, hulle ouderdomme, geslag, kultuur, sosio-ekonomiese status, individuele aanleg, vermoë en belangstelling.

Daar kom egter gevalle voor waar 'n bepaalde komponent van die onderwysstelsel as gevolg van historiese redes die voorsiening in nuwe onderwysbehoefte kan aanhelp of beperk. So byvoorbeeld kan swak onderwysfasiliteite die invoer van 'n nuwe vak of kursus beperk, terwyl goeie fasiliteite dit kan aanhelp (Steyn, 1989:74). Interne determinante is wisselend of wederkerig van aard wanneer die aard of inhoud van een komponent die aard of inhoud van 'n ander komponent beïnvloed. Skooldagtye wat deel vorm van die onderwyskundige struktuur, kan byvoorbeeld beïnvloed word deur die feit dat leerlinge van skoolbusvervoer, wat onder ondersteuningsdienste ressorteer, gebruik maak (Steyn, 1989:75).

2.5.3 Eksterne determinante van die onderwysstelsel

Die onderwysstelsel is deel van die werklikheid en is daarom ook onderhewig aan eksterne invloede wat daarop inwerk en die ontwikkeling daarvan bepaal. Stone (1984:hoofstuk 6-7) beskou hierdie eksterne beïnvloeding

as synde hoofsaaklik op twee terreine naamlik die eksterne determinante van die natuursy en die eksterne determinante van die kultuursy. Omdat dit hier gaan om aspekte van die werklikheid en bestaanswyses binne die werklikheid, word determinante ook gekenmerk deur modaalbepaaldheid (vergelyk paragraaf 2.4.2). Die eksterne determinante is daardie kragte en faktore wat die fisiese omgewing en die onderwysbehoefte van die teikengroep (leerders) aanspreek. Van hierdie determinante is onder andere die lewens- en wêreldbeskouing van die teikengroep, die kultuur van die teikengroep, die samestelling van onderwysbelanghebbende strukture en die demografie en geografiese omgewing van die teikengroep (Steyn, 1989:76).

2.5.3.1 Die lewens- en wêreldbeskouing van die teikengroep as determinant

Die onderwysstelsel van 'n bepaalde gemeenskap gee uitdrukking aan die onderwysbehoefte van daardie gemeenskap. "Dit is dus duidelik dat die aard van daardie onderwysstelsel lewensbeskoulik bepaald sal wees, want alles wat die mens doen, word bepaal deur sy lewensbeskouing" (Steyn & Steyn, 1988:14). 'n Christelike gemeenskap sal dus 'n onderwysstelsel hê wat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing omvat. "Die opvoeding van die Christen, ooreenkomstig sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing, is ... altyd Godgerig, is altyd 'n vorm van 'n religieuse terugbinding aan God" (Van der Walt, 1983:15).

2.5.3.2 Die kultuur as determinant

As deel van die maatskaplike pligte van die mens is dit die taak van die ouer mense om te sorg vir die jonges. Dit behels onder andere die oordrag van die gemeenskap se eiesoortige leefwyse aan die opkomende geslagte deur middel van opvoeding en onderwys (Vogelaar & Bregman, 1984:67). Die tipe onderwys wat gelewer word, sal dus in ooreenstemming wees met die leef- en wêreldbeskouing van die gemeenskap, wat op sy beurt vergestalt is in die kultuur van die gemeenskap. "Die kultuur van die teikengroep bepaal naamlik die onderwysbehoefte van die teikengroep, ..." (Steyn, 1989:78).

2.5.3.3 Die samestelling van die onderwysbelanghebbende strukture as determinant

Hoe ingewikkelder 'n samelewing, hoe meer samelewingsverbande is daar wat belang het by die onderwys wat aan 'n bepaalde teikengroep verskaf word. Die moderne samelewing, ook die moderne onderwysstelsels, is dikwels so gekompliseerd dat dit moeilik is om te bepaal wat wesenlik en wat bysaak is (Pistorius, 1982:22). Verskeie gemeenskapstrukture het belang by die onderwys wat gelewer word, aangesien die leerder in die onderwys-situasie uiteindelik as volwassene sy plek in hierdie strukture moet volstaan. In die geval van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is daar byvoorbeeld die staat, kerk, gesin, sakesektor, kultuurliggame en vele meer gemeenskapstrukture wat 'n belang by die onderwys het.

2.5.3.4 Demografie en geografiese omgewing van die teikengroep as determinant

Steyn & Malao (1986:14-16) verwys na getalle, ruimtelikheid en beweging as determinante van die onderwysstelsel. Wat getalle aanbetref, is die aantal leerlinge byvoorbeeld bepalend vir die aantal klaskamers wat benodig sal word vir effektiewe onderwys. Ruimtelikheid bepaal onder andere die diversiteit van tipes van onderwys wat aangebied word. In meer dig bevolkte areas sal daar 'n wyer verskeidenheid van onderwys aangebied kan word as in yler bewoonde gebiede. Beweging van leerlinge vanaf een gedeelte van 'n land na die ander maak dit noodsaaklik om sover moontlik 'n eenvormige sillabus te hê sodat kontinuïteit in onderrig gehandhaaf kan word. Steyn (1989:82) onderskryf hierdie siening wanneer hy sê : "Die demografie verwys in die eerste plek na die getalle, verspreiding en beweging as dinamiese komponente van die bevolking as basis van die teikengroep van die bepaalde onderwysstelsel".

Die topografie dui meer op die geografiese omgewing waarbinne die onderwysstelsel funksioneer. Die voorkoms van berge, riviere en ander geografiese faktore bepaal waar skole gebou kan word. Waar daar grondstowwe voorkom, sal daar 'n konsentrasie van mense wees om dit te ontgin. Onderwys moet ook aan so 'n gemeenskap voorsien word en die tipe onderwys moet gemik wees op die teikengroep sodat hulle wel die grondstowwe kan ontgin. Die klimaatomstandighede bepaal ook die tipe skoolgeboue wat opgerig word asook die tye waarin onderwys voorsien moet word. "Ter wille van beter konsentrasie begin en sluit skole in die subtropiese streke van Suid-Afrika vroeër om die middaghitte te ontloop" (Stone, 1984:71).

2.5.4 Die samehang tussen determinante

Al die determinante, soos bespreek, staan in 'n besondere verhouding tot mekaar. Die rede daarvoor is dat die werklikheid 'n totaliteit is. Om dié rede is daar 'n sterk oorfleueling en geïntegreerdheid by die teenwoordigheid van determinante. Dit is byvoorbeeld nie moontlik om in 'n samelewing wat gebuk gaan onder die werklikheid van die sondeval te praat van etiese norme sonder die teenwoordigheid van die juridiese om etiese norme en standaarde af te dwing nie. Selfs etiese norme en standaarde is op sigself weer 'n produk van die kultuurhistoriese determinante van 'n samelewing; wat vir een samelewing aanvaarbaar is, kan by 'n ander een taboe wees. Binne die algemeenheid en diversiteit speel determinante egter hulle rol in die bepaling van die vorm van 'n onderwysstelsel net soos wat dit die geval is met enige ander samelewingsverband. As gevolg van die veranderende behoeftes van 'n samelewing verander die determinante wat verantwoordelik is vir die totstandkoming van gemeenskapstrukture dan ook dienoooreenkomstig.

2.6 DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSEL

2.6.1 Nasionale bewussyn

"The spirit of nationalism is best expressed in the way a people values its own history, loves its own culture, safeguards its own dignity, and fights, if necessary, to ensure the independence of its own country" (Chiang Kai-chek, 1969:267). 'n Nasionale bewussyn word dus gekenmerk deur die houding wat 'n gemeenskap het jeens sekere gemeenskaplike elemente soos dieselfde kultuurhistoriese tradisie en dieselfde geografiese gebied van

bewoning. Swart (1982:1) deel Chiang Kai-shek se siening oor wat 'n nasionale bewussyn is, dog wys verder daarop dat die voorkoms van 'n nasionale bewussyn binne 'n gemeenskap nooit 'n voltooide proses kan wees nie. Aangesien die werklikheid onderworpe is aan verandering word die nasionale bewussyn ook binne tyd-ruimtelike verband beleef. Dit impliseer dat mense, wat voorheen nie deel was van die nasionale bewussyn van 'n reeds gevestigde gemeenskap nie, deur blootstelling en beïnvloeding hulle kan vereenselwig met die dominante gemeenskap en sodoende deel kan hê aan daardie gemeenskap se groepsidentiteit.

Van der Wateren (1979:113) en Mc Cord (1952:445) beweer dat mense met 'n gemeenskaplike nasionale agtergrond en leefwyse saamgebind is deur dieselfde nasionale aspirasies- en gevoelens en dat dit hulle voortstu na gemeenskaplike nasionale doelwitte. "To harness the spiritual forces of a people for national well-being; to remove the inhibitions, frustrations and hates of division and sectionalism, the nations of the world employ symbols to cultivate unity, to facilitate the need of the people to express national emotion, and to canalize it in a given direction by using anthems, flags and institutions as symbols expressing love and loyalty for country and nation, and all that belongs to them" (Mc Cord, 1952:445).

'n Nasionale bewussyn kom egter nie oornag en vanself tot stand nie. Dit gaan gepaard met tydsverloop en dikwels met stryd. In Suid-Afrika is die nasionale bewussyn van die Afrikaners, asook dié groepe wat hulle daarmee vereenselwig het, vir baie jare in bedwang gehou deur die invloed van die Engelse koloniale invloed. "'n Volk word

nie sommer maar soos koring groot nie. Uit 'n proses van woeling kom daar vorm, wording. Uit die chaos tree orde te voorskyn, uit 'n massa mense, 'n vormlose groep, tree 'n volk te voorskyn" (Coetzee, 1961:35).

Die nasionale bewussyn verloor sy saambindende krag as die eenheid in samestelling en eenheid in strewe van so 'n gemeenskap aangetas word. Hierdie aantasting kan op twee maniere geskied. In die eerste plek kan die invloed van nuwe kragte op gevestigde strukture daartoe lei dat so 'n gemeenskap homself verswak deur die prysgawe van eie identiteit (Liebenberg, 1976:7). In die tweede instansie kan daar doelbewuste ingryping van een land teenoor 'n ander land wees met die doel om so 'n land te onderwerp. Die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke het grootliks tot stand gekom deur van die samestellende state met dwang onder 'n kommunistiese diktatuur in te lyf. Die bevolking van die Ukraine was doelbewus deur die Sowjetregering uitgehonger "... as a way to breaking peasant opposition to collectivisation and destroying Ukrainian nationalism" (Rummel, 1989:5).

Alhoewel die nasionale bewussyn sterk kan vertoon in sekere gemeenskappe, is dit belangrik om te onthou dat dit nooit absoluut homogeen in enige gemeenskap voorkom nie. Daar is altyd die kerngroep met wie baie vreemdelinge mettertyd assosieer. Daar is egter ook altyd groepe binne 'n gemeenskap wat hulle eie taal en lewenspatroon bly handhaaf alhoewel hulle die staatsgesag van die dominante groep aanvaar. "Volke is nie geslote eenhede nie en is na hulle samestelling altyd aan die vloeibaarheid en interne wisseling wat uit die beïnvloeding tussen kerngroep en vreemdelinge spruit, onderhewig" (Coertze, 1984:9).

Alhoewel die liefde vir die eie lei tot 'n samehorigheidsgevoel, is dit die staat, as samelewingsverband, wat die oorhoofse verantwoordelikheid het vir die beskerming van die nasionale bewussyn binne sy erkende geografiese gebied. Die nasionale staat staan binne in die internasionale statestruktuur voortdurend voor die werklikheid dat sy eie soewereine identiteit bedreig word deur die destabiliserende invloede en bemoeienis van ander state. "Strukturele gelykheid, as kernmoment in die tussenstaatlike omgang, aldus voortdurend omgewoel word van gelykheid na ongelykheid waar die een altyd bo die ander sal wil wees in 'n werklikheidsvreemde of onregsposisie van verowerde en veroweraar" (Wessels, 1978:29). In 'n vrye en demokratiese nasionale staat, wat die soewereiniteit in eie kring van elke samestellende samelewingsverband erken en beskerm, is die positiewe identifisering van elke lid met die doelwitte van die staat onontbeerlik vir die voortbestaan daarvan. "Nasionale moreel - 'ondersteuning' van die staatsburgery aan die owerheid langs die ganse bestaanspektrum - is onontbeerlik vir die handhawing van ewewig en harmonie tussen die veelheid van regsbelange op die staatsterritorium," (Barnard, 1978: 44). 'n Nasionale bewussyn is dus daardie gesindheid by 'n gemeenskap wat getuig van 'n liefde vir dit wat die eie is en 'n gepaardgaande bereidwilligheid om die eie te beskerm teen bedreigings asook om die eie uit te bou en te ontwikkel in ooreenstemming met die eise van die tyd.

2.6.2 Verband tussen die nasionale bewussyn en die onderwysstelsel

Daar is reeds gewys op die plek van die onderwysstelsel in die vervlegting van samelewingsverbande (vergeelyk paragraaf 2.4.3). "'n Georganiseerde onderwysstelsel staan in diens van 'n bepaalde gemeenskap. Dit word

ontwerp om as aanvullende opvoedingsdiens die kinders van 'n betrokke gemeenskap in die lewenstyl van daardie gemeenskap in te dra" (Van Zyl, 1975:218). Dit lê dus op die weg van die onderwys om toekomstige burgers te skool wat in alle opsigte kan beantwoord aan die eise van die samelewing waaruit hulle kom. In dié lig gesien, is dit ook deel van die onderwys om die leerlinge te staal teen invloede wat die bestaande lewens- en wêreldbeskouing wil aantast en afbreek. Dit kan dus slegs plaasvind indien 'n affiniteit gekweek word vir die verlede, hede en toekomsverwagtinge van die betrokke gemeenskap. Die gekompliseerdheid van die hedendaagse samelewing, asook die aanwesigheid van 'n veelheid van nuwe en vreemde invloede, maak dit egter uiters moeilik om normatiewe suiwerheid by die leerlinge tuis te bring.

Aanvaarde en beproefde norme en standaarde van weleer is konstant onder druk van kragte wat die status quo bevraagteken en goed gemotiveerde redes aanbied vir die aanvaarding van nuwe houdings en gesindhede wat dikwels tot nadeel van die voortbestaan van die ordelike gemeenskap geskied. Die gevaar lê juis daarin dat die aanslag op die gees van die mens hedendaags nie bloot op lukraak wyse geskied nie, dog dat dit deel vorm van 'n goed beplande en goed georkestreerde aanslag ten einde 'n teikengemeenskap se wil tot oorlewing af te takel. "From historical and theoretical studies one can realize that one of the most significant steps taken by the Communists in their onslaught is what has been called 'ideological conquest'. The essence of 'ideological conquest' is the direct attack upon the human mind as taught by Karl Marx and Nicolai Lenin" (Wang Sheng, 1980:16).

In lande wat onder kommunistiese beheer is en was, is die onderwys wel deeglik as 'n instrument gebruik om die beginsels van die kommunistiese doktrine, sowel as die verheerliking van die rewolusie aan die leerlinge oor te dra. In die Volksrepubliek van Sjina (Kommunistiese Sjina) word 'n groot gedeelte van die kurrikulum aan die staat se politieke doelwitte gewy. "If work classes, military training classes, student extracurricular activities (including social surveys) and daily political thought work is taken into account then a very considerable amount of time is devoted exclusively ... to the carrying out of political thought education among students". (Wu Tsai-Kuang, 1987:58).

Die staat het die juridiese en die swaardmag in sy hande. Sy hoof funksie is om die totale infrastruktuur van 'n gemeenskap in stand te hou en te beskerm. Deel van die staat se instandhoudings- en ontwikkelingsfunksies is die daarstel van 'n onderwysstelsel, ten einde goed opgeleide, gemotiveerde en volwasse burgers te kweek wat verantwoordelikheid sal en wil aanvaar vir die hele staatshuishouding met sy partikuliere aard en struktuur. Gebaseer op die samelewingswerklikheid, is dit die kurrikulumkundige se taak om leerinhoud te formaliseer wat sal beantwoord aan die behoeftes van die gemeenskap (Steyn, s.j.:61). Om dié rede kom onderrig in die eie taal, geskiedenis en verwante vormingsvakke vrywel algemeen voor in die onderwysstelsels van gemeenskappe. Dit dien as bolwerk teen die aanslag van vreemde invloede en bestendig die volkseie (Carstens, 1984:1) en dien ook langs dié weg om 'n nasionale bewussyn te kweek en uit te bou (vergelyk paragraaf 2.6.1). Die nasionale onderwysstelsel is dus, bewustelik of onbewustelik, betrokke by die ontwikkeling van die nasionale bewussyn.

2.6.3 Evaluering van die nasionale bewussyn as determinant

As deel van die vervlegting van samelewingstrukture is dit die taak van die onderwysstelsel om sy spesifieke verantwoordelikheid tot die lewering van opvoedende onderwys aan die gemeenskap waaraan dit behoort na te kom. Elke samelewingsverband het sy eie partikuliere identiteitstruktuur. Die mate van aanvaarbaarheid van hierdie identiteitstruktuur vir die lede van die gemeenskap bepaal die graad van lojaliteit en liefde teenoor die struktuur. As dit berus op vrywillige aanvaarding en verinniging, sal daar groter affiniteit voor wees as wanneer dit op 'n gemeenskap afgefoerseer word deur kragte buite die aanvaarde lewens- en wêreldbeskouing.

Die onderwys is in diens van die gemeenskap en daarom sal die voorkoms van die nasionale bewussyn as 'n determinant direk in verhouding wees met die aanwesigheid daarvan in staatsverband. In tye van bedreiging teen die samelewing kan dit gebeur dat die balans tussen die onderskeie gemeenskapsverbande in die rigting van die staatsbestel mag swaai.

Dit is per slot van sake die staat wat die raamwerk skep vir die outonome funksionering van die ander gemeenskapsverbande. Wat egter altyd belangrik bly, is die feit dat selfs 'n aspek soos die strewe na 'n nasionale bewussyn moet kan beantwoord aan die eise van normatiewe aanvaarbaarheid. Die nasionale bewussyn, as determinant van die onderwysstelsel, moet dus beantwoord aan die vereistes van verantwoordbare, opvoedkundige onderwys. As die onderwys onbehoorlik en willekeurig in diens van die staat se doelwitte gestel word, dan is dit 'n flagrante oorskryding van grense en nie onderwyskundig/opvoedkundig verantwoordbaar nie. In so 'n geval sou die nasionale

bewussyn, as determinant van die onderwysstelsel, onaanvaarbaar wees. 'n Voorbeeld van onbehoorlike staatsinmenging in die onderwys is die geval van Kuba, waar die onderwys feitlik as 'n gedwonge instrument aangewend word om die rewolusionêre beginsels aldaar te bestendig. "No honest scientist can accept the return to the Middle Ages, the imprisonment of thinking by the bounds of policy dogma, the conditioning of truth to official propaganda, the use of education and culture as instruments of disinforming manipulation" (Ramirez, 1988:4). In kommunistiese Rusland word die opvoeding en onderwys van die kind ook sterk staatsgesentreerd aangebied. Absolute trou aan die Kommunistiese Party en sy doelstellings is die hoogste goed en alles wat hiermee bots, is verwerplik. Die onderwys en opvoeding, onder sulke omstandighede, is dus uiters eng en bied geen ruimte vir die totale ontwikkeling van die kind se vermoëns nie (Basson, 1981:26-27).

In 'n bespreking oor die kriteria waaraan partikuliere onderwysstelsels gemeet kan word ten opsigte van die behoorlikheidseis, stel Van Zyl (1975:224) die volgende vrae : "Slaag die georganiseerde onderwys daarin om in 'n veelvormige wêreld die verskeidenheid te erken? Skep die erkenning van die eie identiteit die geleentheid vir 'n medemenslike wêreld van naasmekaarbestaan?" As die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel so funksioneer dat dit 'n saambindende lojaliteit jeens die totale samelewingswerklikheid skep, dan het dit 'n positiewe en verrykende invloed op die werklikheid van menswees. As dit egter bloot 'n middel tot 'n doel van seksionele belang is, is die waarde daarvan bedenklik.

Geen enkele faset van die lewenswerklikheid, ook nie die nasionale bewussyn, mag verabsoluteer word nie. " 'n Gesigspunt wat hier spesiale aandag verdien, is die idee

van Russiese nasionale superioriteit wat deur middel van die onderwys by die jeug gevestig word en die daarmee gepaardgaande wek van haatgevoelens en-gesindhede teenoor die nie-kommunistiese wêreld." (Basson, 1981:26).

2.6.4 Slotson

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dus dat die nasionale bewussyn wel 'n determinant van die onderwysstelsel is. Dit vervul die rol om die jeug te lei tot 'n aanvaarding van en liefde vir die lewens- en wêreldbeskouing van die gemeenskap waaraan hulle behoort en dit vergemaklik hulle aanpassing en funksionering in die samelewing. Dit dien as bolwerk teen magte wat die bestaande bestel bedreig en is 'n sterk invloed ter bevordering van 'n ordelike en homogene gemeenskap. Daar is egter behoorlikheidseise waaraan die nasionale bewussyn as determinant moet voldoen. Sover dit die individu aanbetref, moet hy gelei word tot vrywillige aanvaarding van dit wat aangebied word. As dit afgedwing word kan dit teenproduktief wees en dan lei dit tot verset. 'n Outoritêre, doktrinêre afrigting van die leerder om die nasionale bewussyn te aanvaar, kan ook lei tot 'n verskraling van die onderwys- en opvoedingsgebeure en die leermoontlikhede van betrokkenes word verskraal. 'n Oordrewe nasionale bewussyn by die gemeenskap in sy geheel, kan ook negatief inwerk op verhoudinge met groepe wat 'n ander lewens- en wêreldbeskouing handhaaf. 'n Gesonde balans is dus nodig. Liefde vir die eie impliseer nie die uitsluiting van ander se sienswyses nie. Indien die eie aard egter deur ander bedreig word, moet die wil bestaan om dit te beskerm met alle moontlike middele. Indien dit nie gedoen word nie, kan die eie identiteit ernstig aangetas word of selfs totaal ontnem word deur die kragte wat dit bedreig.

Uit die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat daar hoofsaaklik drie kriteria is waarvolgens die nasionale bewussyn as 'n determinant van die onderwysstelsel gerig moet word. In die eerste instansie moet dit 'n produk van die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke gemeenskap wees. Tweedens moet dit liefde, lojaliteit, trots en samehorigheid by die betrokke gemeenskap vir die eie land en kultuurerfenis vestig en uitbou. Derdens moet dit 'n bereidwilligheid kweek om enige aanslae van binne of van buite die staatsterritorium, wat daarop gemik is om die lewens- en wêreldbeskouing aan te tas, teen te gaan. Die eerste kriterium dui op die aard en struktuur van die betrokke onderwysstelsel en nasionale bewussyn. Die tweede het te doen met die tipe onderwys en opvoeding, met ander woorde die inhoudelike, wat aangebied word. Die derde kriterium dui aan in hoe 'n mate die betrokke gemeenskap homself handhaaf in die beskerming en uitbouing van sy eie identiteit en die bydrae van die onderwysstelsel in die bereiking van hierdie miktunt. In die bespreking van die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsels van die Republiek van Sjina en die vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika, sal vasgestel word in hoe 'n mate aan die drie kriteria voldoen word.

2.7 SAMEVATTING

Samevattend kan dus gesê word dat onderwysstelsels algemene en spesifieke eienskappe openbaar. In elke gemeenskap is daar determinante wat die aard en wese van die onderwysstelsel bepaal. Die nasionale bewussyn is by uitstek die faktor wat die eie leef- én wêreldbeskouing van 'n gemeenskap verseker. As determinant van die onderwysstelsel dra dit daartoe by dat jeugdige opgevoed word tot aanvaarding van die waardes van die gemeenskap waaraan hulle behoort.

3. DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSEL IN DIE REPUBLIEK VAN SJINA (TAIWAN)

3.1 HISTORIESE OORSIG : DIE LAND EN SY MENSE

3.1.1 Inleiding

Die Republiek van Sjina en die omstandighede aldaar, is vir baie mense totaal vreemd. Om begrip te hê ten opsigte van die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel in die Republiek van Sjina, is 'n bekendstelling van die land en sy mense noodsaaklik.

Die Republiek van Sjina, as politieke konsep, se geografiese territorium is op die eiland Taiwan. Taiwan, vroeër ook bekend as Formosa (pragtige eiland) is 'n bergagtige gebied omtrent so groot soos Holland in Europa of die Nasionale Kruger Wildtuin in die Republiek van Suid-Afrika. Die oorspronklike inwoners van hierdie land was boorlinge uit Maleisië en Sjinese immigrante vanaf die Sjinese provinsies Hakka, Fukien en Kwantung (Goddard, 1966:XIV). Geografies lê hierdie land, met sy huidige bevolking van twintig miljoen mense, minder as tweehonderd kilometer suid-oos vanaf die Volksrepubliek van Sjina (Kommunistiese Sjina) met sy meer as eenbiljoen mense.

In staatkundige verband was Taiwan in die verlede opeenvolgend onder die beheer en administrasie van Sjina, Holland en Japan. Die aanloop tot en vestiging van die kontemporêre samelewingstruktuur in Taiwan word vervolgens oorsigtelik behandel, aangesien dit direk verband het met die leef- en wêreldbeskouing van die bevolking.

3.1.2 Taiwan, 'n eilandprovinsie van die Republiek van Sjina

3.1.2.1 Aqtergrond

Staatkundig is daar twee Sjinas. Die een is die Volksrepubliek van Sjina, gevestig op die hoofland van Sjina met 'n sosialistiese ekonomiese bestel en 'n kommunistiese regeringstelsel.

Die ander is die Republiek van Sjina op die eiland Taiwan wat sterk kapitalisties ingestel is en 'n demokratiese regeringstelsel het. Beide lande handhaaf tradisionele Sjinese tradisies en is gebind deur 'n gemeenskaplike taal wat bestaan uit 'n veelheid van streekdialekte waarvan Mandaryns die erkende taal in Taiwan is.

Albei die Sjinas beskou hulleself as die ware verteenwoordigers van 'n Sjina wat herenig moet word. Hierdie eenheid in strewe, dog verskil in ideologie, vorm die basis van die verhouding van die twee lande tot mekaar.

3.1.2.2 Totstandkoming van die Nasionalistiese Republiek op die hoofland Sjina in 1911

Die Sjinese geskiedenis gaan sover terug as 2550 v.C. Deur die eeue het verskeie dinastieë inhoud aan die Sjinese samelewing gegee wat in baie gevalle op sekere terreine die wêreld ver vooruit was. Confucianisme, as allesomvattende lewensfilosofie, het rigting aan die vroeë Sjinese samelewing gegee en het deur die eeue, tot vandag toe, 'n stabiliserende invloed op daardie samelewing gehad wat ongekend in wêreldgeskiedenis is. Confucius, 551 v.C. - 479 v.C., se invloed op alle Sjinese, ten opsigte van hulle leef-en wêreldbeskouing, is sentraal. "Confucianism is the main trend of

Chinese traditional thought. Confucius is the central figure of this school and his influence on China is unsurpassed. In any case, the political ideas of Confucius can be said to have become an orthodoxy in China" (Kung Te-cheng, 1986:15).

Die Sjinese se tradisionele godsdiensoefening het nooit werklik 'n sentrale tema in samelewingsverband uitgemaak nie, aangesien Confucianisme, Taoïsme en Buddhisme meer filosofieë as godsdiensoefening in die erkende sin van die woord is. Islam en die Christendom is beide in die sewende eeu na Christus in Sjina bekend gestel en het inslag by sekere minderheidsgroepe gevind. Die oefening van kuns, veral die ingewikkelde kalligrafie verbonde aan die Sjinese prentjieskrif, is wêreldbekend. Daar is ook tradisioneel groot klem op geleerdheid gelê. Akademici is as die belangrikste groep in die samelewing gereken en daarna het boere, vakmanne en handelaars gevolg. Dit was juis die gebrekkige belangstelling in die handel wat Sjina so 'n belangrike teiken gemaak het vir lande wat sy onbenutte bronne tot eie voordeel wou eksploiteer. Verallyn in die 19e eeu was Sjina konstant onder druk van handelslande soos Engeland, Frankryk en Japan wat handelskonsessies met geweld afgedwing het. Dit, tesame met die feit dat daar 'n swak nasionale bewussyn in Sjina was, het telkens daartoe gelei dat Sjina vernederende toegewings aan buitelandse magte moes maak. Die feodale leefwyse soos verteenwoordig deur die swak en korrupte dinastiese stelsel kon net nie meer stand hou teen Westerse wetenskap en tegniek nie. 'n Samelewing waar gesinsbande belangriker was as staatsbelang moes noodgedwonge aanpas by staatkundige eise van die moderne tyd.

Nasionaliste, wat die hervorming van Sjina na 'n moderne staat nagestreef het, het hulle georganiseer in 'n

politieke beweging, genaamd die Kuomintang Party. In 1911 was hierdie beweging sterk genoeg om die Manchuregeerders van die Chingdinastie omver te werp en die Nasionalistiese Republiek tot stand te bring (Cowen, 1984:104-106).

3.1.2.3 Kommunistiese oorname van die Nasionalistiese Republiek in 1949

Alhoewel modernisering op verskeie fronte ingevoer is, het dit stadig gevorder en het Sjina 'n tydperk van aanpassing en onsekerheid binnegegaan. In Rusland het die Kommuniste in 1918 tydens 'n geslaagde rewolusie die mag oorgeneem. 'n Verklaarde kommunistiese doktrine is om arbeiders van die wêreld te verenig in die strewe na 'n wêreldwye kommunistiese staat. In 1921 het 'n kommunistiese party in Sjina tot stand gekom en hulle het dadelik oorgegaan tot die mobilisering van die stedelike sowel as die landelike arbeiders.

Dr. Sun Yat Sen, President van die Nasionalistiese Republiek, se hervormingsprogram het berus op die sogenaamde drie beginsels van die bevolking, naamlik nasionalisme, demokrasie en lewenskwaliteit. Met nasionalisme het hy die soewereiniteit van Sjina, vry van enige vorm van vreemde beïnvloeding, bepleit. Die beginsel van demokrasie het die verbreding van volksdeelname in die regering in die vooruitsig gestel. Hy het ook as derde beginsel verkondig dat alle Sjinese die reg het op 'n hoë lewenskwaliteit, die reg tot werk en 'n regverdigte inkomste en daarmee gepaardgaande maatskaplike dienste en harmonieuse sosiale ordening.

Aanvanklik was daar goeie verhoudinge tussen die Kuomintang Party en die Kommunistiese party in Rusland. Algaande het dit egter duidelik geword dat

die Kommuniste met subversie en intrige besig is om Sjina met die kommunistiese ideale te besiel.

Die Nasionalistiese regering het staat gemaak op Russiese Kommunistiese steun, dog het Kommunisme as totaal onaanvaarbaar vir Sjina beskou. Kommunisme het egter al hoe meer verdeeldheid in Sjina gesaai en planne is beraam om onrus aan te wakker. "It's final aim was to overthrow the Kuomintang, to usurp revolutionary leadership, and ultimately, by hiding behind the banner of the Three People's Principles, to communize the whole of China" (Chiang Kai-shek, 1969:59-60).

Nieteenstaande periodieke terugslae het die Kommuniste in Sjina voortgegaan om die basis vir 'n Kommunistiese oorname te lê. Tussen 1937-1945 was daar oorlog tussen Sjina en Japan om Sjinese gebied teen Japannese aggressie te beskerm. Japan het die oorlog verloor, dog die nasionalistiese regering, op hierdie stadium onder leiding van Chiang Kai-shek, het die vrede verloor.

Met die steun van Rusland het die Sjinese Kommuniste oorgegaan tot gewelddadige opstand teen die regering. "Morally the communists, at home and abroad, by sweet promises and facile lies, managed to bias the world in favor of the Chinese Communist insurrection, by regarding it as a people's struggle for democracy and as an agrarian reform movement against the aggressive - minded, chauvinist Kuomintang" (Chiang Kai-shek, 1969:162). Hierdie bevooroordeelde houding teen die Kuomintang en lof vir die Sjinese Kommuniste word deur Cowen (1984:106) soos volg gestel : "The Sino-Japa-

nese War of 1937-45 gave the Communist Party an opportunity to demonstrate both its skills in agricultural renewal and its ability to inspire the whole nation to struggle against Japanese invaders. It emerged greatly strengthened from the war years, and able to overthrow the corrupt Guomintang (Kuomintang) government ...".

3.1.2.4 Die Republiek van Sjina in Taiwan en die vergestaltung van die nasionale bewussyn

Tydens die wêreldneiging na kolonisasie het Japan die eiland Taiwan (Formosa) in 1895 beset en gekoloniseer. In hierdie besettingstydperk het Japan streng stappe gedoen ten einde 'n Japannese karakter op alle fasette van die samelewing af te dwing. Alhoewel groot ontwikkelingsprojekte, veral op landbougebied aangepak is, het dit gepaard gegaan met groot uitbuiting van die plaaslike bevolking, aangesien dit alles, gedoen is met die oog op die verryking van Japan se staatskas. Daar was 'n streng Japannese militêre teenwoordigheid en die uitgangspunt was om Taiwan 'n eie identiteit te ontnem. "From the outset it was made clear that the Chinese in Formosa were a conquered people and therefore could not claim any political rights" (Goddard, 1966:161).

Na Japan se neerlaag teen Sjina in 1945 is Taiwan weer herstel as 'n Sjinese provinsie. Met die Kommunistiese oorname van die hoofland van Sjina het Chiang Kai-shek en die verslane Nasionalistiese Kuomintang regering na Taiwan uitgewyk en die Republiek van Sjina daar gevestig. Saam met die regering het daar 'n groot aantal volgelingen ook na Taiwan gegaan en hulle daar gevestig. Hulle en hulle kinders maak 'n redelike deel van die bevolking uit en staan bekend as die "hooflanders".

Alhoewel daar redelike algemene botsings en spanning tussen die gevestigde Taiwanese en die nuwe inkomelinge was, het die posisie gestabiliseer en het die gebied 'n metamorfose ondergaan. "Virtually every phase of life in Taiwan was affected by the influx of some three million 'Mainland Chinese' who soon established themselves in political leadership and set about revamping and modernizing the island" (Smith, 1986:44).

Die konstitusie van die Republiek van Sjina is op 25 Desember 1946 aanvaar en is die konkrete vergestaltung van 'n eie nasionale bewussyn. Dit is gebaseer op die drie beginsels van die bevolking soos uiteengesit deur dr. Sun Yat Sen (vergelyk paragraaf 3.1.2.3). Die eerste beginsel, naamlik nasionalisme, het die gebiedsin-tegriteit van Sjina en die eenheid van die bevolking in gedagte. Dit impliseer die onafhanklikheid van Sjina van die oorheersing deur vreemde moondhede en 'n eendragtige gemeenskaplike strewe van die Sjinese bevolking om hulle soewereiniteit te handhaaf. Demokrasie is die tweede beginsel en veronderstel regering deur die volk. Om volksdeelname- en samewerking aan te moedig word daar van koöperatiewe projekte gebruik gemaak. Die derde beginsel van volksdeelname in die nasionale welvaart veronderstel dat alle lede van die gemeenskap moet deel in die nasionale voorspoed (Republic of China, 1980:2-3).

Anders as die meeste Westerse demokrasieë wat drie staatkundige gesagsliggame het, naamlik die wetgewende, uitvoerende en geregtelike, bestaan die Republiek van Sjina se staatsmeganisme uit vyf dele te wete administrasie, wetgewend, geregtelik, eksaminering en kontrole. Die konstitusie word beskou as 'n meganisme tot

opheffing en beskerming van die bevolking, 'n bolwerk teen Kommunisme en 'n instrument wat die uiteindelijke vernietiging van die Kommunistiese regime op hoofland Sjina sal bewerkstellig en die gevolglike hereniging van vrye Sjinese moontlik sal maak. "We believe that our Constitution is perfect and that it will enable us to reunify China, set free our compatriots on the Chinese Mainland, further freedom and democracy, and create a Chinese era" (Republic of China, 1984:63).

Daar bestaan min twyfel dat die 'Three Principles of the People', as kern van die nasionale bewussyn in Taiwan grootliks verantwoordelik was vir die vooruitgang wat die land getoon het nie. Taiwan word gereken as een van die ryk lande van die wêreld en daar word algemeen gepraat van die "Taiwan experience" om die merkwaardige ontwikkeling op alle gebiede te beskryf. In die proses het Taiwan vir Kommunistiese Sjina verbygesteek wat ontwikkeling aanbetref en hy dien as rolmodel vir die onderdrukte hoofland-Sjinese wat gebuk gaan onder die beperkings van 'n kommunistiese bestel. Die sienswyse word ook gehuldig dat die Taiwanees voorbeeld daartoe kan lei dat Sjinese op die hoofland in opstand kan kom teen hulle bestaande bestel ten einde so voorspoedig soos Taiwan te word (Mc Sherry, 1989:37-38). Kragtens die Grondwet van die Republiek van Sjina is die onderwys instrumenteel in die bereiking van nasionale doelwitte (Republic of China, 1980:5). Die onderwysstelsel reflekteer dus die nasionale bewussyn van die gemeenskap.

3.2 DIE AARD EN ONTWIKKELING VAN SJINESE ONDERWYS EN OPVOEDING TOT 1949

3.2.1 Die onderwysfilosofie

In enige gemeenskap, op enige gegewe tydstip, vorm die "hartgerigtheid" van daardie gemeenskap die basis van en die vertrekpunt vir die aard en wese van elke faset van die veelheid van gemeenskapstrukture, insluitende die onderwys. "Wie die Oosterse onderwys histories en komtemporêr bestudeer, behoort die invloed van dominerende grondmotiewe te ken om die ontwikkelingskoers, inhoud en vorm van die onderwys van opeenvolgende periodes te verantwoord." (Stone, 1984:108).

Anders as in die Weste het Sjinese denke en filosofie vanuit 'n konsep van eenheid en totaliteit geskied en het nie voorsiening vir 'n fragmentariese benadering gemaak nie. Daar kan dus nie gepraat word van 'n suiwer Sjinese opvoedkundige- en onderwysfilosofie nie. "Because all great educators in traditional China were also philosophers, they did not address the question of philosophy vis-a-vis pedagogy in a reductionistic method; rather a holistic approach has been the forte of Chinese philosophy" (Smith, 1986:9).

Die klassieke werke van Confucius, geskiedenis, filosofie en suiwer literatuur vorm tog die basis van die tradisionele Sjinese onderwysvoorsiening (Wang, 1986:18) en het 'n sentrale rol gespeel in die daarstel van 'n eiesoortige Sjinese leefwyse. Sy filosofie oor die verhouding tussen die mens, sy medemens en sy totale leefwêreld het deur die eeue die basis gevorm van die Sjinese samelewing.

Die belangrikste element van hierdie filosofie is die noodsaaklikheid vir die mens om reg te lewe. Hierdie eis om reg te lewe, raak veral die mens se verhouding op vyf vlakke, naamlik individu teenoor die regering, vrou teenoor die man, seun teenoor sy vader, broer teenoor broer en vriend teenoor vriend (Gunther, 1939:185). Om dié rede verskil Confucianisme dus van die Christendom wat die skepping, sondeval, geloof en genade as uitgangspunt het vir die redding van die mens. Veral agting vir die familie ("filial piety") was vir Confucius baie belangrik. Die gesin is die kern in die Sjinese samelewing en die geloof in die ewigdurendheid van gesinsverbande het in 'n groot mate aanleiding gegee tot voorvaderverering. Alhoewel die agting vir die familie 'n belangrike rol gespeel het in die hegtheid van die Sjinese samelewing, het dit baie nadelig ingewerk op die oorkoepelende binding in staatkundige verband omdat dit negatief ingewerk het op 'n breër patriotisme en nasionalisme (Gunther, 1939: 185). Dit was dan ook een van die vername redes waarom Sjina in die negentiende en eerste helfte van die twintigste eeu nie bestand was teen die aanslae van gemotiveerde en homogene nasionale state nie.

Die tradisionele belangrikheid van geleerdheid en die geleerde elite in die Sjinese samelewing was in 'n baie groot mate die resultaat van Confucius se invloed. Geleerdheid vorm die enigste maatstaf vir bekwaamheid en bekwaamheid is die enigste vereiste vir vooruitgang, aldus die aanhangers van Confucianisme. Geen ander vereiste soos onder andere oorgeërfde mag, rykdom of stand het die rol van 'n individu in die samelewing bepaal nie behalwe sy geleerdheidsvlak. Daarom was dit 'n voorreg om te leer en is groot opofferings gemaak om die hoogste skolastiese vlak te bereik want daarmee saam het posisie en invloed in die Sjinese samelewing gegaan. Om dié rede word die onderwyser tradisioneel so hoog geag

in Sjina. "The ideas of Confucius so impressed the Chinese that for more than 20 centuries successive emperors selected his method of education to train the nations public servants" (Republic of China, 1980:1).

Vir Confucius het alles gewentel om die vorming van die totale mens wat strewe na die goeie en wat harmonie op alle vlakke nastreef. 'n Mens wat hierdie staat van volheid bereik het, het "jen" gevind. "That is to say, jen is that which makes man a man. In Confucius'view, jen stands for the sum of all moral values" (Kung Te-cheng, 1986:6). Volgens hom is daar ook net een manier waarop die mens hierdie volmaakste staat kan bereik en dit is deur onderwys. Onderwys moet ook nie net vir die bevoorregtes gereserveer word nie dog moet toeganklik vir alle mense wees. Die onderwyser moet die leerling met empatie en geduld begelei. Die wat wil leer moet aangehelp word dog dié wat nie belangstel of nie die vermoë het nie moet uit die leergebeure uitgefaseer word (Kung Te-cheng, 1986:6-8). Confucius was dus 'n voorstander van algemene onderwys, dog net vir die leerlinge wat hulle daaraan toewy en vir die wat daarby baat vind. Die moderne kreet om algemene en populêre onderwys vir almal om sodoende die onderwys as 'n sosiale opheffingsinstrument te gebruik, pas nie in by Confucius se siening nie. Net die wat hulself kan en wil help moet volgens hom deel hê aan die vooruitgang wat deur middel van onderwys verkry kan word.

3.2.2 Die strewe na vernuwing in die onderwysvoorsiening

Die Sjinese beskawing het vir eeue stand gehou as gevolg van die verkonkretisering van filosofiese riglyne, soos veral omvat in die Confucianisme, in 'n unieke Sjinese lewens- en wêreldbeskouing. Die rigiedheid van hierdie lewens- en wêreldbeskouing was enersyds die waarborg vir

voortbestaan daarvan dog andersyds was dit ook die oorsaak van kulturele stagnasie. Die dinamiek van 'n veranderende wêreld waarin nuwe kragte soos die handel, wetenskap, tegniek en nasionalisme die belangrikste determinante vir nasionale vooruitgang geword het, het die Sjinese grootliks verbygegaan. Terwyl Europa al hoe meer gefokus het op vooruitgang, was Sjina nog vasgevang in die Confuciaanse siening van deugszaamheid en tradisie. "China was to become for many 19th century Europeans the paradigm of a static society. Confucianism was ultimately seen as a source of Chinese backwardness" (Leites, 1987:243).

Veral in die 19e eeu het Sjina groot ontwrigting op haas elke lewensterrein ondervind. Buitelandse druk deur lande soos Engeland, Frankryk en Japan het daartoe gelei dat die Sjinese vernederende toegewings moes maak ten opsigte van die toekenning van handelskonsessies en die besef dat Sjina weerloos was teen die indringing van tegnies hoër ontwikkelde lande. Die kreet om vernuwing en aanpassing in Sjina, deur die skoling en opleiding van die bevolking in die eise van die moderne wêreld, het al sterker geword.

"The Manchu rulers slowly responded to this enforced and bitter modernization by establishing military and naval academies and finally by adopting plans for a modern education system in 1902" (Cowen, 1984:106)

Die aanpassing van die tradisionele Sjinese moralistiese en filosofiese onderwysbenadering by dié van die gemoder-niseerde lande was nie maklik nie. Daar is onder andere geëksperimenteer met die Japannese, Europese en Amerikaanse onderwysstelsels.

Onderliggend aan die verinniging van 'n toepaslike stel-sel was egter die feit dat die Sjinese eerstens moes

wegkom van hulle tradisionele miskenning van 'n breër Sjinese nasionale gevoel en hulle voorkeur vir gesinsbande as die sterkste saambindende faktor. Die moderne wêreld se eis vir 'n land om sterk te wees, is die feit dat al sy mense 'n nasionale wil moet openbaar om die totale vermoëns van die land aan te wend tot maksimale ontwikkeling.

In 1924 het dr. Sun Yat-sen tydens 'n lesing gewys op die gebrek aan nasionale eenheid in Sjina en dit in die vooruitsig gestel dat 'n groot ramp Sjina gaan tref indien dit nie reggestel word nie. "We are the poorest and weakest state in the world 'occupying the lowest position in international affairs; the rest of mankind is the carving knife and the serving dish, while we are the fish and the meat. Our position is now extremely perilous; if we do not earnestly promote nationalism and weld together our four hundred millions into a strong nation, we face a tragedy - the loss of our country, and the destruction of our race. To ward of this danger, we must espouse Nationalism and employ the national spirit to save the country" (Sun Yat-sen, 1953:215).

In 1947 met die aanvaarding van die grondwet van die Republiek van Sjina is daar gehoor gegee aan die noodsaak vir die daarstel van 'n onderwysstelsel wat aan die moderne eise sou voldoen. Onderwys sou toeganklik wees vir alle burgers en die staat sou die nodige infrastruktuur daarstel om uitvoering te verseker.

In 1949 het die kommuniste 'n regeringsoorname in Sjina bewerkstellig. Voortaan sou die hoofland van Sjina bekend staan as die Volksrepubliek van Sjina, gebaseer op die kommunistiese ideologie. Chiang Kai-shek en sy volgelinge het na Taiwan uitgewyk waar die Republiek van Sjina 'n anti-kommunistiese leefwyse aangeneem het. Die onderwysriglyne, soos neergelê in 1947, het die basis gevorm

vir toekomstige onderwysvoorsiening in Taiwan (Republic of China, 1980:5).

3.2.3 Invloed van die onderwysfilosofie en vernuwingsstewe op die onderwysvoorsiening tot 1949

3.2.3.1 Tradisionele onderwysvoorsiening tot 1911

Tradisionele onderwysvoorsiening in Sjina het op drie vlakke voorgekom, naamlik die plaaslike vlak, distriksvlak en die nasionale oftewel imperiale vlak. Onderwys is besonder hoog aangeskryf, aangesien dit die medium was waardeur die student aansien in die maatskappy en hoë posisies in die staat kan bekom. Om dié rede was dit algemene praktyk dat 'n plaaslike gemeenskap 'n begaafde leerling uit hulle midde dwarsdeur sy akademiese loopbaan met groot entoesiasme ondersteun. Hoe beter die leerling vorder, hoe beter is die kans dat hy 'n hoë staatsamp sou bekom. Dit sou weer daartoe lei dat so 'n leerling sy gemeenskap tot voordeel kon wees uit hoofde van die amp wat hy bekom. "Prestige and great financial interest for the man's district and village (which as a group would sometimes sponsor the gifted for a life of scholarship) were the rewards. His success in government would mean betterment for his village and district" (Smith, 1986:20).

Die studieveld op elke vlak van onderwys het groot eise aan die leerling gestel. Die groot volume werk asook die geweldige kompetisie om die hoogste sport te bereik, het daartoe gelei dat studente onder geweldige druk verkeer het.

Die streng dog objektiewe eksamineringstelsel verbonde aan elke vlak van onderwys het daartoe gelei dat slegs die leerlinge wat die meeste kennis kon memoriseer

en weergee uiteindelik suksesvol sou wees. Vir die Sjinese het die voordeel van hierdie stelsel daarin gelê dat elke persoon met die nodige vermoëns die hoogste sport kon bereik en dat vooruitgang nie afgehang het van stand of ander eksterne faktore nie. Baie lande het dan ook aanvanklik groot voordeel in hierdie stelsel gesien aangesien vordering in die staatsbestel gebaseer was op die meriete van 'n persoon. Namate Sjina egter agter begin raak het by die ander meer moderne lande, het kritiek ontstaan teenoor die leerinhoude sowel as die leermetodes van die Sjinese stelsel (Leites, 1987:241). In 1740 het 'n anonieme outeur van 'n publikasie oor Sjina gesê : "... the belief that public offices in China were filled on the basis of merit rested on the Chinese use of literary examinations to select officials. And what did these examinations test? They tested one's ability to read" (Leites, 1987:241).

3.2.3.1.1 Plaaslike onderwys

Op plaaslike vlak was die onderwys totaal in die hande van die privaatsektor. Daar was geen staat, kerk of ander institusionele bemoeienis by betrokke nie.

Ouers het 'n leermeester bekom om onderrig aan hulle seuns te gee. Die inhoud van die leerstof was die klassieke geskrifte van Confucius en Mercius, poësie, die kunste, moraliteit en etiek. Vir afwisseling is boogskiet en perdry beoefen. Die onderrig het geskied in sessies van agt tot tien ure per dag en die metode van onderrig het bestaan uit die kopiëring van historiese werke, die memorisering en interpretering van voorgeskrewe gedeeltes en uiteindelijke eksaminering ten einde te kan kwalifiseer vir die volgende vlak van onderwys (Smith, 1986:18).

3.2.3.1.2 Distriksvlak van onderwys

Op distriksvlak is die onderrig aangebied in een van die min en eenvoudige toegeruste kolleges of deur 'n bevoegde leermeester. Die leerstof het bestaan uit 'n begrip van Confucius se werke, die vermoë om grepe uit Confucius se werke voor te dra en die insig om Confucius se verskillende werke in verband te kan bring met mekaar en met die eie tydsgewrig. Suksesvolle aflegging van die eksamen het gelei tot die verwerwing van die Hsui ts'ae-kwalifikasie, "... which allowed a person greater employment and social options. He would then be eligible for a low civil service job" (Smith, 1986:20).

3.2.3.1.3 Nasionale (imperiale) onderwys

Hierdie was die finale en die moeilikste vlak van onderwys. "At the highest level of examination the student (who could be anywhere from 30 to 80 years of age) would travel to Peking, where under the strictest observation he would take a three day test in the Imperial Examination Hall" (Smith, 1986:20).

Die leerstof het bestaan uit die skryf van poësie, interpretering van Confucius en moraliteit en 'n studie van gevorderde metafisika. Duisende studente het die eksamen aangedurf, dog slegs enkeles kon dit slaag. "Those few who passed this test and also survived the draconian emotional and physical torment associated with the system, were entitled to the highest civil service offices of the empire" (Smith, 1986:20).

3.2.3.2 Vernuwing vanaf 1911 - 1949

Om Sjina van sy posisie van ondergeskiktheid aan vreemde moondhede te bevry, was 'n proses van nasionale rekonstruksie op elke lewensterrein noodsaaklik. Sun Yat-sen het vernuwing vir sover dit met tradisionele Sjinese kultuur versoen kon word voorgestaan, met 'n gepaardgaande nasionale bewussyn om eendragtig en doelgerigte optrede te verseker. Vir hom was die onderwys die weg om hierdie nasionale doelwitte te bereik. "He knew only too well that if he wanted to succeed in his efforts, he must have popular support, and that the best way to gain popular support for the double task of revolution and national reconstruction was through education" (Chiang Kai-shek, 1953:265).

In dié opsig het die Sjinese opvoedkundige filosoof Hu Shih 'n groot rol gespeel om Oosterse en Westerse waardes met mekaar te versoen ten einde Sjinese vooruitgang te verseker. "It was Hu Shih who vigorously pointed out that the Orient was far behind the West; that Chinese education needed to be redesigned based on models found in America and Europe" (Smith, 1986:21).

Hu Shih het veral die opvoedkundige gedagtes van John Dewey, John Maynard Keynes en Bertrand Russell voorgestaan. Veral John Dewey, wat tussen 1919 en 1921 lesings in Sjina aangebied het, het groot invloed uitgeoefen. Hy het die Sjinese beïnvloed om hulle filosofiese inslag aan te vul met praktiese realiteite en 'n studie en toepassing van die natuurwetenskappe. Onder sy invloed het die Sjinese die Amerikaanse skoolstelsel van 6 jaar primêre, 3 jaar middelhoër en 3 jaar hoër onderwys aanvaar. Die doelwitte van die nuwe skole was om demokrasie op alle vlakke aan te wakker, om maatskaplike evolusie te stimuleer, om ekonomiese

opheffing in gedagte te hou, om onderwys as voorbereiding vir die lewe te sien, om plaaslike outonomie toe te laat in die onderwys en om die skool as model vir die samelewing te beskou (Smith, 1986:30).

In 1923 het die Sjinese regering bepaal dat onderwys algemeen en verpligtend moet wees. Dit is in 1929 deur die Ministerie van Onderwys opgevolg met standaard kurrikula vir primêre en sekondêre onderwys.

In 1939 is die land verdeel in provinsies (die hsienstelsel) en is gratis primêre onderwys vir kinders tussen 6-12 jaar ingestel. Aanvullende onderwys vir ongeletterde volwassenes is ook ingestel. In 1947 is die grondwet vir die Republiek van Sjina aanvaar, dog in 1949, met die kommunistiese oorname, het die regering van die Republiek van Sjina na Taiwan uitgewyk. Terwyl die totale leef- en wêreldbeskouing in hoofland-Sjina voortaan op die Kommunistiese ideologie geskoei sou word, het die 1947-grondwet beslag gegee aan die Republiek van Sjina op die eiland Taiwan. Aspekte rakende die onderwys, soos vervat in die grondwet van 1947, sou die basis vorm vir die onderwysstelsel in Taiwan (Unesco, 1958:243).

3.3 DIE AARD EN ONTWIKKELING VAN ONDERWYSVOORSIENING IN TAIWAN VANAF 1950

3.3.1. Die beginsels van onderwysvoorsiening

Met die vestiging van die regering van die Republiek van Sjina in 1949 in Taiwan, het die opgradering en modernisering van die onderwysstelsel daadwerklik aandag geniet. Artikels 158 tot 167 van die grondwet van die Republiek van Sjina, soos aanvaar in 1947, bepaal die parameters van onderwysvoorsiening in Taiwan. Hiervol-

gens is die onderwys ingestel op die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn by die bevolking. 'n Strewe na self-verwesenliking, nasionale moraliteit, fisiese gesondheid, wetenskaplike kennis en die vermoë om te voorsien in lewensonderhoud sou dien as uitgangspunte in die verband.

Alle burgers het gelyke geleenthede tot onderwys. Daarom is die beginsel van gratis onderwys vir alle leerlinge van 6 tot 12 jaar ingevoer en word gratis boeke aan die kinders van arm gesinne voorsien. Volwassenes wat nie skoling ontvang het nie kry gratis aanvullende onderwys asook die nodige boeke.

Die nasionale, provinsiale en plaaslike regerings ondersteun leerlinge wat aan sekere vereistes voldoen met beurse vir verdere studies. Omdat die staat verantwoordelikheid vir onderwys aanvaar, dra hy ook die verantwoordelikheid vir die nodige finansies. Die sentrale regering is verantwoordelik vir minstens 15% van die begroting vir onderwys, wetenskap en kultuur, die provinsiale regerings vir minstens 25% en die plaaslike regerings (hsien) vir minstens 35%. Privaat onderwys het 'n lang geskiedenis by die Sjinese en daarom erken die Republiek van Sjina privaat onderwysinstansies op alle vlakke. "Of the total educational expenditures of NTS 36,690,330,000 in 1977/87, NTS 6,818,877,000 came from private sources for the support of private education" (James C. Hsiung, 1983:74). Die staat aanvaar egter oorhoofse verantwoordelikheid en beheer vir privaat onderwys.

Die staat het verder die verpligting om te sorg vir die lewensonderhoud van werknemers op die gebied van onderwys, die kunste en die wetenskap. Wetenskaplike ontdekkings word aangemoedig en die historiese en kulturele

erfenis word bewaar. Burgers, beide binne en buite die Republiek van Sjina, wat hulle onderskei deur hoogstaande bydraes op die onderwys- en tegnologiese terrein, asook dié met lang en getroue diens, kry die nodige erkenning daarvoor deur die staat (Constitution Republic of China, 1984:48-50).

3.3.2 Onderwyskundige struktuur

Sedert die vestiging van die Republiek van Sjina in Taiwan, het grootskaalse modernisering op onderwysgebied plaasgevind en kan die invloed van die nasionale bewussyn veral ten opsigte van die onderwyskundige struktuur aange-
toon word. Volgens die Government Information Office (1988:275) is die aard van die onderwysvoorsiening soos volg : "Educational provision in the Republic of China stresses national morality, cultural traditions, scientific knowledge and the ability to work and contribute to the Community." Om dié doelwitte te bereik, is 'n onderwysstelsel daargestel wat doeltreffende onderwys op alle vlakke aan die gemeenskap lewer. As voorbeeld van veranderinge word daar vervolgens gelet op die onderwyskundige struktuur in Taiwan (Republic of China, 1988:275-280).

In 1950 was daar slegs 50 onafhanklike kleuterskole in Taiwan. Namate ekonomiese ontwikkeling en sosiale stabiliteit toegeneem het, het al hoe meer vrouens tot die arbeidsmark toegetree. Gevolglik het die vraag na kleuterskole geweldig toegeneem. In 1986 was daar reeds 1,846 onafhanklike en 550 staatsgesubsidieerde kleuterskole vir voorskoolse kinders tussen 4 tot 6 jarige ouderdom. Die doel met kleuteronderwys is om die kinders te versorg, goeie gewoontes by hulle aan te kweek en gesonde groepverhoudinge by hulle te ontwikkel. Onderwys is verpligtend vanaf 6 tot 15 jarige ouderdom en kinders uit

arm huise kry gratis handboeke. In hierdie tydperk val die klem op die fisiese en morele ontwikkeling van die kind, wat etiese beginsels en korrekte gedrag insluit.

Die tydperk van verpligte onderwys bestaan uit 6 jaar elementêre en 3 jaar junior sekondêre onderwys. In 1986 was daar 2,486 elementêre en 676 junior sekondêre skole.

Sekondêre onderwys duur 3 jaar en word aangebied in twee tipes skole, naamlik senior sekondêre en beroepskole. Die senior sekondêre skole het ten doel die verdere ont-plooiing van die leerling se persoonlikheid en waarne-mingsvermoëns, asook die bestendinging van basiese burger-skapeise. Beroepskole is ingestel vir die aankweek van beroepsvaardighede. In 1986 was daar 175 senior sekondêre en 204 beroepskole in Taiwan.

'n Stelsel van junior kolleges, kolleges en universiteite voorsien in die opleiding van spesialis- en professionele beroepslui. Die meeste kollege- en universiteitskursusse duur vier jaar, dog wets- en mediese praktisynskursusse duur tussen vyf en sewe jaar. Praktiese indiensopleiding vorm 'n integrale deel van spesialis- en professionele opleiding. Onderwysersopleiding geskied by normaalkolleges en universiteite en opleiding bestaan uit vier jaar studie en een jaar praktiese onderwysopleiding. In 1986 was daar 15 universiteite, 12 kolleges en 77 junior kolleges in Taiwan.

In 1986 was daar 10 spesiale skole vir gestremde leerlinge, terwyl daar ook spesiale klasse vir gestremdes by gewone skole was. Alle spesiale opleiding maak voorsiening vir elementêre, junior sekondêre en senior beroepsvlakke van onderrig. In elementêre en sekondêre skole word ook spesiale programme aangebied vir hoogs begaafde leerlinge.

Daar bestaan ook aanvullende skole vir persone wat nie 'n normale skoolloopbaan deurloop het nie. Verskeie tipes verrykingskursusse word aangebied vir volwassenes en daar word grootskaals gebruik gemaak van oudiovisuele middele op alle vlakke van onderwys en opleiding.

Internasionale studie- uitruilskemas na en van Taiwan word deur die staat gekoördineer, dog beheermaatreëls is ingestel om 'n uitvloei van Taiwanees kundigheid teen te werk. Padvinderopleiding (Scouts) word sterk aangemoedig op alle vlakke van die onderwysstelsel, aangesien die vormingswaarde wat dit vir die jeug inhou as belangrik beskou word. Alle manlike studente is ook verplig om geskeduleerde militêre opleiding te ondergaan terwyl vroulike studente verpleegopleiding deurloop (Government Information Office, 1988:275-280).

3.3.3 Redes vir onderwysgroei sedert 1950

In die 30 jaar sedert 1950 het die bevolking van Taiwan meer as verdriedubbel. In dieselfde tydperk het die nasionale inkomste per kapita gestyg van 40 VSA dollar per jaar tot 2,269 VSA-dollar per jaar. In die proses van geweldige groei het onderwys 'n sentrale rol gespeel. "... improvements in social welfare, together with the fact that job opportunities favour the educated increased the demand for education" (Lin Ching-jiang, 1985:706). Namate daar meer en beter onderwysgeriewe in Taiwan tot stand gekom het, is groter geleentheid aan meer mense gebied tot sosiale mobiliteit in die gemeenskap. Nadat Taiwan in 1945 los gekom het van Japannese oorheersing en veral na die vestiging van die nasionalistiese regering van Chiang Kai-shek in 1949, het daar 'n drastiese toename in vrye onderwysgeleentheid op alle vlakke plaasgevind.

Die opheffing van mense op alle vlakke het selfs in die politiek neerslag gevind. Waar openbare verteenwoordigers voorheen uit die landelike en bevoorregte klasse was, het mense met akademiese opleiding nou al hoe meer 'n geleentheid gekry om verkies te word tot openbare poste. "These facts indicate that Taiwan's government officials tend to draw upon intellectuals for leadership unlike the orientation found across the Taiwan Straits (Kommunistiese Sjina)" (Chen Yang-Teh, 1988:9).

Die hoofrede waarom die Republiek van Sjina in Taiwan so geweldig vinnig ontwikkel het in verhouding tot die veel groter Volksrepubliek van Sjina, lê miskien juis opgesluit in die verskillende benaderings ten opsigte van die onderwys.

Kommunistiese Sjina beywer hom daarvoor om soveel leerlinge as moontlik deur die onderwysstelsel te laat gaan met die klem hoofsaaklik op lojaliteit aan die Kommunistiese Party en die Kommunistiese doktrine eerder as akademiese vaardigheid (Houn, 1962:69-70). In Taiwan het onderwys die medium geword waarvolgens die leerling voorberei word vir die uitdagings van die realiteite van die lewe. "Furthermore, subject matter is selected in such a way as to help solve problems encountered in everyday life" (Unesco, 1961:360). Onderwys word beskou as 'n baie belangrike faset van elke student se vorming en voorbereiding. Die uiterste toewyding word vereis en streng eksaminering bepaal vordering. Lojale klasbywoning word ook streng afgedwing. "When absence from class is over one-third of the total hours of the course in a semester, the student is not allowed to take the final examination; when it equals one-third of the total hours of all required courses in any semester the student is suspended" (Unesco, 1966:325). Die Verenigde State van Amerika oefen 'n geweldige invloed uit op alle faset-

te van die samelewing in Taiwan. Die VSA se militêre en ekonomiese steun aan Taiwan asook die wedersydse verkeer van studente, leiers en opinievormers tussen die twee lande het op 'n stadium die indruk geskep dat die Weste grotendeels uit Amerika bestaan. Veral die literati (intellektueles) in Taiwan het op 'n stadium hierdie veramerikanisering in 'n baie ernstige lig gesien en hulle het gevrees dat die prys van sekuriteit en modernisering die prysgawe van Sjinese kultuur- en waardes mag wees. "They see Formosa (Taiwan) becoming so Amercanized that, with the passage of time, its spiritual mission will cease to exist" (Goddard, 1966:213).

Die doelgerigte aanmoediging van tradisionele kultuur deur uitbouing van die kunste, beoefening van tradisionele seremonies, die nodige erkenning van historiese figure en gebeure asook die daarstel en instandhouding van historiese en kulturele bakens en institusies, het egter as bolwerk teen vervreemding gedien. Ook die skoolstelsel dien as oordragmedium van die Sjinese erfenis. "... so as to build a peaceful society and pave the way for the realization of the sacred mission of reunifying China under the Three Principles of the people" (Republic of China, 1987:73).

3.4 DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWY- STELSEL IN TAIWAN

3.4.1 Die nasionale bewussyn is die sleutel tot oorlewing vir Taiwan

Die primêre doelwit van die mense van Taiwan is om die Kommunisme, veral Sjinese Kommunisme, te oorwin en sodoende die twee Sjinas, naamlik Taiwan en hoofland- Sjina, te verenig onder die drie beginsels van die bevolking (Three Principles of the People). Die uitgangspunt is om nooit

weer om die bos gelei te word deur die Kommuniste nie, dog op die hoede te wees vir hulle misleiding en subversie. Gebrekkige weerstand as gevolg van ontoereikende kennis van Kommunistiese metodes het daartoe gelei dat die Nasionalistiese regering van Chiang Kai-shek in 1949 die knie moes buig voor die magte van Mao Tse Tung. "With these bitter lessons in mind, we have to heighten our political consciousness and strengthen the work of political warfare in order to win the final victory in the anti-communist war" (Wang Sheng, 1980:152).

Hierdie konsep van politieke oorlogvoering strek dwarsoor die totale infrastruktuur van die volkshuishouding en sluit alle gemeenskapsverbande in. Die uitgangspunt is dat hedendaagse oorlog op twee duidelike identifiseerbare vlakke voorkom, naamlik op die politieke en die militêre terrein. Van hierdie twee is die politieke oorlog die intensiefste en 70% van die stryd van ons tyd word op hierdie vlak gevoer terwyl slegs 30% op die militêre terrein afspeel. Anders gestel impliseer dit dat 70% van die moderne oorlog gemik is op die psigiese terrein en 30% op die fisiese terrein.

In hierdie vorm van stryd lê die belang nie by getalle en by die gesofistikeerdheid van wapens nie. Die kern lê in die innerlike krag en gemotiveerdheid van 'n bevolking om te oorwin. Dit impliseer geloof in die eie saak, die wil om die vyand aan te durf en die kundigheid om die nodige inisiatiewe te onderneem ten einde die vyand op strategies beplande wyse te oorrompel. "With stratagem and wit as weapons, the political warrior can defeat a numerical superior enemy" (Wang Sheng, 1980:154-155). Om hierdie "political warrior" te vorm, word daar in Taiwan baie aandag bestee aan die kweek en vestiging van 'n nasionale bewussyn by die bevolking.

Optimum identifisering van elke inwoner met die eie aard en die gemeenskaplike nasionale doelwitte van die land, vorm die basis van hierdie vorming. Dit behels ook die aanvaarding van en entoesiastiese lojaliteit teenoor die land se nasionale simbole wat dien as die sigbare en tasbare saambindende faktore. "The national symbols of the ROC include the national flag, national anthem, national flower and decorations. They are representative of the national spirit and testimony of the establishment and growth of the Republic of China" (R.O.C., 1988:23).

3.4.2 Die invloed van die nasionale bewussyn op die formele onderwys in Taiwan

Die totstandkoming en vestiging van 'n nasionale bewussyn kan waargeneem word op verskillende wyses binne 'n verskeidenheid van samelewingsverbande "... but it is in school, under the influence of the school authorities, that organized political learning really begins" (James C. Hsiung, 1983:99). In Taiwan word sterk klem gelê op 'n trotse kultuur-historiese erfenis, lojaliteit teenoor die nasionale simbole en veral 'n hoë agting vir politieke leiers "... and there is a conscious effort throughout all the school years to foster and encourage this feeling" (James C. Hsiung, 1983:99). Dit is om dié rede dat Sun Yat-sen en Chiang Kai-shek met die grootste agting bejeen word.

Daar is reeds gewys op die eie en unieke aard van elke gemeenskap en die faktore wat bydra tot die totstandkoming van 'n eie identiteit en nasionale bewussyn asook dat die onderwys 'n belangrike rol speel in die vestiging en die oordrag daarvan (vergelyk paragraaf 1.1). Dit is duidelik dat die kurrikula op elke vlak van die onderwys in Taiwan ruimskots voorsiening maak vir hierdie funksies. Die Departement van Onderwys in Taiwan pas keuring

toe ten opsigte van handboeke wat in skole gebruik word ten einde stof wat bots met die nasionale karakter en nasionale doelwitte uit die leersituasie te hou. Dit is in ooreenstemming met 'n aanpassing in onderwyswetgewing van 1952 wat riglyne rakende die Nasionale bewussyn in die onderwysverband neergelê het. "The main features of the amendment are " increased emphasis on the fight against Communism; increased emphasis on arousing a national spirit in the pupils and and or training for productivity" (Unesco, 1958:246). Dit is ook in ooreenstemming met die "Three Principles of the People" want "The aim of the educational system of the Republic may be summarized by The Three Principles of the People" (Unesco, 1966:321).

Vakke en aktiwiteite wat die nasionale bewussyn aanmoedig, word dus ruimskoots op alle vlakke van die onderwys aangebied. Grepe uit die onderskeie leergange word vervolgens aangetoon om hierdie stelling te illustreer.

* Pre-primêre onderwys

Die hoofdoel met voorskoolse onderwys is om goeie gewoontes en aanpasbaarheid in groepsverband by kinders aan te leer (R.O.C., 1988:275). Uit die aard van die saak is so 'n uitgangspunt noodsaaklik in 'n klein geografiese gebied met soveel mense soos wat die geval in Taiwan is. Kinders word ook van jongs af geleer om groepswaardes- en normes te aanvaar. Dit vorm dus ook vrugbare teelaarde vir die kweek van 'n nasionale bewussyn op 'n baie vroeë ouderdom.

* Elementêre en junior hoërskole

Burgerkunde, Etiek, Mandaryns-Chinees, Sosiale Studïes, Geskiedenis, Aardrykskunde, Musiek en Kuns is almal

vakke wat kennis oor eie kultuur en lewenswyse oordra. Padvinders (Boy Scouts), groepaktiwiteite en voorligting is aktiwiteite wat daarop gemik is om samewerking aan te kweek en antwoorde op lewensvraagstukke te verskaf (James C. Hsiung, 1983:80).

* Senior hoërskole

Chinees, Burgerkunde, "Three Principles of the People", Geskiedenis, Geskiedenis van Chinese kultuur, Aardrykskunde, Musiek en Kuns is net soos by elementêre en junior hoërskole, daarop gemik om kennis oor en liefde vir die volkseie aan te wakker. Opleiding in diensvaardigheid en fisiese paraatheid ten behoeve van die land en sy mense word gedoen deur militêre opleiding vir seuns en verpleegopleiding vir dogters (James C. Hsiung, 1983:80).

* Hoër (tersiêre) onderwysinrigtings

Chinees, "Three Principles of the People", Moderne Sjinese Geskiedenis, Filosofie en Logika, Politieke Wetenskap en Sosiale Wetenskappe word sterk beklemtoon in alle kursusse op hierdie vlak. Selfs in sulke natuurwetenskaplike graadstudies soos Fisika en Medisyne word "Three Principles of the People" en Sjinese Geskiedenis aangebied (Unesco, 1966:326-327). Soos reeds voorheen gemeld, word militêre opleiding tydens vakansies aangebied vir manlike studente en verpleegopleiding vir vroulike studente (paragraaf 3.3.1.2).

3.4.3 Die invloed van die nasionale bewussyn op die nie-formele onderwys

Op 31 Oktober 1952 het 'n Sjinese Jeugbeweging (China Youth Corps) met amptelike staatsgoedkeuring in Taipei

tot stand gekom. Die doel van hierdie Beweging is om aan die jeug van die Republiek van Sjina 'n oorkoepelende instrument te bied waarbinne hulle persoonlik kan ontwikkel met eienskappe wat hulle lewenskwaliteit sal verhoog en hulle sal voorberei tot nuttige en lojale burgers van die land. "The China Youth Corps is an organization whose aim is to help youth with their intellectual and physical development. It offers vocational training, community service and patriotism education to youths, and cultivates among them a sense of comradeship in the war against communism for restoring national order. In sum, the mission of the China Youth Corps is to unite patriotic youths for the accomplishment of national revival" (Wayne Lee, 1987:7).

Die Sjinese Jeugbeweging is 'n nasionale beweging wat geaffilieerde takke het by sekondêre skole, kolleges, universiteite en in dorpe en stede. Bo en behalwe jeugdige wat op die onderskeie komitees van die beweging dien, is daar ook staatsamptenare en onderwys- en gemeenskapsleiers wat belas is met beleidformulering en toesighouding van die Beweging.

Alhoewel dus nie spesifiek deel van die onderwysstelsel nie, vind die Sjinese Jeugbeweging se program van beginsels sterk weerklank daarin deur die affiliasie met skole, kolleges en universiteite asook die feit dat onderwyspersoneel op die beheerliggame dien. Programme word aangebied op die terreine van die literatuur, kuns, ontspanning, informele en nie-formele opleiding aan die werkende jeug, voorligting, gemeenskapsdienste, oorsese studente en beïnvloedingsaksies op die jeug van Kommunistiese Sjina.

Opvoedingsprogramme in vaderlandsliefde vorm egter 'n kernaspek van die hele beweging sowel as 'n aktiewe en deurlopende veldtog teen Kommunisme. Vir die doel word daar gebruik gemaak van radiuitsendings, lugbalonne en drywende houers wat met seestrome boodskappe na die jeug van hoofland-Sjina neem.

"The efforts are made in the form of persuasive broadcasting, parachuting and floating psywar materials, support for domestic research work on mainland China issued, implementation of anticommunistic education programs domestically, ideological counterattacks, and encouragement of Chinese Youth throughout the world to take positive actions to support the mainland youth's struggle for freedom and democracy" (Wayne Lee, 1987:39).

Die Sjinese Jeugbeweging, die Padvinderbeweging (Scouts), die militêre opleiding vir jeugdige mans en verpleegopleiding vir jong dames (paragraaf 3.3.1.2) is dus almal media vir die vorming van die jeug tot nasionale dienslewering en 'n daarmee gevaardgaande nasionale bewussyn.

3.4.4 Bevinding

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die nasionale bewussyn wel deeglik 'n determinant van die onderwys in Taiwan is. Dit word as uitgangspunt in die grondwet van die Republiek van Sjina gestel en dit is as doelwit opgeneem in die voorskrifte van die Departement van Onderwys.

Verder word praktiese vergestaltung daaraan gegee in die kurrikula op elke vlak van die onderwysstelsel. Die noodsaak daarvoor lê opgesluit in die staatkundige posisie van Taiwan in sy verhouding met die internasionale gemeenskap en dan veral in sy verhouding met Kommunistiese

Sjina. Op internasionale terrein bevind Taiwan hom in 'n posisie van relatiewe isolasie in sy verhouding tot die internasionale gemeenskap. Die hoofrede hiervoor is dat die Verenigde Volkere Organisasie slegs een Sjina, naamlik Kommunistiese Sjina, erken. Taiwan word as 'n rebellestaat van Kommunistiese Sjina gereken en die verklaarde beleid is dan ook een van antagonisme teenoor Taiwan en 'n onderneming om die Republiek van Sjina ongedaan te maak en een verenigde Sjina daar te stel.

Deur die loop van jare was daar verskeie overte sowel as koverte pogings om die Republiek van Sjina tot 'n val te bring. Slegs die fisiese vermoëns van Taiwan en die sterk nasionale wil van sy mense om hulleself te handhaaf teen die bedreiging, het alle pogings in die verband skipbreuk laat lei.

Omstandighede vereis dat Taiwan 'n sterk nasionale bewussyn moet hê ten einde die bedreiging teen sy staatkundige soewereiniteit die hoof te bied. Omdat die aanslag op die geestelike weerbaarheid van 'n volk 'n primêre teken van die vyand is, is geestelike weerbaarheid tesame met fisiese weerbaarheid 'n absolute voorvereiste vir nasionale voortbestaan. Die onderwys is 'n belangrike medium vir die kweek van gesindhede binne enige gemeenskap.

Om dié rede is dit vir Taiwan noodsaaklik om die nasionale bewussyn as 'n determinant van sy onderwysstelsel te hê. Die vraag of dit reg of verkeerd is vir Taiwan om die Nasionale bewussyn as 'n determinant vir sy onderwysstelsel te kan hê, kan vanaf verskeie uitgangspunte beredeneer word. Die debat oor die wenslikheid aldan nie van nasionalisme en 'n nasionale bewussyn in 'n gemeenskap, het voorstanders en teenstanders in die moderne tydsgewrig. (In hoofstuk 5 word weer na hierdie aangeleentheid verwys). Daar word egter weer gewys op die feit dat

wanneer daar van nasionale bewussyn gepraat word, dit nie impliseer dat alle lede van 'n land meegevoer word deur dieselfde gevoelens van partikuliere identiteit nie. Die nasionale bewussyn handhaaf ook nie onder alle omstandighede dieselfde intensiteit van meelewing nie (vergelyk paragraaf 2.6.1). In ooreenstemming met die veranderlikheid van alle dinge toon ook die nasionale bewussyn konjunktore van hoogte- en laagtepunte, afhangede van omstandighede op 'n gegewe tydstip. Selfs in Taiwan kom daar periodiek weerstand teen die geïntegreerde toepassing van die paraatheidsbeginsel oor die grense van gemeenskapsverband heen. Op 11 Mei 1988 byvoorbeeld, het studente van die National Taiwan University 'n protesoptog gehou teen die teenwoordigheid van militêre personeel op die universiteitskampus. "Military personnel are stationed at colleges throughout Taiwan to supervise student activities and teach some courses" (Anon., 1988b.:32).

Ten slotte word die drie kriteria waarvolgens die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel waargeneem kan word aan die orde gestel (vergelyk paragraaf 2.6.4). In die eerste instansie word die onderwysstelsel gekenmerk deur die groot aantal en verskeidenheid van skole wat daargestel is om die bevolking op te hef en voor te berei vir die ontwikkeling van hulle land. Streng dissipline is 'n kenmerk van die onderwysstelsel en klasbywoning word sterk afgedwing (vergelyk paragraaf 3.3.3). In die tweede plek word leerinhoude so saamgestel en aangebied dat dit die Sjinese kultuur vooropstel. Sodoende word verhoed dat die Sjinese leef- en wêreldbeskouing verdring word deur vreemde invloede tydens die moderniseringsproses in Taiwan (vergelyk paragraaf 3.3.3). Derdens word groot klem gelê op fisiese en geestelike weerbaarheid. Die stryd teen Kommunistiese Sjina word gekenmerk deur intensiewe

anti-kommunistiese opleiding aan die een kant en 'n versterking van die eie erfenis en vermoëns aan die ander kant. Die jeug word ook fisies opgelei om enige moontlike aanval deur Kommunistiese Sjina te weerstaan en gereed te wees om die twee Sjinas te verenig onder leiding van die Republiek van Sjina. Vandaar die belangrikheid van jeug-bewegings- en aktiwiteite met 'n militêre en para-militêre karakter (vergelyk paragraaf 3.4.3). As identiteit-gewende en stabiliserende faktor het die nasionale bewussyn in Taiwan dus veel daartoe bygedra om die land en sy mense tot groot hoogtes te voer. Hierin het die onderwysstelsel 'n groot rol gespeel. As 'n determinant van die onderwysstelsel, sorg die nasionale bewussyn dus dat die onderwysstelsel aan die verwagtinge en behoeftes van die gemeenskap vir wie dit bedoel is, beantwoord.

3.5 SAMEVATTING

Die onderwyskundige struktuur in Taiwan weespieël die invloed van die nasionale bewussyn op alle vakke van onderwysvoorsiening. Dit bevorder die handhawing van die Sjinese kultuurhistoriese erfenis aan die een kant, dog dra ook by tot die uitbouing van 'n moderne samelewing met 'n hoë lewenskwaliteit aan die ander kant. Daarbenewens moedig dit ook 'n vasberadenheid aan om te alle tye bereid te wees om die land te beskerm teen bedreiging van buite.

4. DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYS- STELSEL VIR BLANKES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die historiese ontplooiing van beide die nasionale bewussyn asook die onderwysstelsel vir Blankes in Suid-Afrika nagevors. Daar is reeds vasgestel dat die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel in die algemeen is (vergelyk paragraaf 2.6.3). Daar sal vervolgens aangetoon word in hoe 'n mate die nasionale bewussyn in Suid-Afrikaanse konteks 'n determinant van die onderwysstelsel vir Blankes is.

4.2 HISTORIESE OORSIG : DIE LAND EN SY MENSE

4.2.1 Inleiding

Die Republiek van Suid-Afrika is 'n groot land wat oppervlakte aanbetref. Met 1 222 543 vierkante kilometer as oppervlaktgrootte, is dit meer as vyf keer groter as Brittanje. Dit is hoofsaaklik 'n somerreënvalgebied wat betreklik min reën per jaar kry. As gevolg van die uitgestrektheid van die land is daar groot verskille in reënval en temperatuur asook in die grondvorm- en samestelling. Om dié rede kom 'n groot verskeidenheid van plant- en dierelewe voor. Ongeveer 70% van die grondoppervlak bestaan uit bergagtige en semi-woestyngebiede en omtrent 'n kwart van die land gaan elke twee jaar gebuk onder droogtes. Slegs 10% van die grond is geskik vir landbou onder natuurlike klimaatsomstandighede. Die land is egter bedeel met meer minerale rykdomme as feitlik enige ander land in die wêreld. "Apart from having the world's largest deposits of gold, chromium, platinum, vanadium, manganese, asbestos and vermiculite, its mineral production also accounts for 40 per cent of the

total mineral production in Africa as a whole." (State Department of Information, 1974:17).

'n Ander kenmerk van die Republiek van Suid-Afrika, is die uiters diverse bevolkingsamestelling. "Die Suid-Afrikaanse bevolkingsmosaïek is waarskynlik ingewikkelder as dié van alle ander lande op aarde." (Republiek van Suid-Afrika, 1980:14). Die onderskeie bevolkingsgroepe bestaan uit Blankes, Kleurlinge en Asiërs asook die verskillende Swart volkere naamlik Zulu, Xhosa, Tswana, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Shangaan, Swazi, Ndebele, Venda en ongespesifiseerde ander Swartes (State Department of Information, 1974:26). Elkeen van die onderskeie volkere vorm 'n eie entiteit, sodat daar in der waarheid geen dominante getallegroep is ten opsigte van die totale bevolking nie. Om dié rede word dikwels van Suid-Afrika gepraat as 'n land van minderheidsbevolkingsgroepe (Departement van Buitelandse Sake en Inligting, 1980:15). Daar kom ook 'n verskeidenheid van kultuuragtergrond- en belewenis voor en wel in so 'n mate dat daar met reg gepraat kan word van elemente van die sogenaamde eerstewêreld en derdewêreld ten opsigte van ontwikkelingsvlak. In dié sin is die Blankes hoofsaaklik verteenwoordigend van die Westerse wêreld se eerstewêreld-ontwikkelingsvlak, terwyl die Swart volkere hoofsaaklik as derdewêreld in ontwikkeling tipeer kan word (Breytenbach, 1978:7).

As gevolg van kultuurhistoriese omstandighede het die Blankes, Kleurlinge, Asiërs en die Swart volkere in 'n baie groot mate afsonderlik van mekaar gewoon en ontwikkel. In 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom en polities beslag gegee aan die bestaande veelvolkige en multikulturele bestaanswyse van die mense van Suid-Afrika "... the National Party coined an Afrikaans word apartheid ... This implied that all developments in

South Africa would be on the basis of the existing multinational situation, with all that that implied." (State Department of Information, 1974:34). Alhoewel die onderliggende idee van die beleid was om die nasionalismes en aspirasies van al die samestellende bevolkings aan te moedig en uit te bou, het dit heftige teenstand van die internasionale gemeenskap ontlok. Die periode na die Tweede Wêreldoorlog word gekenmerk deur 'n weerstand teen alle vorme van vermeende onderdrukking teenoor volkere op grond van ras en kleur. Veral die nuwe nasionale state van Afro-Asiatiese oorsprong, wat voormalige kolonies was, het die voortou in hierdie veldtog geneem. "It is implied that by the implementation of the policy of 'apartheid', the South African Government is realizing goals which have become anachronistic in the world of the 20th century." (Breytenbach, 1978:11-12).

Alhoewel in hierdie gedeelte van die navorsing gekonsentreer word op die Blanke bevolking, sal daar verderaan toepaslike verwysings na die ander volkere gemaak word, slegs in soverre dit van belang is vir die toeligting van tersaaklike feite in die bereiking van navorsingsdoelwitte van hierdie navorsingstudie.

4.2.2. Vanaf die koms van die Blankes in 1652 tot Uniewording in 1910

4.2.2.1 Vanaf 1652 tot die Groot Trek

In 1652 het die Nederlandse Hollands Oos-Indiese Kompanjie 'n handelspos aan die Kaap gestig. Van die amptenare het stelselmatig begin om hulself los te maak van die Kompanjie en as vryburgers die land te bewoon en te bewerk. Hulle getalle is mettertyd met Duitse en

Franse inkomelinge aangevul. Deur ondertrouery en as gevolg van die besondere omstandighede aan die Kaap, ver van die invloede van hulle Europese vaderlande, het daar 'n nuwe groepsidentiteit ontstaan. Reeds teen 1707 het hierdie nuwe gemeenskap hulself Afrikaners en Boere begin noem. "Die benaming het 'n volk omskryf wat op die bodem van suidelike Afrika sy beslag gekry het en besiel was met 'n patriotisme vir die nuwe vaderland, waarheen hulle die kulturele waardes van Wes-Europa ingedra het terwyl hulle die onbekende binneland al verder ingedring het." (De Kock, 1971:10). Hierdie nuwe volk het 'n eie taal, bekend as Afrikaans, voortgebring en het 'n lewens-en wêreldbeskouing ontwikkel wat rigtinggewend vir die nageslag sou wees. Alhoewel daar reeds vroeg tekens was van die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn by die Blankes van Suid-Afrika, sal daar verderaan op gewys word dat dit eers vanaf 1877 in die werklike sin waarneembaar was (vergeelyk paragraaf 4.4).

Die Engelse bewind aan die Kaap van 1795-1802 en weer vanaf 1806 het die relatiewe geslote bestaan van die Afrikaners sterk beïnvloed (De Kock, 1971:12-13). Die Engelse bewind het nie veel voordele vir die gevestigde gemeenskap ingehou nie. Vir Engeland was die Kaap bloot 'n strategiese basis ter beskerming van sy handelsbelange in die Ooste. Daarbenewens het Engelse filantropie hewig te velde getrek teen die verhoudinge tussen die Afrikaners en die gekleurde volkere aan die Kaap. "Dit het die belange van gekleurdes probeer bevorder, soms ten koste van die Blankes. Geen aspek van die Britse koloniale beleid was vir die Afrikaners meer griewend nie." (Kotze, 1975:120). Die Britse bewind het weinig regte aan die Afrikaners gegun en van 'n verbetering in hulle omstandighede deur middel van ontwikkelingsprojekte was daar ook min tekens. In 1820

het 'n groot groep Britse setlaars hulle aan die Kaap gevestig om behulpsaam te wees met die verengelsing van die Afrikaanse gemeenskap. "Ook ryksbeveiliging was volgens destydse opvattinge nie met 'n groot blanke bevolking in die kolonies te rym nie. Cradock het in die Afrikaanse bevolkingselement 'n gevaar gesien. Die verengelsing van die Afrikaners en Britse immigrante wat mettertyd die Afrikaners kon assimileer, was die aangewese oplossing." (Kotze, 1975:134). Die algehele onversoenbaarheid tussen die Boere en die Engelse regering aan die Kaap het uiteindelik daartoe gelei dat die Boere besluit het om na die binneland van Suid-Afrika te verhuis, waar hulle ongehinderd hulle eie leefwyse volgens eie aard kon voortsit. Piet Retief het al hulle redes vir die verhuising in sy Manifest saamgevat en in 1836 "... het die eerste groot Voortrekker-golf noordwaarts begin rol" (Muller, 1975:162-163).

4.2.2.2 Vanaf die Groot Trek tot Uniewording

In die binneland van Suid-Afrika het die Voortrekkers in kontak gekom met verskeie van die Swart stamme. Deur 'n kombinasie van onderhandeling, verowering en besetting het hulle grondgebied bekom waar hulle hulle gevestig het. Op 16 Desember 1838 het die Voortrekkers die magtige Zoeloenasie by Bloedrivier verslaan en sodoende die binneland vir Blanke besetting opgemaak. Die Voortrekkers het onafhanklike Boererepublieke gestig in die gebiede wat hulle bewoon het. Britse filantropie het heftig beswaar gemaak teen die Boere se sogenaamde swak behandeling van die Swart stamme. "The Boer pioneers of the Cape were now to be the pioneers of Natal, the Orange Free State and the Transvaal to prepare those new lands for those who would come after them, but they were destined never to be rid of their

inveterate, implacable and pitiless enemies, the political missionaries of the London Missionary Society headed by Dr Philip in South Africa." (Mc Cord, 1952: 39). Daar was tye dat die Engelse bewind die Boererepublieke in die Vrystaat en Transvaal erken het en hulle selfs in 'n sekere mate as binnekant beskou het (Muller, 1975:182). Die Britse imperiale tradisie het egter sterk gestaan in die 19e eeu. Om dié rede was die onderwerping van die Boererepublieke aan Britse gesag voortdurend 'n moontlikheid, veral na die ontdekking van goud in Transvaal. Die gevaar het bestaan dat Transvaal die Britse dominante rol in Suid-Afrika kon oorneem as gevolg van sy ekonomiese krag. Dit het uitgeloop op die Eerste Vryheidsoorlog van 1881 tussen Boer en Brit oor die onafhanklikheid van Transvaal. Met die Slag van Amajuba het die Boere 'n oorwinning oor die Britte behaal. Dit het die Britte aangespoor tot daadwerklike beplanning om Transvaal te onderwerp en die vernedering van Amajuba uit te wis. (Moon, 1961:179; Du Preez, 1976:3). Vanaf 1899 tot 1902 het die twee Boererepublieke van Transvaal en die Vrystaat in 'n oorlog met die magtige Britse Ryk betrokke geraak oor hulle onafhanklikheid. Alhoewel die Boere heftig teenstand gebied het, was hulle genoodsaak tot oorgawe. Met die Vrede van Vereeniging in 1902 het die Boererepublieke van Transvaal en Vrystaat hulle onafhanklikheid verloor. Brittanje het nou gesag gevoer oor die hele Suid-Afrika en stappe kon gedoen word om beslag te gee aan konstitusionele vereniging van Suid-Afrika onder die Britse Ryksbestel (Bruwer, 1986:14). 'n Nasionale Konvensie is gekonstitueer om 'n verenigde Suid-Afrika in die lewe te roep. 'n Konsepwet word aanvaar om Suid-Afrika in 'n uniale staatsvorm te verenig. "Op 20 September 1909 het koning Eduard VII die Suid-Afrika Wet onderteken." (Vermooten, 1957:219). Op 31 Mei 1910 het die Unie van

Suid-Afrika tot stand gekom onder die Britse vlag. Suid-Afrika was nou volwaardige lid van die Britse Statebond en die Britse koning was ook die koning van Suid-Afrika (Vermooten, 1957:246).

2.3 Vanaf Uniewording in 1910 tot Republiekwording in 1961

Na Uniewording het veral twee gedagterigtings die denke van die Blankes in beslag geneem. Die een was Holisme soos verkondig deur generaal J.C. Smuts waarvolgens aparte volkere in aparte staatkundige bedelings minder belangrik geag word. "Die Holisme manifesteer sigself in 'n voortdurende proses van grens- en struktuurnivellering en relativisme ter wille van die ideaal van anglisering en denasionalisering van die volksidentiteit van die Afrikanervolk. Ter wille van 'n holistiese eenheids-ideaal is die Afrikanervolksidentiteit in die staat geïntegreer," (Van der Walt, 1988:221). Die Afrikaners moes opgaan in 'n groter geheel soos verteenwoordig deur die Britse Ryk en daarom moes die Afrikanerkultuur deur 'n gesentraliseerde staatsmag vernietig word. Hierdie siening is ook algemeen aanvaar deur die Britte wat hulle in Suid-Afrika gevestig het. Volgens hulle liberale Britse tradisies was die Staat 'n holistiese totaalverband.

Die Afrikaner daarenteen, het 'n besondere godsdiensvorm en 'n besondere politieke siening gehad. Op godsdienstige terrein was die Christendom in sy Calvinistiese vorm rigtinggewend en op politieke terrein die nasionalisme. "Daarom kon spoedig verklaar word dat die Afrikaner Christelik-Nasionaal is." (Scholtz, 1978:131).

Alhoewel die Afrikaners en Engelse dus op grond van taal en lewensbeskouing twee uiteenlopende Blanke groepe gevorm het, was daar tog nie 'n waterdigte skeiding

tussen hulle op grond van 'n radikale grondmotief nie. Albei groepe het die Westerse kultuur as erfenis en albei bely die Christendom. Die skeidslyn tussen die twee groepe het hoofsaaklik berus op die Britse bewindhebbers se pogings tot denasionalisering van die Afrikaners (Van der Walt, 1988:223).

Veral twee uitgangspunte was vir die Afrikaner deurslaggewend in sy uitkyk. Die eerste is die wil om as Afrikaner voort te bestaan en die tweede is sy sin vir vryheid op staatkundige gebied (Scholtz, 1978:132). Dié twee uitgangspunte het nog altyd die basis gevorm van stappe wat gedoen is om die Afrikaner te beskerm teen die oorheersing van ander volkere. Om dié rede het die Afrikaner tradisioneel sterk standpunt ingeneem teen vermenging met ander volks- en rassegroepe en die verlies van politieke mag (Swart, 1982:6-7). "'n Republiek was vir die Afrikaners die sigbare teken van ware burgerlike- en volksvryheid." (Scholtz, 1978:133). Reeds in 1912 het generaal J.B.M. Hertzog hom uitgespreek teen die feit dat die Unie van Suid-Afrika nog onderhorig aan Brittanje was. Sy Nasionale Party het hom daadwerklik beywer vir totale onafhanklikheid van Brittanje. In 1960 het dit uitgeloop op 'n referendum waarmee die kiesers besluit het op 'n republikeinse regeringsvorm vir Suid-Afrika (Hocking, 1977:6). Die Republiek van Suid-Afrika het op 31 Mei 1961 formeel tot stand gekom met 'n staatspresident as hoof. Alle bande van onderhorigheid aan Brittanje was nou verbreek. As gevolg van teenstand van Nie-blanke lede van die Britse Statebond teenoor Suid-Afrika se huishoudelike beleid van afsonderlike ontwikkeling, het Suid-Afrika sy lidmaatskap van die Statebond opgesê (De Kock, 1971:51).

4.2.4 Die Republiek van Suid-Afrika in die brandpunt van wêreldpolitiek na 1961

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar verzet ontstaan in Afro-Asiatiese lande wat gebuk moes gaan onder die stelsel van kolonialisme. Veral in die 1960's het die drang na nasionale selfstandigheid en vryheid in hierdie lande toegeneem. De Villiers (1970:37) sê : "... the outlook of much of the world changed, pressures built up, nationalist movements gained strength and 'colonialism' and 'empire' became, unethnical concepts and 'racial discrimination' was the worst of all sins." Na onafhanklikheid het al die voormalige Afro-Asiatiese kolonies lidmaatskap van die Verenigde Volke Organisasie verkry. Met hulle getallemeerderheid het hulle die toon begin aangee in besprekings en besluite oor internasionale aangeleenthede, veral oor Suid-Afrika (Cockram, 1976:277). Dit was hulle doel om alle spore van hulle vorige onderdanigheid uit te wis en om gevoelens van verontregting jeens die voormalige Westerse koloniale moondhede tot uiting te laat kom.. Die Westerse lande wou op hulle beurt die goedgesindheid van hierdie nuwe magsblok behou en sodoende verhoed dat hulle in die Kommunistiese kamp beland. Suid-Afrika met sy veelvolkige samestelling het die ideale teiken geword vir al die akteurs op die internasionale verhoog in hulle aanslag teen die Blankes van die Republiek van Suid-Afrika. In die verband verklaar Breytenbach (1978:80) "... that the Second and Third World nations criticizing South Africa are hiding behind a mask of hypocrisy and that 'South African racism' or apartheid has been catapulted into the world arena as a useful instrument not only to foment troubled relations in this part of the world, but to disguise their own inadequacies of ideology and their mismanagement of purpose. Tremendous fuss is being made of white/black racism in Southern Africa and

then only if the governing élite is white. This is clearly a ploy to draw the attention of the world away from the dire plight of the suffering minorities, ethnic, cultural and socioeconomic in the Communist bloc and in the Third World."

Die volgehoue propaganda aanslag teen Suid-Afrika is toegespits op elke faset van die volkshuishouding. Die uitgangspunt is om Suid-Afrika te isoleer van die internasionale gemeenskap en aktivistiese vryheidsbewegings te erken as die enigste ware verteenwoordigers van die mense van Suid-Afrika. (Breytenbach, 1978:23). Nieteenstaande dade van terreur, intimidasie en menseslagting deur organisasies soos die African National Congress, word grootskaalse morele en materiële steun aan hulle gegee. "The United Nations, besides lending political and moral support to the ANC, channelled US\$ 20 million in material assistance to the ANC in 1984". (Bureau for Information, 1986:8). Tussen 1984-86 het die ANC grootskaalse burgerweerstand en brutaliteit toegepas om die Swart woongebiede onregeerbaar te maak. Dit het die Suid-Afrikaanse regering genoodsaak om 'n noodtoestand af te kondig ten einde orde te herstel (Thomashaussen, 1987:12). Suid-Afrika is opnuut onder die soeklig geplaas en die aandrang tot oplossing van die probleme het toegeneem. Ten einde interne en eksterne druk te ontlont, het die regerende Nasionale Party homself toenemend op die pad van hervorming geplaas. Daar word gepoog om die beleid van apartheid te vervang met 'n nuwe bedeling, gebaseer op 'n eenheidsamelewing en die deling van mag met alle volkere in Suid-Afrika. Dit het aanleiding gegee tot die opkoms van die Konserwatiewe Party, wat hierdie pogings vertolk as 'n abdikasie van die Blanke, veral die Afrikaners se posisie in Suid-Afrika. "Daar is nie meer twyfel nie. Die Nasionale Party het aan die einde van sy nasionale pad gekom" (Treurnicht, 1988:1). Daar is

uiteenlopende sieninge oor hoe Suid-Afrika se toekoms gaan ontplooi.

Daar is fundamentele verskille oor die aard en wese van die toekomstige leef- en wêreldbeskouing van die Blanke, veral die Afrikaner, in die Republiek van Suid-Afrika.

Die onderwysstelsel vir Blankes is nie geïsoleerd van ander gemeenskapsverbande in hierdie tye van vloeibaarheid en onsekerheid nie. Van der Walt (1982:2199) meen "... onderwysvoorsiening kan nooit losgedink word van die staatkundige bedeling waarin dit plaasvind nie." Trouens, die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp het reeds te kenne gegee dat die onderwys aangewend moet word om verhoudinge tussen die onderskeie volkere te verbeter. "’n Eenvormige onderwysbeleid, veral ten opsigte van algemene leerplanne en eksamenstandaarde, is uiteraard noodsaaklik." (Anon., 1988c.:46).

4.3 KULTUURHISTORIESE FUNDERING VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR BLANKES

4.3.1 Inleiding

In paragraaf 4.2.1 is gewys op sekere kernmomente van Blanke vestiging in die Republiek van Suid-Afrika. Daar sal voorts gelet word op die ontwikkeling van die onderwysstelsel vir Blankes tydens spesifieke fases. In soverre die literatuur dit toelaat, sal gelet word op die ontwikkeling van onderwysstelselbeleid, onderwysstelseladministrasie, onderwyskundige strukture en ondersteuningsdienste. Dit sal aandui hoe hierdie ontwikkeling bygedra het om ’n logistieke raamwerk te skep "... om aan die onderwysbehoefte van ’n bepaalde groep mense te voldoen." (Steyn, 1989:17).

1.3.2 'n Beskouing van onderwysontwikkeling tot 1984

1.3.2.1 Onder Hollandse bestuur

Die Hollanders aan die Kaap was sterk onder die invloed van die 16e en 17e eeuse kerkhervorming waartydens die Protestantse, Gereformeerde beginsels teen die Rooms Katolieke Kerk beskerm is. Dit was ook die tyd waarin die Hollanders hulle op politiek-staatkundige terrein teen Spaanse oorheersing verset het. "Die Hollanders was trots op hulle pasverkrygde godsdienslike en staatkundige vryheid en hulle lewensbeskouing is gekenmerk deur 'n toegewydheid aan die Protestant-Christelike en nasionale beginsels." (Barnard & Coetzee, 1976:2).

Alhoewel die Hollands Oos-Indiese Kompanjie 'n handelsonderneming was, het dit nogtans aandag aan die onderwys van die amptenare gegee. Godsdienslike onderrig was ook belangrik ten einde amptenare te skool vir lidmaatskap in die Nederduits Gereformeerde Kerk (Behr & Macmillan, 1971:2). Die pioniersomstandighede aan die Kaap het ook neerslag in die onderwys gevind. Ouers en Kompanjie-amptenare was verantwoordelik vir die onderrig van kinders aangesien daar 'n gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers was. Die vernaamste handboeke was die Bybel en die kategismusboek. Pogings is periodiek aangewend om die onderwys aan te pas by die behoeftes van 'n gemeenskap wat al hoe meer verspreid die binneland verken en bewoon het. De Mist se Skoolorde van 1804 was die laaste poging in dié verband voordat die Kaap onder Engelse bestuur beland het. Volgens hierdie Skoolorder is die noodsaaklikheid van opgeleide onderwysers bepleit asook dat onderwysbeheer moet oorgaan na die staat in plaas van die tradisionele kerklike beheer (Pistorius, 1982:283-284).

4.3.2.2 Onder Britse bestuur

In paragraaf 4.3.2.1 is verwys na die Britse besitname van die Kaap. Die Britse benadering oor onderwys in sy koloniale besittings is beïnvloed deur 'n algemene leef- en wêreldbeskouing van die Britte as maghebbers oor 'n uitgestrekte koloniale ryk. Milner het dit soos volg saamgevat "I am a Nationalist and not a cosmopolitan ... I am a British Nationalist. If I am also an Imperialist, it is because the destiny of the English race, owing to its insular position and long supremacy at sea, has been to strike fresh roots in different parts of the world." (Gardiner + Davidson, 1968:14-15). Dit was vir die Britte belangrik om hulle koloniale besittings te onderwerp aan verengelsing en daarmee gepaardgaande denasionalisering. Dit is gedoen deur beheer oor die regeringstelsel van 'n kolonie en die invoer van Britse nasionale simbole soos die Britse vlag en volkslied asook die daarstel van die Britse koning as hoof van die hele Britse Ryk. Die onderwys was 'n belangrike medium om verengelsing deur te voer deur die aanstelling van Engelse en Skotse onderwysers en predikante. In 1820 is sowat 5 000 Britse setlaars ook na die Kaap gestuur om te help met die daarstel van 'n Britse leefwyse en -karakter. "Fisies moes verengelsing teweeg gebring word deur groot getalle Britse immigrante in te voer, geestelik deur die Hollands-Afrikaner in die bastion van sy volkseie aan te tas, naamlik deur sy skool en sy kerk." (Pistorius, 1982:288-289).

4.3.2.3 Christelik Nasionale Onderwys

Christelik Nasionale Onderwys het in die jare 1901-1906 sterk navore gekom in Suid-Afrika en was inderwaarheid die Afrikaner se skans teen die Britte se verengelsing-en-denasionaliseringsbeleid. Volgens Barnard en Coetzee (1976:139) "... sou die Afrikaners, wat ten alle koste sy identiteit wou behou, onwillig wees om sy kinders na die vreemde goewermentskole, met Engels as voertaal, te stuur." Verskeie privaatskole met 'n Christelik-nasionale inslag is gestig en is befonds met bydraes van goedgesindes vanuit Nederland. Die voertaal in die skole was Hollands/Afrikaans en die onder- rig het 'n gereformeerde religieuse inslag gehad. Die inisiatief vir die totstandkoming van hierdie skole het van die kerke gekom en die ouers was verantwoordelik vir die aard van die onderwys wat gelewer was. 'n Gebrek aan fondse het egter die poging gekortwiek en skole het gesluit of het met die openbare skole saamge- smelt. Die idee van Christelik-nasionale onderwys het egter nooit heeltemal doodgeloop nie en was deur die jare aan die lewe gehou deur middel van besprekinge en geskrifte (Van der Walt, 1988:239).

4.3.2.4 Vanaf Uniewording tot Republiekwording

In 1910 het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom, bestaande uit die 4 voormalige Britse kolonies naamlik die Kaap, Natal, Oranje-Vrystaat en Transvaal. Die onderwysstelsel van die Unie was gebaseer op die Smutswet van 1907. Hierdie wet het met sekere wysigings die basis gevorm van alle daaropvolgende onderwys- wetgewing in Suid-Afrika (Barnard & Coetsee, 1976: 161). Die onderwys sou voortaan onder staatsbeheer

wees. Behalwe sekere gespesifiseerde vertakkings, sou alle ander onderwysaangeleenthede onder die verskillende provinsiale administrasies ressorteer. Dit is gedoen om die eie aard van elke provinsie te erken. Alhoewel die Christelike opvoedingsdoel nie spesifiek na vore kom nie, is daar tog 'n soepelheid in benadering toegelaat ten einde Christelike oortuigings in die onderwys moontlik te maak. Engels en Afrikaans kry gelykberegting in die onderwys en die ouerkeuse was bepalend in dié verband. Die staat is belas met die skep van onderwysfasiliteite asook vir die opleiding en besoldiging van onderwysers. Verskeie komitees en beheerliggame, op elke vlak van die onderwys, is geskep om goeie administrasie te verseker en ouers kry inspraak in die aanstelling van onderwysers. Sekere plaaslike aangeleenthede rakende die onderwys van hulle kinders was ook onder toesig van die ouers (Pistorius, 1982:328-329).

4.3.2.5 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet Nr. 39 van 1967)

Die aanname van Wet 39 van 1967 het in 'n groot mate 'n einde aan verdeelde beheer oor die onderwys vir Blankes gemaak (Republic of South Africa, 1986:2). Die betrokke Minister sou voortaan, met inspraak van die provinsiale administrateurs en die Nasionale Adviserende Onderwysraad onderwysbeleid bepaal. Wet 39 van 1967 het ook bepaal dat die onderwys 'n Christelike en breë nasionale karakter sou hê. Dit het noue aansluiting met die strewes van Christelik-nasionale onderwys gevind (Van der Walt, 1988:243). Die grondslag is dus gelê vir die daarstel van 'n onderwysstelsel wat ingestel is op die bereiking van opvoedkundige doelwitte met 'n nasionale karakter.

4.3.2.6 Die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys-
sake, 1984 (Wet 76 van 1984)

In ooreenstemming met die regering se beleid van hervorming, is daar in 1980 opdrag gegee vir 'n omvattende ondersoek na alle aangeleenthede rakende onderwysvoorsiening in die land. Die resultate is vervat in die sogenaamde De Langeverslag van 1981. Hiervolgens sou 11 beginsels rigtinggewend wees vir die daarstel van 'n eenvormige onderwysstelsel vir alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika (R.G.N., 1981:14-16). Tesame met die heftige debat en fundamentele verskille oor hervorming in die algemeen, het genoemde verslag ook 'n gemengde ontvangs gehad. Nadat belanghebbendes geleentheid gehad het om kommentaar op die aanbevelings te lewer, is Wet 76 van 1984 aanvaar as die basis waarop die nuwe onderwysstelsel sou berus. Vir die doeleindes van onderwysstelseladministrasie word daar onderskei tussen algemene en eie sake in die onderwys. Oorhoofse beleidsadvies word as 'n algemene saak beskou terwyl daar afsonderlike staatsdepartemente vir die onderwys van Blankes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes is (Steyn, 1985:13).

Alhoewel die vloeibaarheid en noodsaaklikheid vir verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing geredelik erken word, is die groot strydvraag oor hoe en teen watter tempo dit moet geskied. Van der Walt (1982: 2199) sê in die verband dat alhoewel onderwysvoorsiening onlosmaaklik aan die staatkundige bedeling gekoppel is, bly onderwys en opvoeding religieus en lewensbeskoulik bepaald en is dit ook volkseie en kultuurbepaald.

4.4 DIE NATIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT

4.4.1 Inleiding

Om enigsins waar te neem hoe die nasionale bewussyn in die onderwysstelsel gereflekteer word, is dit nodig om vas te stel hoe dit in die breë samelewing voorkom. In die bespreking wat volg, sal daar dus aan hierdie wisselwerking aandag gegee word.

Aan die beginjare van Blanke vestiging in Suid-Afrika, was daar weinig sprake van enige ontwikkelde nasionale gevoel as sodanig. Dit is ook weerspieël in die onderwys van die tyd. Die klem het geval op lees, reken en voorbereiding vir katkisasie. Die eerste geskiedenis waarmee leerlinge aan die Kaap kennis gemaak het, was Bybelse geskiedenis (Van Jaarsveld & Rademeyer, 1960: 92). Die Kaap was 'n Nederlandse besitting en die onderwys en opvoeding het hoofsaaklik 'n Nederlandse karakter vertoon.

Met die oornam van die Kaap deur Brittanje en die daarmee gepaardgaande beleid van verengelsing, het die klem verskuif na die kweek van 'n Engels-getinte leef- en wêreldbeskouing. Engelse en Skotse onderwysers en predikante is ingevoer om 'n greep op die plaaslike gemeenskap se kultuurbelewenis te verkry. Die Engelse taal asook die inhoud van die leerstof moes hiertoe meehelp. Die onderwys was die logistieke stelsel waardeur eng plaaslike lojaliteite en gevoelens van nasionale samehorigheid teengewerk moes word. In die plek daarvan moes trou aan die Britse Ryk gekweek word. "Deur imperialiste en liberaliste is die karakteristieke eienskappe en die eiendomlikheid van die volk in wording baie geskaad." (Van der Walt, 1988:209).

Die totstandkoming van 'n nuwe volk aan die Kaap (vergelyk paragraaf 4.2.2.1) het egter met verloop van tyd gelei tot die ontwikkeling van 'n eie taal, naamlik Afrikaans (Coetzee, 1961:7), asook die begeerte tot onderwys in die eie geskiedenis "om die jong Afrikaanse Kapenaartjies nasionaalbewus en patrioties te maak. Hulle moes eiewaarde en nasionale 'trots' aanleer." (Van Jaarsveld & Rademeyer, 1960:95). Die toenemende botsings tussen die Afrikaners en die Engelse het daartoe bygedra dat 'n eenheidsgevoel tussen die Afrikaners toegeneem het.

Om die nasionale bewussyn as determinant by die Blankes van Suid-Afrika te omskryf, is dit nodig om die invloed van bogenoemde twee uitgangspunte te verstaan. Aan die een kant is daar die Brits-sentriese nasionale beskouing en aan die ander kant Afrikanernasionalisme. Die manifestering van die twee nasionale bewussyns, met hulle leidende lewensbeskouings by die Blankes van Suid-Afrika, word vervolgens nagevors. Hieruit sal die invloed van beide op die onderwysstelsel duidelik word.

4.4.2 Die Britse nasionale bewussyn

4.4.2.1 Manifestering van die Britse nasionale bewussyn

Die 19e eeu was 'n tydperk van groot hervormings in Brittanje. Op politieke terrein is demokrasie ingevoer wat deelname in landsadministrasie na die breër bevolking uitgebrei het. Die industriële revolusie het groot finansiële voorspoed tot gevolg gehad wat die regering in staat gestel het om groot ondernemings aan te pak. Godsdienstige verdraagsaamheid was aan die orde van die dag en onderwys is aangemoedig deur staatssteun aan skole. "The years of reform at home were also years of prestige abroad. With a full treasury, a

powerful navy, and a natural defense against invasion, the English government could play a vital role in the colonial affairs of the world and even on the European continent itself." (Lyon, Rowen & Hamerow, 1969:642). Die Britse samelewing het 'n holistiese totaalverband aangeneem wat deur die natuurgenade religieuse grondmotief gedra is. Om dié rede het die Calvinisme nooit tot 'n blywende faktor in die Britse openbare lewe ontwikkel nie (Van der Walt, 1988:223).

Die Britse Ryk was vir die Britte die kern van hulle nasionale trots en die Britse kroon was die simbool daarvan. Veral Koningin Victoria, wat regeer het vanaf 1837 tot 1901, is 'n toonbeeld van die belangrike rol wat die Kroon vervul het in die Britse nasionale bewussyn. "In her middle-class respectability and simple piety the public recognized itself, and in singing the praises of the monarch it was extolling its own virtues." (Lyon Rowen & Hamerow, 1969:642). Tesame met die Britse kroon, was die Britse vlag, volkslied, taal en administratiewe bestel die waarneembare manifestering van die Britse gesag oor koloniale besittings. Die Britse nasionale bewussyn was eksklusief en het nie voorsiening gemaak vir plaaslike nasionale strewes nie. Hierdie sienswyse het ook vir Suid-Afrika gegeld. "A British South Africa was the open and acknowledged ambition of British statesmen and acclaimed by Britons in South Africa, who called themselves 'British South Africans', as the simple term South African did not meet the needs of their British patriotism." (Mc Cord, 1952:7). Die Britse motief, om die Britse nasionale bewussyn in Suid-Afrika oor te dra, het tot gevolg gehad dat daar 'n dualisme was in die manifestering van die nasionale bewussyn by Blankes. Daar word vervolgens aandag gegee aan die kenmerke van hierdie twee strominge.

4.4.2.2 Raakvlakke tussen die Britse nasionale bewussyn en Holisme

In paragraaf 4.4.2.1. is daar reeds op gewys dat die Britse Ryk die kern van Britse nasionale trots uitmaak het. Hierdie beskouing het bokant afsonderlike identiteite, verskeidenheid van samelewingsverbande en partikuliere volksverband gemanifesteer. Van der Walt (1988:221-222) wys daarop dat daar reeds onder De Mist, 1803-1806, spore van 'n soortgelyke stroming in die Kaap waarneembaar was. Met die staat as oorkoepelende samelewingsverband wou hy die Kaap verhollands. Sedert die Britse oorname van die Kaap in 1806 het die Britse bewind dieselfde motief van denasionalisering van die Afrikaner nagestreef. 'n Doelbewuste beleid van vereniging was die metode waarvolgens die Afrikaner in die breër Britse Ryksgedagte opgeneem moes word. Ook die Voortrekkers, wat die binneland van Suid-Afrika ingetrek en beset het, het nie hierdie doelwit van die Engelse vrygespring nie (vergelyk paragraaf 4.2.2.2). Nadat die Boererepublieke hulle onafhanklikheid verloor het met die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, het daar 'n gees van versoening geheers tussen die Britte en 'n groot gedeelte van die verslane Afrikaners. De Kock (1971:20-24) wys daarop dat dit uitgeloop het op die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika onder die Britse kroon en met die Britse regeringstelsel as staatkundige model. As selfregerende dominium was Suid-Afrika nou lid van die Britse Ryk tot 1961 met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika, buite die Britse gemenebes van nasies.

Generaal J.C. Smuts was die hoofeksponent van die holistiese begrip in Suid-Afrika. Hy het hom beywer om, veral op die politieke en die onderwysterreine, sy visie van 'n groter eenheid binne Britse Ryksverband te verwerklik. Van der Walt (1988:221-222) wys daarop dat die Holisme die uitwissing van volksidentiteit vir die Afrikanervolk en 'n gepaardgaande anglisering as grondslag het. Dit het die natuurgenade kultuurdominant in die plek gestel van die Afrikaner se tradisionele Calvinistiese leef- en wêreldbeskouing en het 'n skeiding tussen geloof en wette en leer en lewe tot gevolg gehad (Van der Walt, 1988:223). Generaal Louis Botha, die Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, het net soos Smuts, homself beywer vir konsiliasie tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Daar was egter Afrikaners soos J.B.M. Hertzog wat van mening was dat die konsiliasiebeleid die Engelse bevoordeel het ten koste van Afrikanernasionalisme. Dit het daartoe aanleiding gegee dat daar botsing gekom het tussen hierdie twee hoofstrominge : aan die een kant die Holisme, met 'n breë Suid-Afrikanisme binne die Britse Ryk, aan die ander kant Afrikanernasionalisme los van Britse oorheersing en met die reg tot selfbeskikking op alle vlakke (Liebenberg, 1975:400).

4.4.3 Die Britse nasionale bewussyn en die invloed van Holisme op die onderwysstelselontwikkeling

4.4.3.1 Onderwysstelselbeleid

Nadat Engeland die Kaap formeel van Nederland oorgeneem het, is daar oorgegaan tot 'n proses van verengelsing. Somerset se taalproklamasie van 1822 het Engels tot enigste voertaal verklaar (Kotze, 1975:131). Die doel was om die Kaap 'n integrale deel van die Britse Ryk te maak. Om dit moontlik te maak, is Engelse en Skotse

onderwysers en predikante ingevoer om deur middel van die skool en die kerk 'n Britse lewenswyse te vestig. "Die gees en rigting wat deur die Engelse owerheid bepaal is, was totaal vreemd vir die Afrikaner wat teen daardie tyd reeds sy eie tradisies en Calvinistiese lewens- en-wêreldbeskouing gehad het. Hy het gevoel dat sy volksbestaan bedreig word. Die tradisionele Christelik-nasionale karakter van die skool is weg-geneem." (Barnard & Coetsee, 1976:25-26). Verengelsing was ook die Britse onderwysbeleid teenoor die Afrikaners in die binneland nadat die voormalige Boererepublieke tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 verslaan is (vergelyk paragraaf 4.3.2.2).

Die eksponente van Holisme in Suid-Afrika se lewens- en wêreldbeskouing het aanklank gevind by die Britse Ryksgedagte (vergelyk paragraaf 4.4.2.2). Gevolglik was hulle nasionale bewussyn in ooreenstemming met die Britse nasionale bewussyn. Holiste, soos generaal J.C. Smuts, wat gemoeid was met onderwysstelselbeleid in Suid-Afrika, se vertrekpunt was dus dieselfde as dié van die Britse beleidmakers. Die Holiste het geglo dat die onderwys aangewend moet word om leerlinge te onder-rig in 'n breër Suid-Afrikanisme wat deel vorm van die Britse Ryk. Die Smutswet van 1907 het met enkele wysigings die onderwysstelselbeleid tot 1967 bepaal. "Smuts wou in 'n gesentraliseerde staatsonderwysstelsel alle kinders (Hollands en Engels) byeenbring sodat 'n eenheidsbewuste nasie opgebou kon word." (Barnard & Coetsee, 1976:160).

4.4.3.2 Onderwysstelseladministrasie

Die daarstel van administratiewe organe is nodig om beleid, wat deur wetgewing verkonkretiseer is, ten uitvoer te bring (Rupert, 1977:55). In paragraaf 4.4.3.1 is daarop gewys dat wetgewing gebruik is om 'n

breë Suid-Afrikanisme, geskoei op die Britse tradisie, by Blankes te vestig. Ten einde die Britse/Holistiese motief op die onderwysstelsel af te dwing, is 'n stelsel van gesentraliseerde staatsbeheer toegepas. In 1839 het Lord Charles Somerset die eerste superintendent van onderwys aangestel om die administrasie van onderwys te beheer. "Met die aanstelling van die eerste Superintendent van Onderwys in 1839 is die oordrag van die verantwoordelikheid vir die onderwys van kerk na staat 'n voldonge feit. Voortaan sou dit 'n blywende kenmerk van die georganiseerde onderwys in Suid-Afrika wees. (Pistorius, 1982:291-292). Die Smutswet van 1907, wat die basis vir toekomstige onderwysontwikkeling sou lê (vergelyk paragraaf 4.4.3.1), het verdere stimulus aan 'n neutrale vorm van staatsonderwys gegee. Geld was slegs beskikbaar vir staatsonderwys en dit het die Christelik Nasionale Onderwysgedagte 'n gevoelige slag toegedien (Barnard & Coetsee, 1976:152). Omdat die staat, onder hierdie stelsel die beherende instansie vir onderwys is, vervaag die rol van die ouer. Daar is wel voorsiening gemaak vir ouerkomitees, dog slegs in 'n adviserende hoedanigheid (Pistorius, 1984:422).

4.4.3.3 Onderwyskundige struktuur

Ten einde die Britse doel van verengelsing en opvoeding tot aanvaarding van die Britse Ryksgedagte ten uitvoer te bring, is die onderwysstelselstruktuur dienooreenkomstig aangepas. Gratis onderwys is ingestel om skoolbywoning aan te moedig en die staat het die verantwoordelikheid aanvaar vir die oprigting van skole. Onderwysers is deur die regering aangestel en vergoed en Engels was die voertaal tydens onderrig (Kotze, 1975: 131). Volgens Van Jaarsveld & Rademeyer (1960:93) is die Britse geskiedenis as skoolvak ingevoer om 'n

eie Afrikaanse geskiedsbeeld te ontmoedig en om trou aan die Britse Ryk te bestendig. Voorsiening is egter gemaak vir die onderrig van die Hollandse taal vir hoogstens 3 ure per week kragtens Ordonnansie no. 7 van 1903. Omdat hierdie taalonderrig meesal deur Engelse onderwysers hanteer is, het dit nie werklik veel waarde gehad nie (Barnard & Coetsee, 1976:135). Die Afrikaner se tradisionele Christelike "hartsgerigtheid" is ook in sy wese aangetas. Godsdiensonderrig kon wel in die moedertaal aangebied word, dog slegs op 'n nie-dogmatiese wyse. Die Britse onderwysstelselstruktuur was daarop gerig "... om die taaiste teenstand - vanuit die Christelike en nasionale oortuiging - in sy wortel te vernietig." (Pistorius, 1984:418). Die Britse onderwysstelsel het gebruikswaarde, tot voordeel van die groter Britse Ryk, as uitgangspunt gehad. Om dié rede is die skoolkurrikulum uitgebrei om vakke soos Lees, Skryf, Rekene, Sang en Liggaamlike Opvoeding te bevat (Barnard & Coetsee, 1976:120).

Die Holiste se onderwyskundige struktuur vertoon dieselfde kenmerke as dié van die Britte. "Die Smutswet (van 1907) word in hooftrekke die basis waarop ons onderwys sedertdien gebou is." (Pistorius, 1984:421). Volgens die Smutswet is die staat verantwoordelik vir die oprigting van skole, die aanstel en vergoeding van onderwysers en ander amptenare asook vir die aard van die kurrikulum wat gevolg word. Hollands het wel meer erkenning gekry, dog Engels het 'n meerdere posisie beklee. Ouers se reg om die gees en rigting van die skool te bepaal, is verwerp aangesien die staat onderwysers aangestel het wat nie die tradisionele aard van die gemeenskap vertolk nie. In 'n poging om eenheid tussen die Afrikaners en Engelse daar te stel, is die beginsel van nie-dogmatiese Godsdiensonderrig ook gehandhaaf (Barnard & Coetsee, 1976:150-151).

4.4.4 Afrikanernasionalisme

4.4.4.1 Inleiding

In paragraaf 4.2.2.1 is gewys op die totstandkoming van 'n nuwe volk aan die Kaap wat ook 'n eie taal, naamlik Afrikaans, ontwikkel het (vergelyk paragraaf 4.4.1). Hierdie nuwe volk het stelselmatig 'n unieke identiteit ontwikkel wat hulle teen 1707 as Afrikaners of Boere bekend laat staan het (De Kock, 1971:10). In die pioniersomstandighede aan die Kaap het die Afrikaners geleer om na hulle eie heil om te sien. "Die gevolg was 'n selfstandige, individualistiese ras wat nie veel meer van die owerheid verlang het as om met rus gelaat te word nie." (Kotze, 1975:128). Met die Britse oornome van die Kaap in 1806 het daar toenemende botsings tussen Boer en Brit ontstaan. Dit het hoofsaaklik oor Britse inmenging met die tradisionele Afrikanerleefwyse en die verengelsingsbeleid gegaan. Dit het uitgeloop op die Groot Trek wat aanvanklik gelei het tot verwydering tussen die Kapenaars en die Voortrekkers in die binneland van Suid-Afrika. Engelse optrede teenoor die Boererepublieke het egter simpatie by die Kapenaars vir hulle kultuur- en volksgenote laat posvat. Dit het gelei tot 'n eenheidsgevoel oor geografiese grense heen. Die tydperk tussen 1877-1881 en veral die Eerste Vryheidsoorlog van 1881 het 'n breë Afrikanernasionalisme as teenvoeter teen Britse imperialisme tot gevolg gehad. Selfs nadat die Boererepublieke hulle vryheid verloor het tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, het die Afrikanernasionalisme van trots in en behoud van die eie nie getaan nie. Een van die gevolge van die oorlog was dat daar 'n nouer politieke eenheid in Suid-Afrika tot stand kon kom. "'n Ander

gevolg was die nuwe stukrag wat dit aan Afrikanernasionalisme verleen het. Die voorbeeld wat gestel is deur die Republikeinse Boere wat soveel moes ly vir onafhanklikheid, het die Afrikaners van die Kaapkolonie geïnspireer. Die prysgewing van die Republieke het die Afrikaners nader as ooit tevore aan mekaar gebring." (De Kock, 1971:19-20).

4.4.4.2 Manifestasie van Afrikanernasionalisme

Volgens Coertze (1984:4-5) is daar veral drie terreine waarop Afrikanernasionalisme manifesteer. In die eerste instansie is dit deur sy Christelike godsdiens wat erkenning gee aan God as beskikker van die Afrikaner se voortbestaan. In die tweede plek is dit die hoë waarde wat aan selfstandigheid en vryheid van vreemde oorheersing geheg word. Om dié rede is die drang na 'n vrye volk in 'n eie onafhanklike staatsterritorium belangrik. 'n Derde dryfveer is die Afrikaner se afsonderlikheidsin. Hierdie afsonderlikheidsin word geopenbaar in die aanvaarding van die andersheid in leef-en-wêreldbeskouing tussen die Blanke van westerse kultuur-historiese oorsprong in vergelyking met dié van gekleurde inboorlinge. Die siening is nie gebaseer op rasse-vooroordeel nie, dog is gegrond op geslagte se ervaring van die verskil in lewenswyse wat onversoenbaar met mekaar is. "Hierdie eerste twee bepalende temas in die lewenspatroon van die Afrikaner, die godsdienssin en vryheidsin, word gewoonlik saam na verwys as sy Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing." (Coetzer, 1984:5). Die derde kenmerk, naamlik die afsonderlikheidsin, het beslag gekry deur die afsonderlike leef-en-ontwikkelingsfenomeen tussen Blankes en mense van kleur. Na 1948, met die bewindsoorname van die Afrikanerdominante Nasionale Party, is hierdie afsonderlikheid wetlik geïnstitusionaliseer kragtens die beleid

van afsonderlike ontwikkeling (vergelyk paragraaf 4.2.1). Omdat die Afrikaner altyd oop was vir die assimilering van ander Blanke westerlinge wat met hom assosieer, is daar nog altyd gepraat van die ontwikkeling van 'n Blanke volk in Suid-Afrika (Coertze, 1984:5).

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 (vergelyk paragraaf 4.2.3) het Afrikanernasionalisme op verskeie terreine waarneembaar beslag gekry. Volgens De Kock (1971:29-43) het die verdeeldheid en botsings tussen die Afrikanernasionaliste en die Brits-Holistiese stroming op verskeie terreine na vore gekom. Tydens die twee wêreldoorloë was daar groot teenkanting van die kant van baie Afrikaners wat nie betrokke wou raak by oorloë wat hulle as Britse oorloë beskou het nie. Dit het ook saamgeval met 'n toeneemende momentum om op alle terreine los te kom van 'n verbintenis met die Britse Ryk en die Britse leef- en wêreldbeskouing. Dit het gelei tot die gelykberegtiging van Afrikaans as taal naas Engels en die aanvaarding van 'n eie vlag en volkslied vir Suid-Afrika.

Die Britse geldmag het groot invloed in Suid-Afrika gehad na die ontdekking van goud en diamante en het nie altyd die belange van die Afrikaner op die hart gedra nie. As teenvoeter is organisasies soos die Reddingsdaadbond gestig om die ekonomiese belange van die Afrikaner te bevorder. Beskermingsmaatreëls is ook aanvaar om werkseleenthede vir Blankes en veral die Afrikaner te verseker. Nywerhede soos YSKOR en projekte soos die nasionale padbouprogram het werkseleenthede geskep en bygedra tot die ekonomiese opheffing van die Afrikaner. Al hierdie bydraes het nasionale geesdrif aangewakker. In 1938 het die simboliese ossewatrek regdeur die land plaasgevind om

die oorwinning oor die Zoeloes by Bloedrivier te gedenk. Dit sou uitloop op die oprigting van die Voortrekkermonument in Pretoria. "Die voortbestaan van die Afrikanervolk in hul stryd teen Britse imperialisme en teen die barbaarse magte was die tema van menige toespraak op die pad van die ossewaens." (De Kock, 1971:38).

Afrikanernasionalisme het groot hoogtes bereik onder leiding van die Nasionale Party sedert 1948. Dit het sigbaar gemanifesteer in die gebruik van eie nasionale simbole soos die vlag, volkslied en Suid-Afrikaanse embleme op die geldstelsel in plaas van die afbeelding van die Britse vorstin. Alle tekens van Britse invloed is ook verwyder in 1961 met Republiekwording. Die Staatspresident het die Britse monarg as staatshoof vervang en Suid-Afrika het ook as lid van die Britse Statebond onttrek (Liebenberg, 1975:447-448). Daar kan met reg beweerd word dat die totstandkoming van 'n Republiek van Suid-Afrika 'n oorwinning vir Afrikanernasionalisme oor die Brits-Holistiese geestestroming was.

4.4.5 Die invloed van Afrikanernasionalisme op onderwysontwikkeling

4.4.5.1 Onderwysstelselbeleid

Die Nederlandse provinsies het vir 80 jaar teen die Rooms-Katolisisme geveg om hulle Protestantse-Christelike geloof en nasionale vryheid te verseker. Dit het daartoe gelei dat daar na so 'n lang tyd geen onderskeid tussen hulle religieuse- en nasionale lewensbeskouing was nie. Volgens Pistorius (1984:416) het die Protestantisme die Nederlandse ekonomiese uitbreiding sowel as die onderwys gerig. Op onderwysgebied

was kerk en staat hegte bondgenote in onderwysvoorsiening. Dieselfde benadering is ook in 1652 na die Kaap oorgedra met die stigting van die Blanke nedersetting deur die Hollands Oos Indiese Kompanjie. Die staat was die oprigter van die onderwys dog die kerkrade het die rigting van die onderwys bepaal. "Die doel was om die grondslag van 'n Christelike lewenswyse te lê en om die leerlinge te leer lees sodat hulle self toegang tot die Bybel kon verkry en hulle vir kerklidmaatskap kon voorberei." (Barnard & Coetsee, 1976:4). Die noue verweefdheid van die rol van die kerk en die staat in onderwysvoorsiening in Suid-Afrika staan bekend as die Christelik-nasionale onderwysrigting. 'n Wesenskenmerk van die CNO-rigting toon die religieuse grondmotief van skepping-sondeval en verlossing en het die absolute soewereiniteit van God ten grondslag. Volgens Van der Walt (1988:232) het hierdie beginsel vanaf Jan van Riebeeck se dae tot en met die Onderwyswet van 1967 in mindere of meerdere mate die onderwysstelselbeleid van die Afrikaner bepaal.

Kenmerke van die CNO-rigting wat in onderwysstelselbeleid vervat is, is volgens Pistorius (1982:315-316) 'n weerspieëling van die Afrikaner se tradisionele leef- en wêreldbeskouing. Die rol van die kerk en Godsdiens in die onderwys word erken. Dit gee uiting aan die Afrikaner se staatkundige vryheidsin deurdat dit sterk klem lê op desentralisasie met baie klem op oerbetrokkenheid. Anders as by die Brits-Holistiese stroming word meer klem op die individu as op die staatsbelang gelê. Dit lê ook klem op die belang van die volkseie in teenstelling met die Brits-Holistiese benadering van onderwys en opvoeding in universele verband.

4.4.5.2 Onderwysstelseladministrasie

Desentralisasie in die onderwys, as deel van die CNO-beweging (vergelyk paragraaf 4.4.5.1), word gekenmerk deur 'n besondere administratiewe stelsel. Dit word weerspieël in die funksies en verantwoordelikhede van die staat, kerk en ouers. Volgens Pistorius (1984:410-411) het die staat die rol van oprigting en instandhouding van die onderwys. Dit word gedoen deur die daarstel van fondse, die neerlê van standaarde, opleiding van onderwysers en toesig deur middel van inspeksie. Deurdat die Afrikaner met verloop van tyd daarin geslaag het om beheer oor die regering te bekom (vergelyk paragraaf 4.4.4.2), is sy Christelike karakter ook in die onderwys opgeneem. Daar is dus nie 'n botsing tussen die ouer, die kerk en die staat oor die religieuse uitgangspunt van die onderwys nie. Alhoewel die kerk nie direk met die onderwys gemoeid is nie, word die Protestantse geloofsoortuiginge via die ouers en onderwysers in die onderwys ingedra. Ouers het die verantwoordelikheid om inisiatief te neem by die stigting van skole, aanwys van onderwysers en bepaling van die gees en rigting van die onderwys. In die demokratiese staatkundige bestel van Suid-Afrika het die ouer inspraak in elke aspek van beleidmaking en beplanning. Ten opsigte van plaaslike beheer en administrasie van die onderwys, is ouers egter georganiseer in kommissies, rade en ander owerheidsinstellings ten einde die gemeenskap se onderwysbehoefte te bevredig (Pistorius, 1984:410).

4.4.5.3 Onderwyskundige struktuur

Tydens die veeboer en rondtrekkende periode van Suid-Afrika se Blanke pioniergeskiedenis, was daar nie veel sprake van georganiseerde onderwys nie. Volgens

Van der Walt (1988:234) was die onderwys patriargaal en dit het hoofsaaklik van die ouers uitgegaan. Die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing het die klem op Christelike onderwys oor die volle spektrum van die onderwys veronderstel. Selfs nadat die gemeenskap meer ordelik in staatsverband georganiseer was, het daar nie botsing tussen die nasionale en die Christelike doelstellings voorgekom nie. Die protestante het geen skeiding tussen kerk en skool gemaak nie en die gereformeerde staatskoolgedagte was 'n erfenis van die Dordtse sinode in Nederland. Van der Walt (1988:234-235) wys daarop dat 'nasionaal' aanvanklik 'Hollands-nasionaal' beteken het, dog teen die einde van die agtiende eeu oorgegaan het na CNO in die Afrikaanse sin.

As gevolg van die vlaag van patriotisme wat by die Afrikaners posgevat het tussen 1877-1881, is al hoe meer leerstof met 'n nasionalistiese strekking in die onderwys opgeneem. Dit het weerstand by die Britse imperialiste ontlok. Hulle wou die opkomende Afrikaner-geslag opvoed tot aanvaarding van die Britse leef- en wêreldbeskouing (Van Jaarsveld & Rademeyer, 1960:102-103). Christelik-Nasionale Onderwys was die Afrikaners se antwoord hierop ten einde hulle eie identiteit te beskerm (vergelyk paragraaf 4.3.2.3). Die Smutswet van 1907 was die basis vir onderwys in die Unie van Suid-Afrika wat in 1910 tot stand gekom het. Dit was Smuts se begeerte om 'n nuwe Suid-Afrikanisme tot stand te bring en die Afrikaners op te voed tot aanvaarding van 'n Brits-Rykslojaliteit. Die regering het geen geldelike bystand vir Christelike Nasionale Onderwys beskikbaar gestel nie. Dit het gelei tot die sluiting van sulke skole. Die Afrikaner en veral die Afrikaner-onderwyser het egter die CNO-gedagte voortgedra totdat dit in die onderwyswetgewing van 1967 opgeneem is (Barnard & Coetsee, 1976:152-153).

Na Uniewording het die jonger geslag Afrikaners, veral aan die universitêre inrigtings, opnuut moed geskep en besef dat die pen sal moet herwin wat met die geweer verloor is. 'n Begin is gemaak met die omskepping van die spreektaal tot skryftaal, die skep van 'n nasionale letterkunde, die saamstel van Afrikaanse skoolboeke, die Bybelvertaling en 'Psalmberyming, die stigting van Afrikaanse tydskrifte en koerante "... en baie gou is daar op geestelike gebied 'n ongekende nasionale bedrywigheid." (Coetzee, 1961:34).

Na 1910 het daar ook groot veranderinge op die sosiaal-ekonomiese terrein ingetree. Versnelde industrialisasie, tesame met groot droogtes, het die Afrikaner na die stede gedwing. Dit het gelei tot gesinsontwrigting, 'n afwatering van tradisionele waardes en 'n toenemende materialistiese lewensuitkyk. Die ouer het in toenemende mate afstand gedoen van sy opvoedingsverantwoordelikheid en dit aan die skool oorgelaat. Onderwyswetgewing het nie spesifiek voorsiening gemaak vir die uitbou van 'n eksklusiewe Afrikanernasionalisme nie. Dit het eerder die nasionale eenwording tussen Afrikaans- en Engelssprekendes nagestreef. Alhoewel die aandrang op dubbelmediumonderwys, dit wil sê gelykberegtiging tussen Afrikaans en Engels op skool, tussen 1937 en 1946 sterk op die voorgrond getree het, het die regeringsoorname deur die Nasionale Party in 1948 die beginsel van moedertaalonderrig 'n werklikheid gemaak. Binne hierdie milieu het die Afrikaneronderwyser die kultuurhistoriese waardes aan sy leerlinge oorgedra en bestendig. Dit was egter nie "... 'n vrug van die stelsel nie, maar het eintlik buite-om die stelsel geskied." (Pistorius, 1984:425). Malan (1988:18-19) en Horrell (1973:496) veroordeel die rol van die

onderwys in die fundering van afsonderlike volksidentiteite en beskou dit as teenproduktief vir die skepping van 'n breë, holistiese Suid-Afrikanisme.

Die onderwysstelsel is egter bloot 'n produk van die heersende leef- en wêreldbeskouing van die gemeenskap wat hy dien. "Tot dusver kon ons nog nie daarin slaag om ons onderwys van politieke inmenging te vrywaar nie. Dit kan ook betwyfel word of dit wel moontlik is, want onderwys en opvoeding staan immers in diens van wat as die ideale samelewing van die toekoms beskou word." (Pistorius, 1984:424). Dit is opmerklik dat, namate die staatkundige bestel in Suid-Afrika (onder andere onderwysbeheer) sy Britse karakter verloor het, die Engelse gemeenskap ook stappe gedoen het om sy eie aard te beskerm en uit te bou. Waar die Onderwyswet van 1967, met sy Christelik-nasionale karakter die aspirasies van Afrikaners bevredig het "... parents preferred education in the English tradition of the boarding school which is single sex and usually denominational." (Behr & Macmillan, 1971:38-42). Die Afrikanernasionalisme het ten opsigte van die onderwyskundige struktuur ook 'n direkte invloed op verskillende vakke en onderwysprogramme gehad.

4.4.5.3.1 Jeugweerbaarheid

Daar is reeds verwys na die ongunstige internasionale klimaat waarin die Republiek van Suid-Afrika, veral sedert 1961, verkeer (vergeelyk paragraaf 4.2.4). Omdat hierdie aanslag gemik is teen die totale leef- en wêreldbeskouing van 'n volk, is dit logies dat die jeug 'n belangrike teikengroep vir so 'n aanslag is. "Dit sou onverantwoordelik en nalatig van onderwysowerhede wees indien daar kennis van sodanige

aanslag bestaan en nie daadkragtig en berekend opgetree word om die jeug se geestelike wapenrusting te versterk teen hierdie aanslag nie." (Carstens 1984:3). In die meeste van die Anglo-Saksiese lande, veral Brittanje, is daar geruime tyd gelede al aandag gegee aan die morele bewapening van skoolkinders teen ondermynende invloede deur die invoer van 'n program van 'moral education' in skole (Carstens, 1984:2). In Blanke Suid-Afrikaanse skole is 'n soortgelyke program, Jeugweerbaarheid, daargestel met dieselfde oogmerke. In die bespreking wat volg, sal daar veral gelet word op die program vir Jeugweerbaarheid in Transvaalse sekondêre skole.

4.4.5.3.2 Jeugweerbaarheid in Transvaalse sekondêre skole

Die Jeugweerbaarheidsprogram is in 1972 in Transvaal ingestel as 'n verdere poging om kinders te steun en te lei tot volwaardige volwassenheid (Transvaalse Onderwysdepartement, 1987:1). Jeugweerbaarheid het geen afgebakende studieterrein soos byvoorbeeld Geskiedenis en Wiskunde nie. Daarom kan nie gepraat word van 'n vak in die ware sin van die woord nie, maar eerder van 'n program (Carstens, 1984:10). As program vind Jeugweerbaarheid aansluiting by alle vakke en aktiwiteite in die skool, by die huis, in die kerk en alle ander terreine wat bemoeienis maak met die opvoeding van die jeugdige tot volwassenheid. Die fokus van Jeugweerbaarheid lê opgesluit in die feit dat die jeugdige, deur opvoeding, in staat gestel moet word om weerstand teen alle aanslae teen sy leef- en wêreldbeskouing te bied (Carstens, 1984:9).

'n Verdere toevoeging tot die Jeugweerbaarheidsprogram was die daarstel van 'n Geestesweerbaarheidsprogram vanaf standerd 6-10 met spesifieke temas en 'n vasgestelde periode-indeling per standerd per jaar. Volgens die leergang vir Geestesweerbaarheid (Transvaalse Onderwysdepartement, 1987:4-7) is die temas en doelstellings soos volg :

* Burgerkunde

Die afdeling het ten doel om nuttige landsburgers te vorm met 'n liefde vir die land en 'n bereidheid om hulle eie kultuurerfenis te beskerm.

* Menseverhoudinge

Dit is ingestel om optrede in elke vorm van intermenslike optrede normatief te rig. Dit impliseer beskaafde optrede teenoor andere, dog ook die handhawing van normes en standaarde van die self teenoor andersdenkendes.

* Lewenswaardes

Die afdeling beoog ontwikkeling van waardes soos selfdissipline, bewaringsbewustheid, geloofsversekering, verantwoordelikeitsin, arbeidsaamheid en wetsgehoorsaamheid. Deur middel van gesinsvoortligtingtemas word ook aandag gegee aan verhoudinge wat tot huweliksgeluk sal lei. Die Christelik-nasionale beginsel staan sentraal om weerbaarheid te verseker.

* Verkeersveiligheid

Hiermee word 'n positiewe gesindheid teenoor padgebruik aangespreek om sodoende die hoë sterftesyfer op Suid-Afrikaanse paaie teen te werk.

* Gebeurlikheidsbeplanning

Die kweking van sekerheidsbewustheid is die uitgangspunt van dié afdeling. Deur gebruikmaking van kundiges, ook van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie, word planne daargestel om in tye van krisis die veiligheid van alle betrokkenes te verseker.

'n Kenmerk van die Jeugweerbaarheidsprogram is die groot mate van soepelheid en keusevryheid wat aan individuele skole toegelaat word in die implementering van hulle eie programme. Daarom "... het skole, veral dié wat met entoesiasme en kreatiwiteit beplan het, die program met sukses aangebied." (Transvaalse Onderwysdepartement, 1987:1) Aan die ander kant is daar uit sekere oorde sterk beswaar teen Jeugweerbaarheid. Die veldskoolstelsel, wat ten doel het om deur middel van fisiese aktiwiteite en groepsdeelname kenmerke van betrokkenheid, leierskap en vaderlandsliefde aan te wakker, het al heftiger kritiek ontlok. Ook die kadetstelsel wat spanwerk, dissipline en voorbereiding van nasionale diensplig aanwakker, word deur baie veroordeel as onnodige militarisering van die jeug. Aanbiedinge wat die eie leef- en wêreldbeskouing vooropstel en vreemde ideologieë veroordeel, word ook as te eng afgemaak en as indoktrinasië bestempel. Morton (1979:16) beweer dat baie skole die Jeugweerbaarheidsprogram ignoreer

en/of kritiseer uit onkunde of omdat hulle 'n eie stel lewenswaardes op die jeug sou wou afdwing as hulle 'n geleentheid daartoe gehad het. "To teach about our flag, about the men who made the country, about the aspects of our defence system is not to indoctrinate - it is to offer information which will form a basis for the development of pride in our country, an essential pride in the development of stability that we all long for." (Morton, 1979:16).

4.4.5.3.3 Nie-formele onderwys : jeugprogramme- en aktiwiteite

Dit is 'n aanvaarde opvoedkundige beginsel dat die liggaamlike ontwikkeling van die jeugdige ook aandag verdien ten einde vorming van die totale mens moontlik te maak. Om dié rede beklee liggaamlike opvoeding, sport en ontspanning 'n belangrike rol in die onderwysstelsel. Onderwysowerhede moedig ook jeugbewegings aan waar liggaamlike en geestelike ontwikkeling binne groepsverband aandag geniet. Voorbeelde van sulke bewegings is die Landsdiensbeweging wat klem lê op bodembewaring, die Padvinders (Boy Scouts en Girl Guides) vir die Engelssprekendes en Voortrekkers vir die Afrikaanssprekendes (Republic of South Africa, 1986:8). Die Padvinders is 'n breë multikulturele en veelrassige jeugbeweging met internasionale affiliasie. Die Voortrekkers daarenteen is 'n Blanke jeugbeweging wat die Christelik-nasionale uitgangspunt huldig (FAK, 1985:35). Dit is dus duidelik dat ook in jeugbewegings die stryd tussen die Holisme en Christelik-nasionale waarneembaar is (vergelyk paragraaf 4.4.1). Op kampusse van universiteite en kolleges het jeugbewegings vir Afrikaans- en Engelssprekende studente ook die tweeledigheid in leef- en wêreldbeskouings van die twee groepe weer- spieël. Die Afrikaanse Studentebond (ASB) en die

National Union of South African Students (NUSAS) het tot ongeveer 1986 die rol vervul (Republic of South Africa, 1986:10).

4.4.6 Die huidige strewe na 'n nuwe Suid-Afikanisme en die invloed daarvan op onderwysontwikkeling

4.4.6.1 Inleiding

In paragraaf 4.2.4 is daar reeds gewys op die huidige pogings tot hervorming deur die regerende Nasionale Party in Suid-Afrika. Dieselfde Nasionale Party wat sedert 1948 Afrikaner-nasionalisme tot 'n hoogtepunt gevoer het, is tans besig om steun te werf vir 'n 'nuwe Suid-Afrika' waar alle volkere in Suid-Afrika betrek moet word in een onverdeelde staatsbestel. Dit impliseer die vervanging van afsonderlike ontwikkeling met 'n geïntegreerde gemeenskapslewe op alle vlakke, insluitende die onderwys. Waar daar tot en met die vroeë 1980's gepoog is om 'n Suid-Afikanisme tussen Afrikaans- en Engelssprekende Blankes tot stand te bring, is die strewe nou om dit te verbreed na alle volkere oor die etniese en kulturele grense heen.

Hierdie veranderende politieke omstandighede het 'n groot mate van vloeibaarheid in die Suid-Afrikaanse samelewing tot gevolg gehad. Joubert (1990:7) berig oor planne vir 'n nuwe parlementêre bestel waarin alle rassegroepe op 'n basis van algemene stemreg verteenwoordig, sal wees. Herstrukturering van die onderwys word ook in die vooruitsig gestel om sodoende te dien as 'n agent vir verandering. Van Zyl (1990:8) meen dat die regering se voorgestelde onderwysmodelle neerkom op multikulturele onderwys. Daar is reeds op gewys dat alle Blankes nie saamstem met die regering se hervormingsproses nie (vergeelyk paragraaf 4.2.4). In

dieselfde verband het die Federale Onderwysersraad (FOR), 'n saambindende liggaam van alle Blanke onderwysers in Suid-Afrika, onderhandelinge met die Minister van Nasionale Onderwys opgeskort. Dit volg op ontmoetings wat die Minister met nie-erkende 'onderwysdrukgroepe' gehad het oor toekomstige onderwysvoorsiening in Suid-Afrika. "Die regering en in besonder die Minister van Nasionale Opvoeding met sy departement sal van 'n ernstige mistasting beskuldig kan word as aan radikale onderwysgroepe onder die dekmantel van hervormingsinisiatiewe de facto-erkenning verleen word." (Anon., 1990b.:2). Die Transvaalse Onderwysersvereniging, wat Afrikaanse onderwysers verteenwoordig, spreek ook die standpunt uit dat die saak van die onderwys so belangrik is, dat hy 'n hergroepering van die FOR sal oorweeg. Dit volg op die feit dat twee Engelsgeoriënteerde onderwysersverenigings, naamlik die Natal Teachers' Society en die Transvaal Teachers Association nie saamstem met die FOR se standpunt nie en die Minister se optrede onderskryf (Anon., 1990b.:2).

Ook die Federasie van Ouerverenigings (FOSA) het die regering se geïntegreerde onderwysmodelle verwerp. Die rede "... is Blanke ouers se aandrang op Christelike, moedertaal- en kultuurgerigte onderwys in 'n Blanke (eie sake) onderwysstruktuur". (Waldner, 1990:2).

Dit is duidelik dat daar sterk verset is vanuit Blanke, veral Afrikanergeleedere teen die Nasionale Partyregering se beplande strukturele onderwysveranderinge. Uit die aard van enige politieke debat is dit begryplik dat die regering, in die proses van onderhandelinge, nog nie finale besluite oor enige toekomstige onderwysmodelle geneem het nie. Uit die openbare debat is dit egter duidelik dat daar alreeds sekere vertrekpunte vir

moontlike implementering na vore gekom het. Daar sal voorts aangedui word wat die belangrikste moontlike aanpassings op die gebied van onderwysvoorsiening inhou.

4.4.6.2 Onderwysstelselbeleid

In paragraaf 4.3.2.6 is gewys op die De Langeverslag wat uitgeloop het op die Onderwyswet van 1984. Hiervolgens is 'n eenvormige onderwysstelsel vir alle volkere in Suid-Afrika daargestel. 'n Kernaspek van die wet is egter die beskerming van volkseie onderwys deur die erkenning van onderwys as 'n eie saak. Kragtens nuwe regeringsdenke verval die eie aard van die onderwys volgens die tradisionele Afrikanersiening van geslotenheid van die onderwys. Die Minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad (Blankes) het te kenne gegee dat identiteit nie eksklusief is nie. "Kultuuroordraging moet plaasvind en die onderwys moet die kind voer na die wyer wêreld van die volwassene waarin daar rekening gehou moet word met ander kulture, ander waardes en 'n verskeidenheid wat in die ope arbeidsmark geld." (Anon., 1990c.:3). Hy het egter bygevoeg dat Christelike-, moedertaal-, kultuurgebonde onderwys nie onderhandel kan word nie. Die algemene uitgangspunt is dus om onderwysstelselbeleid so te formuleer dat dit lei tot 'n breër Suid-Afrikanisme dog met beskerming van die eie aard van die onderwys.

4.4.6.3 Onderwysstelseladministrasie

Alhoewel riglyne oor die administrasie van toekomstige onderwysmodelle nog vaag is, wil dit voorkom of daar op sekere terreine wegbeweeg sal word van 'eiesake'-administrasie na 'algemene' sakeadministrasie. In die verband was daar alreeds voorstelle van die Ministers-

raad (waarin aldrie huise van die huidige parlement sitting het) dat onbesette Blanke skoolgeriewe aan ander volksgroepe beskikbaar gestel moet word (Anon., 1990a.:4). Dit blyk verder dat die regering klem daarop lê dat, alhoewel Nie-blankes tot Blanke skole toegelaat sal word, die oergemeenskap die keuse sal hê of hulle dit wil toelaat of nie. Die moontlikheid word ook voorgehou dat privaatskole toegelaat sal word vir gemeenskappe wat hulle eie onderwysaard wil behou (Anon., 1990e.:8) en (Anon., 1990d.:4).. Die Federasie van Ouerverenigings het hierteen beswaar gemaak aangesien die kostes te hoog sal wees (Waldner, 1990:2). Dit blyk dus dat die voorgenome onderwysstelseladministrasie neig na gesamentlike strukture van Blank en Nie-blank op makrovlak en ouerbeheer op plaaslike vlak.

Die Transvaalse Onderwysersvereniging meen egter dat die Blanke ouer en veral die Afrikanerouer nie veel hoop het dat hulle groepbelange beskerm sal kan word in die voorgestelde nuwe bestel nie. "Eiesakeonderwys binne eiesakestrukture se dae is blykbaar getel en in baie kringe word reeds aanvaar dat die woord 'Blanke' as kwalifiserende woord vir die onderwys vir 'n sekere groep in Suid-Afrika uitgewis gaan word." (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1990:2). Hierdie siening word versterk deur die sterk aansprake van sekere groepe, wat deel is van die huidige gesprekvoering, vir die afskaffing van die driekamerparlement, die daarstelling van 'n unitêre onderwysstelsel met 'n enkele onderwysdepartement en die afskaffing van Christelik-nasionale onderwys (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1990:2).

4.4.6.4 Onderwyskundige strukture

Dit blyk uit die vorige twee paragrawe dat die kurrikulum in 'n toekomstige onderwysbestel meer pragmaties

van aard sal wees ten einde 'n breër Suid-Afrikanisme daar te stel. Dit veronderstel 'n opvoeding tot afskraling van die partikuliere nasionale bewussyn na 'n meer universele siening. Om dit te bewerkstellig, word 'n herverspreiding van middele, soos byvoorbeeld skole, onder die verskillende volkere veronderstel.

4.4.6.5 Bevinding

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat 'n werklike nasionale bewussyn onder die Blankes van Suid-Afrika eers teen 1877 pos gevat het. Die aard daarvan was, as gevolg van historiese determinante, ook eensins eenvormig van toepassing op die totale Blanke bevolking nie. Aan die een kant was daar diegene wat verkies het om op te gaan in die breër Britse leef- en wêreldbeskouing, soos verteenwoordig deur die Holisme. Die Afrikaners daarenteen, het meestal die Christelik-nasionale uitgangspunt verkies (vergelyk paragraaf 4.4.1). Daar is egter op gewys dat 'n absolute homogeniteit nooit in enige gemeenskap voorkom nie. Daar is altyd groepe wat hulle eie taal en lewenswyse bly handhaaf, alhoewel hulle die staatsgesag van die dominante groep aanvaar (vergelyk paragraaf 2.4.1). Die Afrikaner is die dominante faktor in die Blanke gemeenskap en het sedert 1948, met die bewindsoorname deur die Nasionale Party, die staatshuishouding gereguleer (vergelyk paragraaf 4.4.2).

Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie is daar drie kriteria neergelê waarvolgens die invloed van die nasionale bewussyn op die onderwysstelsel bepaal kan word (vergelyk paragraaf 2.6.4). Eerstens word die aard en wese van die onderwysstelsel bepaal deur die Christelik-nasionale beskouing, wat deur onderwyswetgewing van 1967 formeel beslag gekry het. Aangesien

Christelik-nasionaal die sentrale tema van Afrikaner-nasionalisme is, is die voorkoms daarvan in onderwys-wetgewing 'n bewys dat die nasionale bewussyn die onderwysstelsel determineer. Omdat die Afrikaner nog altyd gestreef het na die behoud van sy identiteit, is die voorkoms van aparte skole vir die onderskeie volks- en kultuurgroepe tekenend van hierdie bepaalde faset van die nasionale bewussyn (vergelyk paragraaf 4.4.2). In die tweede instansie onderstreep die voorkoms van moedertaalonderwys 'n verdere kenmerk van die Afrikaner se nasionale bewussyn. So ook die feit dat onderwysinhoude 'n sterk nasionale karakter vertoon, met klem op die eie leef- en wêreldbeskouing (vergelyk paragraaf 4.4.2). Derdens het die toenemende aanslag teen Suid-Afrika tot gevolg gehad dat programme in die onderwys opgeneem is wat patriotisme aanwakker en weerbaarheid teen hierdie aanslae gemik teen die bestaande orde ten grondslag het (vergelyk paragraaf 4.4.2.1). Aangesien 'n bereidwilligheid om die eie te beskerm 'n kenmerk van die nasionale bewussyn is, is die voorkoms daarvan in die onderwysstelsel 'n verdere bewys dat die nasionale bewussyn die onderwysstelsel determineer. Gemeet aan die gestelde drie kriteria, kan dus met reg beweer word dat die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika is. Die huidige strewe van die regering na 'n nuwe, breër Suid-Afrikanisme, met 'n aksentverskuiwing op die siening oor die aard en wese van die nasionale bewussyn, het dus uiteraard ook 'n invloed op die onderwys en opvoeding (vergelyk paragraaf 4.4.6.1).

4.5 SAMEVATTING

Die nasionale bewussyn vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika is deurgaans beïnvloed deur die wisselwerking

tussen Holisme en Christelik-nasionalisme. Hierdie wisselwerking het ook neerslag gevind in die onderwysstelsel vir Blankes. Met die Onderwyswet van 1967 is voorrang aan Christelik-nasionalisme gegee en is huidiglik nog van krag. Die huidige hervormingsinisiatiewe in Suid-Afrika en daarmee gepaardgaande betrekking van Nie-Blankes op alle vlakke, ook in die onderwys, het 'n vrees vir die aantasting van die Christelik-nasionale karakter in sekere kringe laat ontstaan. Toekomstige verwikkelinge behoort 'n toets vir die krag van Christelik-nasionalisme as determinant van die onderwysstelsel vir Blankes te wees.

5. DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSELS VAN DIE REPUBLIEK VAN SJINA EN DIE VIR BLANKES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA RESPEKTIEWELIK : 'N VERGELYKING

5.1 INLEIDING

Die metode van Bereday word gebruik in die vergelyking van die nasionale bewussyn as determinant van die twee onderwysstelsels onder bespreking (vergelyk paragraaf 1.4). Nadat aangetoon is dat die nasionale bewussyn 'n determinant van onderwysstelsels in die algemeen is (vergelyk hoofstuk 2), is in die streekstudies aangetoon dat die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsels van die Republiek van Sjina (vergelyk hoofstuk 3) en die vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika onderskeidelik is (vergelyk hoofstuk 4). Deur middel van naasmekaarstelling van die twee streekstudies kan oorgegaan word tot 'n vergelyking van die invloed van die nasionale bewussyn op die twee onderwysstelsels. Omdat die onderwysstelsel 'n produk is van die gemeenskap wat dit bedien, is dit logies dat die vertrekpunt sal wees om die nasionale bewussyn binne die betrokke twee gemeenskappe eerstens met mekaar te vergelyk.

5.2 NAASMEKAARSTELLING EN VERGELYKING VAN DIE NASIONALE BEWUSSYN AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSELS VAN DIE REPUBLIEK VAN SJINA EN DIE VIR BLANKES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

5.2.1 'Three Principles of the People' : Christelik-nasionaal

In die Republiek van Sjina is die "Three Principles of the People" die grondslag van die nasionale bewussyn. In wese kom dit daarop neer dat dit die bevolking inspireer tot nastrewing van nasionale welvaart. Omdat die riglyne merendeels konsentreer op 'n verklaring tot algemene staatkundige deelname en 'n verhoogde lewenskwaliteit van mense, kan alle dele van die bevolking in Taiwan daarmee

assosieer. Dit dien dus as saambindende faktor vir die hoofland-Sjinese, wat die Republiek van Sjina in Taiwan uitgeroep het, sowel as vir die tradisionele inboorlinge van Taiwan (vergelyk paragrawe 3.1.2.3, 3.1.2.4 asook 3.4.3).

Die Christelik-nasionale beskouing is die motief vir die nasionale bewussyn van die grootste deel van die Afrikaners in die Republiek van Suid-Afrika. Parallel tot hierdie beskouing word die Holisme aangetref wat deur die meerderheid Engelse aangehang word. Hierdie verdeling is egter nie waterdig nie aangesien daar baie Afrikaners is wat met die Holisme assosieer en andersom. Daar is in vorige besprekings daarop gewys dat die nasionale bewussyn vir Blankes gekenmerk word deur 'n tradisionele botsing tussen die Christelik-nasionale en die Holistiese motiewe. Hierdie botsing het die voorkoms van 'n ware eenheid in siening en in strewe in Blanke geledere erg gekortwiek (vergelyk paragraaf 4.1.3).

Alhoewel die nasionale bewussyn in Taiwan gekenmerk word deur die teenwoordigheid van 'n sentrale motief, lê die groot verskil juis ook daarin opgesluit. Die verskil lê naamlik opgesluit in die aard van die sentrale motief. In Taiwan gaan dit meer om die algemeen, universele strewe na lewenskwaliteit van die mens in sy geordende samelewingsverband. In Suid-Afrika val die klem op die 'hart' van die gemeenskap. Hiervolgens staan die Christelike religie sentraal as enigste geestesmag wat die mens kan herenig met sy Skepper na die breuk wat ontstaan het met die Sondeval (vergelyk paragraaf 2.4.1). Dit gaan verder ook oor daardie unieke eienskappe wat een mens onderskei van 'n ander en een gemeenskap van 'n ander (vergelyk paragraaf 1.1).

5.2.2 Hoe kom die nasionale bewussyn tot uiting?

Die Nasionale bewussyn is 'n samehorigheidsgevoel wat

voorkom by gemeenskappe met dieselfde kultuurerfenis en 'n gemeenskaplike leef- en wêreldsbeskouing binne dieselfde staatsterritorium. Dit manifesteer normaalweg deur die voorkoms van 'n gemeenskaplike taal, 'n eie geskiedenisvisie, 'n eiesoortige politieke kultuur, ekonomiese kultuur, onderwysstelsel, godsdiens, sosiale lewe en gedrag tydens besondere geleenthede. Hierdie gebondenheid aan die eie vind neerslag in saambindende nasionale simbole soos 'n nasionale vlag, volkslied, vakansiedae, monumente en leiersfigure. Daar is ook 'n bereidwilligheid by die gemeenskap om dit wat sy eie is te beskerm teen magte wat dit bedreig (vergelyk paragraaf 2.6). Beide Taiwan (vergelyk paragraaf 3.3.2) en Suid-Afrika (vergelyk paragraaf 4.3) word gekenmerk deur die voorkoms van 'n eiesoortige nasionale bewussyn volgens hierdie riglyne. Albei gemeenskappe word ook beperk deur eiesoortige omstandighede wat 'n absolute homogeniteit in die uitlewing van die nasionale bewussyn betref. Die Afrikaners, wat die Christelik-nasionale motief as rigsnoer het, stel hulle Protestants Calvinistiese geloof voorop, heg groot waarde aan selfstandigheid en vryheid en het 'n behoefte om in afsonderlikheid hulle gemeenskapsidentiteit uit te leef en te beskerm (vergelyk paragraaf 4.4.4.2). Die aanhangers van die Brits/Holistiese vertrekpunt het 'n algemene deïsme op religieuse terrein nagestreef en op staatkundige terrein was die strewe om Suid-Afrika te laat opgaan in die groter totaliteit van die Britse Ryk (vergelyk paragraaf 4.4.2.1). Die verskil lê dus in 'n sekere mate op die eksklusiwiteit van die Afrikaner-nasionalisme aan die een kant en die Holisme se inklusiwiteit aan die ander kant. In Taiwan het 'n redelik algemene aanvaarding van die 'Three Principles of the People' 'n groter mate van eenheid in optrede en eenheid in siening tot gevolg gehad (vergelyk paragraaf 5.2.1).

Beide Taiwan en Suid-Afrika se nasionale integriteit word ook deur die internasionale gemeenskap tot strydpunt

gevoer. Taiwan word beskou as 'n rebelleland wat weggebreek het van die internasionaal erkende Kommunistiese Sjina (vergelyk paragraaf 3.4.4) terwyl Suid-Afrika veroordeel word oor sy beleid van sogenaamde 'apartheid' wat deur die wêreldgemeenskap as 'n sonde teen die mensdom beskou word (vergelyk paragraaf 4.1.1).

5.2.3 Die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel

Die onderwysstelsel van 'n gemeenskap is die produk van 'n totale kultuurerfenis. As sodanig is dit die medium waardeur opkomende geslagte geskool word volgens die heersende lewens- en wêreldbeskouing van die bestaande en dinamiese kultuur van die land (vergelyk paragraaf 1.5.1.4). In Taiwan en in Suid-Afrika is die onderwysstelsels ook daarop gerig om die nasionale aspirasies van die onderskeie twee lande te bevredig. In Taiwan geskied dit volgens die 'Three Principles of the People' en in Suid-Afrika volgens die Christelik-nasionale beginsel en dit is dus logies dat die onderwysstelsel die kenmerke sal vertoon wat sentraal tot die identiteit van elke betrokke gemeenskap staan. In Taiwan moes die onderwys meehelp om die totale bevolking saam te snoer en op te hef tot 'n verhoogde lewenskwaliteit aan die een kant, dog met behoud van die tradisionele Sjinese kultuur aan die ander kant (vergelyk paragraaf 3.3.3). Die gevolg was dat die bevolking in Taiwan, nieteenstaande die voorkoms van verskeie bevolkingsgroepe, deur die 'melting pot syndrome' omvorm is tot 'n redelik homogene gemeenskapslewe (vergelyk paragraaf 1.5.1.1), dog met die Sjinese kultuur as dominante faktor.

In Suid-Afrika het die stryd tussen Christelik-nasionalisme en Holisme in tydsperspektief gelei tot die oprigting van 'n verskeidenheid skole en ander opvoedkundige inrigtings wat moes voorsien in die behoeftes van die onderskeie volks- en

kultuurgroepe (vergelyk paragraaf 4.3.2). In 'n sekere sin is die verskil in benadering tussen die twee lande dan ook daarin dat die onderwysstelsel van Taiwan instrumenteel is in die totstandkoming van een volk met die Sjinese kultuur as vertrekpunt, terwyl Suid-Afrika se onderwysstelsel erkenning gee aan die uniekheid van volkere.

Die Taiwaneese onderwysstelsel word ook meer openlik en doelgerig aangewend as 'n instrument ter verstewiging en uitbouing van die nasionale bewussyn as wat dit die geval is in Suid-Afrika. In Taiwan word onderwys ter bevordering van die nasionale bewussyn op alle vlakke van die skoolstelsel ingebou (vergelyk paragraaf 3.3.3). In Suid-Afrika word dit grootliks aan die onderskeie skole self oorgelaat om te besluit wat die frekwensie en intensiteit van neergelegde riglyne in die verband moet wees. Hierdie uitgangspunt is veral duidelik as daar gelet word op die omsigtige wyse waarop Jeugweerbaarheid aangebied word (vergelyk paragraaf 4.4.5.3.2).

5.2.3.1 Naasmekaarstelling en vergelyking van die nasionale bewussyn op komponente van die onderwysstelsel

In Taiwan is kurrikula op alle vlakke van die onderwys toegespits op bevordering van die nasionale bewussyn met die "Three Principles of the People" as sentrale motief. Die Sjinese taal (Mandaryns), geskiedenis en tradisionele kultuur word op alle vlakke van die onderwys en in alle skole in formele onderrigssituasies aangebied. Die doel hiermee is om die jeug op te voed in 'n liefde vir die eie en 'n bereidwilligheid te kweek om dit te beskerm teen enige aanslag indien nodig. Die formele onderrig word aangevul met jeugbewegings- en aktiwiteite om, deur middel van fisiese aktiwiteite in groepsverband, die nasionale bewussyn te verstewig. Dit vorm deel van die opvatting dat die oorlog van ons tyd berus op 'n 70% geestelike

aanslag en 30% fisiese (militêre) aanslag. Deur die totale weerbaarmaking van die jeugdiges word hulle in der waarheid opgelei as soldate om die stryd op die geestelike sowel as die militêre terrein te kan voer (vergeelyk paragraaf 3.4.1).

Blanke onderwys in Suid-Afrika word ook gekenmerk deur opvoedingsprogramme om die nasionale bewussyn te bevorder. In die formele onderwys is die onderrig in die moedertaal, in Geskiedenis, Aardrykskunde, Godsdiens en Liggaamlike Opvoedkunde ook daarop gerig om die jeugdiges geestelik en fisies paraat te maak. Met die aanbied van Geestesweerbaarheid gaan dit ook daarom om die leerling bekend te stel met gevaarlike ideologieë wat sy leefwêreld wil ondermyn. Met die reël van veldskole en die aanbied van kadette is die doel ook om gedissiplineerde groepoptrede aan te wakker (vergeelyk paragrawe 4.4.4.1 - 4.4.5.3.3). Die opvoeding tot 'n nasionale bewussyn vir Blankes is egter nie soseer die vrug van die onderwysstelsel nie. Dit is veel eerder die resultaat van toegewyde en geïnspireerde onderwysers wat hulle kultuurhistoriese waardes aan die leerlinge oordra en sodoende 'n nasionale bewussyn bestendig (vergeelyk paragraaf 4.4.5.3). Dit is anders as in Taiwan waar leerlinge, binne die riglyne van die onderwysstelsel, deelneem aan aktiewe sielkundige oorlogvoering om die jeug van Kommunistiese Sjina tot hulle nasionale sienswyse oor te haal (vergeelyk paragraaf 3.4.3).

5.2.3.2 Evaluering

Uit die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel tweeledig waarneembaar is. In die eerste instansie determineer/bepaal dit grootliks die aard en wese van die onderwysstelsel in die sin dat dit 'n eiesoortige nasionale karakter aan die betrokke onderwysstelsel gee. In die

tweede instansie is die onderwysstelsel self instrumenteel in die oordra van die betrokke gemeenskap se nasionale bewussyn aan die jeugdige/leerlinge deur middel van die leerinhoude- en aktiwiteite wat daarin vervat is. Hierdie wedersydse beïnvloeding is die gevolg van die vervlegting van samelewingsverbande wat in alle gemeenskappe voorkom (vergelyk paragraaf 2.4.3).

Die nasionale bewussyn is 'n kragtige determinant wat verreikende gevolge in 'n gemeenskapslewe, sowel as op die onderwysstelsel van daardie gemeenskap kan uitoefen. Dit hou groot voordele in in die sin dat dit eendragtige en gemotiveerde uitbouing van die betrokke gemeenskap se lewens- en wêreldbeskouing tot gevolg kan hê. Dit hou egter ook die nadele van stagnasie in as dit so eksklusief is en verafgod word dat dit alle vorme van vernuwning en verbetering teenstaan. Dit kan ook lei tot verskraling van die opvoedeling se menswees as sy persoonlike ontwikkeling- en ontsluiting tot verantwoordelike volwassenheid tot eer van God ondergeskik gestel word aan die doelwitte van die staat (vergelyk paragraaf 2.6.3). Die nasionale bewussyn bring 'n sterk eenheid in die onderwysstelsel na vore indien die nasionale bewussyn algemeen geldig vir die totale bevolking is. Daar is egter 'n verwringing van hierdie eenheid waar daar verskillende gemeenskappe met verskillende nasionale bewussyns is omdat dit 'n noodwendig tot fragmentasie in die onderwysstelsel lei want die onderwysstelsel is immers die kultuurprodukt van die gemeenskap wat dit bedien (vergelyk paragraaf 2.6.3).

Beide Taiwan en die Republiek van Suid-Afrika se regerings is al vir meer as 40 jaar ononderbroke aan bewind. Taiwan se Kuomintang Party regeer sedert 1949 met die volksverhuising vanaf hoofland-Sjina na Taiwan (vergelyk paragraaf 3.2.2) en die Nasionale Party regeer sedert 1948 in Suid-Afrika (vergelyk paragraaf 4.4.4.2). Omdat die staat die

oprigter van die onderwys is en besondere belang by die onderwys het, is dit logies dat daar 'n besondere karakter en verhouding tussen staat en onderwysstelsel sal bestaan. Die staatsgesag verwoord en verwerk die totale georganiseerde gemeenskapslewe van 'n volk. Omdat beide die Kuomintang Party en die Nasionale Party al so lank in die twee lande respektiewelik regeer, het hulle sentrale politieke filosofieë noodwendig in die onderskeie onderwysstelsels neerslag gevind. Die staat is ook die sentrale meganisme waardeur 'n volk se nasionale bewussyn tot uiting kom en waardeur dit dus in die onderwysstelsel gereflekteer sal word.

Die navorsing het aangedui dat die nasionale bewussyn hoofsaaklik op twee wyses in die onderwysstelsel gereflekteer word. In die eerste instansie is die invloed van die nasionale bewussyn waarneembaar op al die komponente van onderwysvoorsiening in die algemeen en in die tweede instansie op die onderwyskundige struktuur in die besonder. In die onderwyskundige struktuur vertoon alle programme die invloed van die nasionale bewussyn, dog daar is ook spesifieke programme op formele sowel as nie-formele vlak om die nasionale bewussyn te bestendig en uit te bou (vergelyk paragrawe 3.4.3 en 4.4.5). Hierdie navorsingstudie het veral drie kenmerke ten opsigte van die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel navore gebring :

- * In die eerste instansie moet dit 'n produk van die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke gemeenskap wees;
- * dit moet 'n liefde, lojaliteit, trots en samehorigheid by die betrokke gemeenskap vir die eie land en kultuurerfenis vestig en uitbou;
- * dit moet 'n bereidwilligheid kweek om enige aanslae van binne of van buite die staatsterritorium, wat daarop gemik is om die lewens- en wêreldbeskouing aan te tas, teen te gaan.

5.3 SAMEVATTING

Alhoewel die Republiek van Sjina en die Republiek van Suid-Afrika wyd-uiteenlopende leef- en wêreldbeskouings openbaar, het elkeen van die twee lande 'n sentrale motief wat die nasionale bewussyn bepaal. In albei lande is die nasionale bewussyn 'n determinant van die betrokke onderwysstelsels. Die metode van Bereday bied 'n gestruktureerde raamwerk waarvolgens 'n sinvolle vergelyking tussen die twee lande se onderwysstelsels gedoen kan word. Die waarde van so 'n vergelyking lê daarin dat daar, deur ooreenkomste en verskille vas te stel, riglyne vasgestel word vir moontlike onderwysstelselontwikkeling.

6. SAMEVATTING

6.1 NAVORSINGSDOELSTELLING

Die doel van hierdie navorsing is om deur middel van 'n vergelykende studie vas te stel of die nasionale bewussyn in die Republiek van Sjina (Taiwan) en by die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika 'n determinant is in die onderwysstelsel van elk van die twee lande (vergeelyk paragraaf 1.3). Doelwitte wat hieruit voortvloei, is :

- om te bepaal wat die begrip nasionale bewussyn behels en of dit 'n determinant van die onderwysstelsel is.
- om te bepaal of die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel van die Republiek van Sjina is.
- om te bepaal of die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika is
- om die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsels van die Republiek van Sjina en die vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika met mekaar te vergelyk.

6.2 BEVINDINGE

Deur middel van 'n literatuurstudie is nagevors wat 'n onderwysstelsel is en wat die nasionale bewussyn behels. Die bevindinge dui daarop dat 'n onderwysstelsel vier komponente vertoon, naamlik onderwysstelselbeleid, onderwysstelsel

administrasie, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste. Die onderwysstelsel is 'n produk van die gemeenskap waaruit dit kom. Om dié rede kan die onderwysstelsel gedefinieer word "... as die logistieke raamwerk vir effektiewe onderwys waardeur in die onderwysbehoefte van 'n bepaalde groep mense voorsien word - (vergelyk paragraaf 2.2.1).

Die nasionale bewussyn is 'n krag wat binne 'n gemeenskap voorkom met die hoofkenmerk dat dit dien as saambindende faktor van daardie gemeenskap. Dit gee vorm aan die aard en wese van gemeenskapstrukture en is bepalend vir die identiteit van 'n betrokke gemeenskap. Gemeenskappe ontwikkel van primitiewe tot meer gekompliseerde eenhede met die gepaardgaande ontstaan van samelewingsverbande soos kerk, staat en skool waarbinne die mens se behoeftes bevredig word (vergelyk paragraaf 1.1). Elke samelewingsverband het sy eie aard en funksie, dog elkeen is aangewese op die ander as gevolg van die vervlegtheid van samelewingsverbande. Die onderwys se funksie lê byvoorbeeld gesetel in die behoefte van ouers, die staat en werkgewers om jeugdige te hê wat geskool is in die tradisies van die gemeenskap en wat hulle plek kan volstaan in die bereiking van doelwitte van die betrokke gemeenskap (vergelyk paragraaf 2.4.1).

Die nasionale bewussyn gee beslag aan die wyse waarop elke gemeenskap sy eie potensiaal ontsluit. Dit dui ook op die graad van bereidheid om die eie gemeenskapslewe te verdedig teen aanslae wat daarop gerig is. Om dié rede word die nasionale bewussyn in alle gemeenskappe doelgerig gestimuleer om die nasionale doelwitte op elke gegewe stadium en binne elke gegewe omstandigheid te bereik. Die nasionale bewussyn is nie net teenwoordig as 'n spesifieke gevoelswaarde nie, dog word ook geopenbaar deur die voorkoms van spesifieke nasionale simbole waarmee die samelewing kan assosieer. Sulke simbole is byvoorbeeld 'n gemeenskaplike taal, 'n nasionale

geldstelsel en 'n gemeenskaplike vlag en volkslied wat die outonomieit van die gemeenskap binne die grense van sy eie land aandui (vergelyk paragraaf 2.6.1).

'n Gemeenskap is egter nooit volkome homogeen nie. Daar is normaalweg 'n verskeidenheid van minderheidsgroepe wat hulle eie kultuur uitleef, dog die staatkundige gesag van die dominante groepe aanvaar. Die onderskeie groepe word voortdurend versterk deur assimilasië en integrasië vanuit ander groepe deur ondertrouery en deur die aanvaarding van daardie groep se leefwyse (vergelyk paragraaf 2.6.1). Onderwys en opvoeding is 'n kragtige medium waardeur 'n bepaalde leef- en wêreldbeskouing bestendig word en uitgebou word (vergelyk paragraaf 2.1.1). Veral die staat het 'n belang daarby om 'n nasionale bewussyn aan te moedig. Dit is bevorderlik vir die voortbestaan van 'n geordende staatsbestel met lojale burgers (vergelyk paragraaf 2.3.1). Om dié rede is 'n nasionale onderwysstelsel, wat staatsdoelwitte nastreef, 'n kenmerk van alle nasionale samelewings (vergelyk paragraaf 2.6.2). Hiermee word die vooraf gestelde doelwit, naamlik of die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel is, positief bevestig.

Die metode van Bereday is gebruik in die vergelyking van die nasionale bewussyn as determinant van die twee onderwysstelsels onder bespreking (vergelyk paragraaf 1.4). In hoofstuk 3 word die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel van die Republiek van Sjina behandel. Deur middel van 'n kultuurhistoriese beskouing is eerstens vasgestel wat die aard van die nasionale bewussyn in die Republiek van Sjina is. Dit is opgevolg met 'n bepaling van hoe die nasionale bewussyn neerslag vind in die betrokke onderwysstelsel. Hieruit is vasgestel dat die "Three Principles of People" sentraal is in die nasionale bewussyn van die gemeenskap en dat dit ook sentraal is in die aard en wese van die onderwysstelsel. Gemeet aan die kriteria wat gestel is, is daar bevind dat die

nasionale bewussyn voldoen aan die vereistes om as 'n determinant van die onderwysstelsel beskou te word (vergelyk paragraaf 3.4.4). Dit bevestig dus die doelwit dat die nasionale bewussyn 'n determinant van die onderwysstelsel van die Republiek van Sjina is.

In hoofstuk 4 is die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika nagevors. Dit is bevind dat die nasionale bewussyn tradisioneel beïnvloed is deur twee denkrigtings, te wete die Christelik-nasionale en die Holisme. In die huidige tydsgewrig is die Afrikaners die dominante krag en gevolglik is die Christelik-nasionale beskouing die kern van die nasionale bewussyn. Aangesien daar voldoen word aan die kriteria wat gestel is vir die nasionale bewussyn om as 'n determinant van die onderwysstelsel gereken te word, is die Christelik-nasionale beskouing ook sentraal tot die onderwysstelsel vir Blankes (vergelyk paragraaf 4.3.3).

In hoofstuk 5 is die nasionale bewussyn as determinant van die twee lande en hulle onderskeie onderwysstelsels met mekaar vergelyk. Hieruit is vasgestel dat die nasionale bewussyn in beide gevalle die aard en wese van die betrokke onderwysstelsel bepaal. Die groot verskil kom voor in die 'hartsgerigtheid' van die geestestroming wat elke gemeenskap se leef- en wêreldbeskouing bepaal. In die Republiek van Sjina, lê die 'Three Principles of the People' die klem op die mens en sy strewe na lewenskwaliteit. In die Republiek van Suid-Afrika gaan dit om die Christelik-nasionale beskouing waar die gemeenskap in nasionale verband in 'n bepaalde verhouding tot Christus staan. Hierdie verhouding van afhanklikheid aan die Skepper, is die enigste wyse waarop die breuk tussen die mens en sy God herstel kan word wat ontstaan het met die Sondeval (vergelyk paragraaf 5.2.1). Dit is egter duidelik dat die nasionale bewussyn, as determinant, in beide gevalle instrumenteel is in die bepaling van 'n unieke gemeenskapslewe. As sodanig het dit 'n groot rol gespeel in

die daarstel van 'n gesindheid tot bereidwilligheid om die eie lewens- en wêreldbeskouing te beskerm teen die aanslae van vreemde ideologieë en vyandige magte (vergelyk paragraaf 5.2.2) Die doelwit van vergelyking van die invloed van die nasionale bewussyn op die twee onderwysstelsels is dus bereik. Dit dui op ooreenkomste en verskille, na gelang van die aard en wese van elke onderwysstelsel, soos bepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van elke land.

In paragraaf 2.6 is gewys op die feit dat die nasionale bewussyn, net soos enige ander aspek van die werklikheid, onderworpe is aan tyd-ruimtelike beïnvloeding en verandering. Die vloeibare internasionale situasie, wat veral sedert 1989 waarneembaar is in beskouinge rakende nasionalisme en die nasionale bewussyn, vind ook sterk weerklank in die Republiek van Sjina en die Republiek van Suid-Afrika. In die Republiek van Sjina is daar sterk aandrang op die wegbeweeg van die 'Verenigde Sjina'-ideaal. Daar is ook verzet teen die bevoorregte posisie van hoofland-Sjinese en hulle afstammelinge. Die eis kom al hoe meer na vore vir gelykberegtiging van die totale bevolking en die feit dat Taiwan outonoom moet wees, los van tradisionele bande met hoofland-Sjina (vergelyk paragraaf 4.3.2.3). In die Republiek van Suid-Afrika het daar, as gevolg van druk van die internasionale gemeenskap asook uit verwagtinge wat geskep is met politieke hervormings, 'n momentum ontstaan na 'n nuwe vorm van Holisme. Dit behels nie net 'n potensiële verskraling van die posisie van die Afrikaner nie, dog ook van die tradisionele dominante posisie van die Blankes. Die strewe is nou na 'n deelnemende geïntegreerde gemeenskapslewe, met volle burgerskap en deelname deur alle volkere van alle etniese groepe aan alle staatstrukture in een onverdeelde Suid-Afrika. As instrument van die staat staan die nasionale onderwysstelsel sentraal in die toepassing van hierdie nuwe benadering oor die nasionale bewussyn (vergelyk paragraaf 4.3.2.3). Namate die veranderende omstandighede in Taiwan en die Republiek van Suid-Afrika met groter duidelikheid

omlyn word, skep dit interessante toekomsmoontlikhede vir verdere navorsing oor die nasionale bewussyn as determinant van die onderwysstelsel.

6.3 AANBEVELING

Uit die navorsing is dit duidelik dat enige aanpassings en/of veranderinge wat aan die onderwysstelsel aangebring word, rekening moet hou met die nasionale bewussyn van die betrokke gemeenskap. Dit is ook duidelik dat die nasionale bewussyn nie kunsmatig op 'n gemeenskap/volk afgedwing kan word nie. Die nasionale bewussyn kom tot stand deur middel van 'n langdurige groeiproses waardeur lede van 'n gemeenskap hulle vereenselwig met die dominante leef- en wêreldbeskouing van so 'n gemeenskap. Uiterlike simbole soos 'n vlag en 'n volkslied word dikwels verkeerdlik aangesien as die somtotaal van die nasionale bewussyn. Dit is bloot 'n manifestering van 'n diep gewortelde samehorigheidsgevoel. Dit moet dus in gedagte gehou word dat die invoer van "vreemde" simbole en stelsels onaanvaarbaar is en bloot negatiewe reaksie mag ontlok. Die onderwysstelsel is die "logistieke raamwerk vir die mense waarvoor dit bedoel is". Mense met 'n uiteenlopende leef- en wêreldbeskouing kan dus nie volle voordeel uit 'n gemeenskaplike stelsel put wat nie vir hulle bedoel is nie.

6.4 VERDERE NAVORSING

In navorsing wat gedoen is in die afhandeling van hierdie studie, is dit duidelik dat die nasionale bewussyn van 'n gemeenskap kultuurhistories gefundeer is. Dit wil egter lyk of daar in resente tye 'n nuwe faktor na vore tree en wat 'n merkbare invloed op die kweek van gesindhede uitoefen, naamlik die mag van moderne kommunikasiemedie. Dit sal belangrike implikasies vir toekomstige navorsing hê om vas te stel hoe die doelbewuste en beplande aanwending daarvan 'n invloed kan hê op die fundering van 'n geesteskrag soos die nasionale

bewussyn op 'n gemeenskap se lewens- en wêreldbeskouing. Daarmee saam kan ook nagevors word hoe die onderwysstelsel daardeur beïnvloed word.

BIBLIOGRAFIE

1. ANON. 1988a. Sink or Swim, Republic of China is with SA-Yang. The Citizen : 4, Oct. 8.
2. ANON. 1988b. R.O.C. : Reaffirms 'Three No's Policy'. Asian Bulletin, 13(1) : 32, Jan.
3. ANON. 1988c. Positiewe volksonderwys. R.S.A. Beleidsorsig, 1(1) : 45-48, Okt.
4. ANON. 1988d. Staat kon wysigings nie dra. Beeld : 6, Sep. 26.
5. ANON. 1990a. Decision on empty white schools. The Pretoria News : 4, Jun. 23.
6. ANON. 1990b. De facto-erkenning aan dié groepe 'n mistasting', Transvaler : 2, Jun. 12.
7. ANON. 1990c. Die eie onderwys sal bly. Transvaler : 3, Jun. 22.
8. ANON. 1990d. NP supports minister's plan to mix schools. The Pretoria News : 4, Mar. 27.
9. ANON. 1990e. Nuwe plan vir onderwys. Transvaler : 8, Mrt. 26.
10. BARNARD, L.D. 1978. Owerheid en staatsburgery in die tussenstaatlike branding. Johannesburg : Perskor.
11. BARNARD, S.S. & COETSEE, A.G. 1976. Blankeonderwys van Kaapland tot Transvaal. Potchefstroom : Pro Rege.
12. BARNARD, S.S. 1981. Vergelykende Opvoedkunde vir onderwysstudente. Durban : Butterworth.

13. BASSON, A.J. 1981. Kommunisme en opvoeding. Durban : Butterworth.
14. BEACH, D.S. 1980. Personnel, the management of people at work. New York : Macmillan Publishers.
15. BEHR, A.L. & MACMILLAN, R.G. 1971. Education in South Africa. Pretoria : Van Schaick.
16. BONDESIO, M.J. & BERKHOUT, S.J. 1987. Onderwysstelselkunde. Pretoria : Gutenberg.
17. BOTHA, ELAINE. 1975. The idea of the university and problems concerning education, indoctrination and the role of philosophy in the university. Koers, 40 : 236-255.
18. BOTHA, J.L.; DU PLESSIS, P.J.J.; JOUBERT, C.J.; BOTHA, T.R.; ROOS, S.G. 1975. Jeugweerbaarheid. Durban : Butterworths.
19. BREYTENBACH, W.J. 1978. The new racism. Cape Town : Maskew Miller.
20. BRUBACHER, J.S. 1962. Modern philosophies of education. New York : Mc Graw-Hill.
21. BRUWER, P.F. 1986. Die Derde Vryheidsoorlog woed. Pretoria : Oranjewerkers Promosies.
22. Bureau for Information. 1986. Talking with the ANC. Doornfontein : Perskor.
23. CARSTENS, J.H. 1984. Enkele hedendaagse uitsprake oor 'Moral Education' en die betekenis daarvan vir die bepaling van Jeugweerbaarheidsinhoude. Pretoria. 134 p. (Verhandeling (M.Ed.)-UP).

24. CHEN YANG-TEH. 1988. Shifts in local leadership. Free China Review, 38(8) : 9, Aug.
25. CHIANG KAI-SHEK, 1953. Chapters on national fecundity, social welfare, education and health and happiness. (In Sun Yat-sen. San Min Chu I. Taiwan : China Publishing Co. p. 213-329).
26. CHIANG KAI-SHEK. 1969. Soviet Russia in China. Taipei ROC : China Publishing Company.
27. CHINA (REPUBLIC). 1988. A reference book. First edition. Taipei : Hilit Publishing Company. Apr.
28. CHINA (REPUBLIC). 1984. Constitution. Republic of China on Taiwan : Government Information Office. May.
29. CHINA (REPUBLIC). 1980. Educational system. Taipei Taiwan : Kwang Hwa Publishing Company. Jun.
30. COCKRAM, G.M. 1976. South West African debate. Johannesburg : Juta.
31. COERTZE, R.D. 1984. Die Afrikanervolk en die toekoms. Pretoria : Barrodel Drukkers.
32. COETZEE, A. 1961. Woeling en wording. Johannesburg : SAUK-publikasie.
33. COWEN, R. ed. 1984. People's Republic of China. (In International handbook of education systems. VIII. Chicester Martin McLean : John Wiley & Sons.)
34. DE KOCK, W.J. 1971. Geskiedenis van Suid-Afrika. Pretoria : Departement van Inligting.

35. DE LA REY, R.P. 1980. Grondsake van sielkundige oorreding in die aanwending van propaganda. ISSUP Strategiese oorsig : 12-20, Aug.
36. DE VILLIERS, D. 1970. The case for South Africa. Great Britain : Tonbridge Printers.
37. DE VILLIERS, W.J. 1973. Beginsels van gedesentraliseerde bestuur. Johannesburg : Federale mynbou.
38. DOSTAL, E. 1986. Revolutionary strategy in South Africa. Universiteit van Stellenbosch : SOPOMO No. 2.
39. DU PREEZ, SOPHIA. 1976. Vredes pogings gedurende die Anglo-Boereoorlog tot Maart 1901. Pretoria. 258 p. (Verhandeling (MA) - Universiteit van Pretoria).
40. FAK, 1985. Die Register van landwyë Afrikaanse organisasies.
41. GARDINER, L.R. & DAVIDSON, J.H. 1968. British imperialism in the late 19th century. London : Edward Arnold.
42. GODDARD, W.G. 1966. Formosa. A study in Chinese history. United Kingdom : Michigan State university press.
43. GUNTHER, J. 1939. Inside Asia. London : Hamish Hamilton.
44. HERSKOVITS, M.J. 1951. Man and his works. New York : Alfred A. Knopf.
45. HOCKING, A. 1977. South African government. Cape Town : Mac Donald.

46. HORRELL, MURIEL. 1973. Education in an apartheid society. (In Rhodie, N.J. red. South African dialogue. Johannesburg : Mc Graw-Hill. p. 480-498.)
47. HOUN, F.W. 1962. To change a national (Propaganda and indoctrination in Communist China). East Lansing : Bureau of social and political research.
48. JAMES C. HSIUNG, ed. 1983. Contemporary Republic of China. The Taiwan experience 1950-1980. New York : Spett printing company.
49. JOUBERT, F. 1990. Plan geskets vir nuwe parlement. Beeld : 1-2, Mrt. 28.
50. KOTZE, C.R. 1975. 'n Nuwe bewind, 1806-1834. (In Muller, C.F.J., red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academia. p. 120-148.)
51. KU CHENG KANG. 1987. For a global anticommunist strategy. Asian Outlook, 22(11) : 3, Nov.
52. KUNG TE-CHENG. 1986. Confucius, his life, thought and influence. Taipei (Taiwan) ROC : Government Information Office.
53. LABIN, SUZANNE, 1966. Die verowering van die gees, die kommunistiese sameswering en valse redmiddels. (In Oorlog om die volksiel-referaat gelewer by die internasionale simposium oor kommunisme.) Pretoria : Nasionale Raad teen Kommunisme.
54. LEE HSIEN PO. 1987. Ideological warfare. (From Fu Hsing Kang College. A study of six types of political warfare.) Taipei, Taiwan ROC : Fu Hsing Kang College.

55. LEITES, E. 1987. Philosophers as rulers : early western images of Confucianism. Journal of Chinese Philosophy. 14 : 233-248. Honolulu, Hawaii, USA : Dialogue Publishing Company.
56. LIEBENBERG, B.J. 1975. Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika. (In Muller, C.F.J. red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academia. p. 415-448).
57. LIEBENBERG, P.W. 1976. Die Westerse Wêreld. Potchefstroom : PU vir CHO. (Sentrum vir Internasionale Politiek.)
58. LIN, SOPHIA. 1988. New wine, new bottles. Sinorama (Chinese-English bilingual monthly) 13(8) : 39-43, Aug.
59. LIN CHING-JIANG. 1985. China, Republic of Taiwan : System of education. (In The international encyclopedia of education research and studies (Vol. 2c.) Oxford : Pergamon Press. p. 705-708.)
60. LOOTS, Z.B. 1983. Terreinverkenning van kultureleiding. Potchefstroom : PU vir CHO (Diktaat 6183).
61. LYON, ROWEN & HAMEROW. 1969. A History of the Western World. Chicago : Rand Mc Nally.
62. MALAN, C. 1988. Veilige boeke knou onderrig. Insig : 18-19, Feb.
63. MARSLAND, D. 1988. Education in defeat. International Freedom Foundation occasional paper No. 1 (31 p.) UNESCO.
64. MC CORD, J.J. 1952. South African Struggle. Pretoria : De Bussy.

65. MC SHERRY, MARY, 1989. You can't go home again. National Review : 37-38, Des. 22.
66. MOON, P.T. 1961. Imperialism and world politics. New York : The Macmillan company.
67. MORTON, C. 1979. The wider perspective. The Transvaal educational news : p. 16-17, Jul.
68. MULLER, C.F.J.. 1975. Die groot Trektydperk 1834-1854. (In Muller, C.F.J. red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academia. p. 149-184).
69. MYEZA, M. 1988. Quo Vadis Black education? True Love : 8, Jun.
70. NIMOCKS, W. 1970. Milner's young men. London : Hodder & Stoughton.
71. PETERS, T.J. & WATERMAN, R.H. 1984. In search of excellence. USA : Warner Books.
72. PISTORIUS, P. 1982. Gister en vandag in die opvoeding. Potchefstroom : Pro Rege.
73. PISTORIUS, P. 1984. Padlangs met die Pedagogiek. Potchefstroom : Pro Rege.
74. PORTER, P. 1975. Political socialization and alternative schools. Education, research and perspectives. 2(1) 25-35, Jun.
75. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die onderwys. Pretoria. 223 p. (Onderzoek na die onderwys, nr. 1.) (Voorsitter : J.P. de Lange.)

76. RÄDEL, F. & REYNDERS, H.J.J. 1971. Inleiding tot die Bedryfseonomie. Pretoria : J.L. Van Schaik Beperk.
77. RAMIREZ, V. 1988. Castro's Cuba. Socio-economic conditions. (In Cuba-Africa : Quo Vadis? Regeeraat gelewer by 'n simposium van die Instituut vir Amerikaanse studies van die Randse Afrikaanse Universiteit gehou op 25 November 1988 te Pretoria. Pretoria. p. 28.)
78. RUMMEL, R.J. 1989. Red holocaust. Aida Parker Newsletter, 125 : 4-7, Jan/Feb.
79. RUPERTI, R.M. 1977. Die onderwysstelsel in Suid-Afrika. Pretoria : J.L. Van Schaick.
80. SCHOLTZ, G.D. 1978. Afrikaner waarheen? Johannesburg : Perskor.
81. SMITH, D.C. 1986. Academeocracy : A critical analysis of higher, adult and non-traditional education in contemporary Taiwan. West Virginia University. 187p. (Fotokopie - R.G.N. (ERIC) ED 270360, SO 017176), Apr.
82. SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKKE EN ONTWIKKELING. 1980. Dinamiese verandering in Suid-Afrika. Pretoria : Staatsdrukker.
83. SOUTH AFRICA (REPUBLIC). DEPARTMENT OF INFORMATION. 1974. Multi-national development in South Africa. The reality. Pretoria : State Departement of Information.
84. SOUTH AFRICA (REPUBLIC). 1986. Reprint from official yearbook. Education. Pretoria : Government Printer.
85. STATE DEPARTMENT OF INFORMATION. 1974. Multi-national development in South Africa. Printed in the Netherlands.

86. STEYN, H.J. 1984. Kultuurdifferensiasie in die onderwys (Navorsingsverslag as onderdeel van die RGN/PU vir CHO-navorsingsprojek 'Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys' van die departement Fundamentele Opvoedkunde, PU vir CHO) : 1-52, Aug.
87. STEYN, H.J. & MALAO, J. 1986. Determinants of the educational systems of Bophuthatswana and Botswana. Potchefstroom : PU vir CHO. 40 p. (Diktaat 123/86).
88. STEYN, H.J. & STEYN, E.S.C. 1988. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Potchefstroom : Pro Rege.
89. STEYN, H.J. 1989. Riglyne vir onderwysstelselstudie. Potchefstroom : PU vir CHO. 83 p. (Diktaat D184/89).
90. STEYN, I.N. s.j. Kurrikulumteorie. 'n Leer- en werkboek. Bailliepark : Promedia Publikasies.
91. STEYN, J.F. 1985. Die plek van die georganiseerde onderwysprofessie in 'n nuwe onderwysbedeling. Die Vrystaatse Onderwyser, 75(5) : 9-19, Mei.
92. STONE, H.J.S. 1984. Gemeenskaplikheid en diversiteit. Johannesburg : Mc Graw-Hill.
93. SUN YAT-SEN, 1953. San Min Chu I. The Three Principles of the People. Republic of China : China Publishing Co.
94. SWART, M.J. 1982. Die Afrikaner en sy identiteit. Fokus, 2 : 1-9.
95. THEODORE HSI-EN CHEN. 1983. The educational system. (In James C. Hsiung, ed. The Taiwan experience 1950-1980. New York : American Association for Chinese studies. p. 65-77, Mar.)

96. THOMASHAUSEN, A.E.A.M. 1987. The dismantling of apartheid. Cape Town : Printpak Books.
97. TOFFLER, A. 1971. Future shock. London : Pan Books.
98. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. 1987. Die Geestesweerbareheidsprogram in die sekondêre skool. Nov.
99. TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1990. Blanke onderwys op die knersvlakte. Mondstuk (Maandblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging), 19(215) : 1-8, Mei.
100. TREURNICHT, A.P. 1988. Noodlottige hervorming. Pretoria : Professionele Boekverspreiders.
101. UNESCO. 1958. World Survey of education II. Primary education. Paris : p. 243-252.
102. UNESCO. 1961. World Survey of education III. Secondary education. Paris : p. 358-367.
103. UNESCO. 1966. World Survey of education IV. Higher education. Paris : p. 321-335.
104. VAN DER MERWE, S. 1983. Grondwet '83 in 'n neutedop. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery.
105. VAN DER STOEP, F. 1981. Opvoeding tot identiteitsverwerwing. (In Nel, P.G., red. Afrikanerkultuur. Fondament van vergesig. Universiteit van Pretoria : Promedia Publikasies.
106. VAN DER WALT, J.L. 1988. Die opvoedingshistoriese gedagtes van John H.P. Van der Walt. Potchefstroom : PU vir CHO.
107. VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Bailliepark : Mediapublikasies.

108. VAN DER WATEREN, H. 1979. Kultuur : kleeed van die mens.
Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
109. VAN JAARVELD, F.A. & RADEMEYER, J.I. 1960. Teorie en
metodiek vir Geskiedenisonderrig. Johannesburg :
Voortrekkerspers.
110. VAN SCHALKWYK, O.J. 1988. Die onderwysstelsel, teorie en
praktyk. Alkantrant : Alkanto uitgewers.
111. VAN ZYL, JOAN. 1990. Oop skole : so sal dit u kind raak.
Beeld : 8, Mrt. 28.
112. VAN ZYL, P. 1973. Opvoedkunde. Deel 1. Johannesburg :
Boekhandel De Jong.
113. VAN ZYL, P. 1975. Opvoedkunde, Deel 2. Johannesburg :
Boekhandel De Jong.
114. VERMOOTEN, F. 1957. Argiefjaarboek vir Suid Afrikaanse
geskiedenis. 20(11). Pretoria : Staatsdrukker.
115. VOGELAAR, D. & BREGMAN, C. 1984. School, maatschappy en
cultuur in bijbels licht. Houten : Begeleidingsentrum
Gereformeerd Schoolonderwijs Hendrik Ido Ambacht.
116. WANG, EMILY. 1986. Teacher, 92, recalls the golden years.
Free China Review, 36 (10) : 16-21, Oct.
117. WANG SHENG. 1980. The theory and practice of political
warfare. Taipei, Taiwan, ROC : Fu Hsing Kang College Press.
118. WAYNE LEE, 1987. China Youth Corps, an introduction.
Republic of China : Jih-Sheng Printing Co.

119. WALDNER, MARIECHEN. 1990. Blanke ouers teen onderwysmodelle. Rapport : 2, Jun. 17.
120. WALKER, W. 1978. The bear at the back door. Sandton : Valiant Publishers.
121. WAUGH, P. 1979. 'n Fundamenteel-pedagogiese deurgroning van die problematiek rondom die opdrag aan die Departement van Nasionale Opvoeding (Tak : Kulturbbevordering) ten opsigte van Jeugweerbaarheid in die huidige tydsgewrig by die blanke jeug in die RSA. Port Elizabeth. (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Port Elizabeth.)
122. WESSELS, D.P. 1978. Die internasionale statestruktuur. (IN Barnard, L.D. red., Konflik en orde in internasionale verhoudinge. Johannesburg : Perskor. p. 21-37.)
123. WU TSAI-KUANG. 1987. A study of Communist China's intensification of 'political thought work' among university students. Republic of China : World Anti-Communist League.